

TYDGEES EN OPVOEDING

deur PIETER DANIEL DE VILLIERS

B.Sc., U.O.D., B.Ed.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voltooiing aan die vereistes vir die graad
MAGISTER EDUCATIONIS in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. dr. J.H. van Wyk

Potchefstroom

Januarie 1976

DANKBETUIGING

Die Heer se woord is skeppingsmagtig
wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek - dit staan daar lewenskragtig
Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne
smee verniet hul planne
in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is,
weet wat daar bedag is
en verbreek hul raad.

(Psalm 55:5)

Aan God, deur wie se genade, ek geestelike en lig=
gaamlike gesondheid kon geniet in die bereiking van
hierdie doelwit - alle eer en dank.

'n Opregte woord van dank aan prof. dr. J.H. van Wyk
wat as leier vir my soveel beteken het. U fyn on=
derskeidingsvermoë, grondige onderlegdheid en weten=
skaplike deeglikheid was vir my 'n aansporing.
U simpatieke leiding, u hulp en u bystand word opreg
waardeer.

Ook my dank aan mnr. C.H.S. van der Merwe vir die
waardevolle aanbevelings en taalkundige versorging
van hierdie verhandeling. Ek is deeglik bewus van
die baie tyd en opofferings wat hiermee gepaard ge=
gaan het.

'n Spesiale woord van dank aan mev. B. John vir die
netjiese tik van hierdie verhandeling.

'n Besondere woord van dank aan my swaer, dr. D.G. van der Merwe, vir sy ondersteunende idees en vir sy uitgebreide boekery wat hy goedgunstiglik tot my beskikking gestel het.

Verder wil ek my ouers vir hul belangstelling en aanmoediging bedank. Aan hulle het ek 'n Christelike opvoeding te danke waarsonder die tema van hierdie verhandeling waarskynlik nie my belangstelling sou geprikkel het nie. Vir hulle opofferings en gebede is ek diep dankbaar.

Laastens 'n woord van hartlike dank aan my gesinslede. Sonder my vrou, Susamarie, se liefdevolle aansporing, sou ek hierdie ideaal nooit kon verwezenlik nie.

Ook aan my kinders: Rocco, Kobus en Blanche wil ek baie dankie sê dat, al het hulle dit nie altyd verstaan nie, hulle Pappa se ongeduld so verduur het.

Dit is my bede dat hierdie studie as 'n hulpmiddel vir onderwyskollegas sal dien in die weerbaarmaking van die Afrikanerjeug.

IN U LIG

Opgedra aan my ouers.

Potchefstroom

Januarie 1976

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1: Algemene inleiding, probleem- en taakstelling

1.1 Inleiding 1

1.1.1 Begripsomskrywing 1

- * Tydgees 1
- * Opvoeding 2

1.1.2 Die huidige tydgees van die Weste – 'n historiese perspektief 3

1.2 Probleemstelling 6

1.3 Taakstelling 9

1.3.1 Hipotese 9

1.3.2 Die doelstellinge van hierdie ondersoek 9

1.3.3 Terreinafbakening 10

1.3.4 Die metodes wat in die ondersoek gebruik is 11

1.4 Ordening van die inhoud 12

Hoofstuk 2: Karakterisering van die Kommunisme, Liberalisme en Sekularisme as ak= tuele hedendaagse geestestrominge

2.1 Die Kommunisme – die Christendom beleef 'n krisisuur 14

2.2 Die wese van Kommunisme 16

2.2.1 Wat is Kommunisme? 16

2.2.2 Die basiese leerstellinge van Sowjet- Kommunisme 17

- 2.3 Kommuniste - 'n bedreiging 24
- 2.4 Die program van aksie en metodes wat die kommuniste aanwend 28
- 2.5 Die kommunistiese siening i.v.m. sedelikheid 30
- 2.6 Kommunistiese infiltrasie in die Weste 33
- 2.7 Woordspeling - 'n belangrike kommunistiese hulpmiddel 36
- 2.8 Frontorganisasies - bevorder die kommunistiese ideaal 39
- 2.9 Die internasionale geldmag - en die verband met Kommuniste 40
- 2.10 Kommuniste skuil dikwels agter Liberalisme 41
- 2.11 Die Kommuniste - loods 'n geestelike aanslag teen Suid-Afrika 42
- 2.12 Die taak van die opvoeder teen hierdie ideologiese aanslag 45
- 2.13 Die Liberalisme 48
 - 2.13.1 Wat is Liberalisme? 48
 - 2.13.2 Liberalisme bedreig die Christendom 50
 - 2.13.3 'n Aksentverskuiwing in die Liberalisme 52
 - 2.13.4 Die Liberalisme en ander ideologieë strewe na gelykheid 52
 - 2.13.5 Liberalisme ondermyn 'n volk se moraal 55
 - 2.13.6 Die Liberalisme is 'n voorganger vir die Kommuniste 56
 - 2.13.7 Liberalisme 'n verskynsel van die tydges - 'n bedreiging vir die jeug 58
- 2.14 Sekularisme 61

- 2.14.1 'n Omskrywing van die begrip 61
- 2.14.2 Sekularisme 'n tipiese uitdrukking van die hedendaagse tydgees 63
- 2.14.3 Kenmerke van 'n sekularistiese tydgees 66
- 2.14.4 Sedelike verval – die gevolge van sekularisasie 67
- 2.14.5 Dwelmmiddelmisbruik – sekularisasie 'n moontlike oorsaak 70
- 2.14.6 'n "Nuwe mens" – die resultaat van 'n sekularistiese tydgees 75
- 2.15 Samevatting 77

Hoofstuk 3: Karakterisering van die "New Left" (Nieu-Radikalisme, of Nieu-Marxisme) as aktuele denkstroming

- 3.1 'n Omskrywing van die geestestroming "New Left" 85
- 3.2 Kritiek teenoor die wetenskap en tegnologie 89
- 3.3 Die wysgerige agtergrond van die "New Left" 90
 - 3.3.1 Die bydrae van Horkheimer, Marcuse, en andere tot die wysgerige agtergrond van die "New Left" 93
- 3.4 Die "New Left" – 'n kenmerk van die tydgees 103
- 3.5 Bondgenote van die "New Left" 105
 - 3.5.1 Humanisme en die sogenaamde "Social Gospel" 105
 - 3.5.2 "Sensitiwiteitsopleiding" – 'n metode aangewend deur die "New Left" om hulle doel te bereik 108

3.5.3 Kuns en "rock"-musiek die medium
waardeur die "New Left" sy filoso=
fiese beskouings oordra aan die jeug 114

3.6 Slotopmerking 125

3.7 Samevatting 126

Hoofstuk 4: Geestesweerbaarheid bied 'n
oplossing teen die ideologiese
aanslae van die tydgees

4.1 Die noodsaaklikheid vir weerbaarmaking 130

4.2 Enkele begrippe i.v.m. weerbaarmaking 135

4.2.1 Jeug 135

4.2.2 Jeugweerbaarheid of geestesweer=
baarheid 136

4.3 Die betekenis van die begrip weerbaarheid
vir die opvoeder in die opvoedingshandel=
ing 140

4.4 Die praktiese profiel van 'n persoon wat
geestesweerbaar is - 'n moontlike riglyn 143

4.5 Die jeugweerbaarheidsprogram in die
sekondêre skole in Transvaal 145

4.6 Enkele knelpunte in hierdie voorgestelde
jeugweerbaarheidsprogram 155

4.7 Die regverdiging vir 'n weerbaarheids=
program 160

4.8 Samevatting 161

Hoofstuk 5: Enkele bydraes van die ouers,
skool en kerk tot weerbaarmaking
van die kind

5.1 Weerbaarmaking is die verantwoordelik=
heid van die ouer, skool en kerk 164

- 5.2 Die posisie van die gesin m.b.t. ander opvoedingsinstansies in die weerbaar= makingshandeling 165
- 5.3 Identiteitsverwerwing vind primêr in die gesinsituasie plaas 167
- 5.4 Enkele bydraes van die ouerhuis t.o.v. weerbaarmaking (positiewe opvoeding) 171
 - 5.4.1 Ouerliefde 'n voorvereiste vir op= voeding 172
 - 5.4.2 Die kind se eerste kennismaking met gesag is in die ouerhuis 175
 - 5.4.3 Ouerlike voorbeeld; 'n voorwaarde vir opvoeding (weerbaarmaking) 179
 - 5.4.4 Die godsdienstige opvoeding – die belangrikste bydrae van die ouerhuis tot weerbaarmaking 182
 - 5.4.5 Sedelike vorming deur die huisgesin – 'n primêre vereiste vir weerbaarmaking 186
 - 5.4.6 Estetiese vorming deur die ouerhuis – 'n belangrike opvoedingstaak tot die totaliteit van menswees 194
 - 5.4.7 Die bydrae van korrekte vryetydsbe= steding tot die weerbaarmaking van die kind – die ouer se verantwoorde= likheid 197
- 5.5 Die rol wat die ouer kan vervul in die vorming van 'n georganiseerde Christelik= opvoedingswetenskaplike teenbeweging teen vreemde ideologiese denke wat die jeug bedreig 203
- 5.6 Slotopmerking i.v.m. die ouer se taak tot geestelike weerbaarmaking 204
- 5.7 Enkele bydraes van die (Afrikaanse) sekondêre skool tot die opvoeding en weerbaarmaking van die jeug 207
 - 5.7.1 Die C.N.O.-karakter van die sekondêre skool – 'n vereiste vir die weerbaar=

- making van die jeug 208
- 5.7.2 Die bydrae van die Christenonderwyser tot opvoeding en weerbaarmaking van die jeug 212
 - 5.7.2.1 Sy taak en roeping 212
 - 5.7.2.2 Enkele noodsaaklike karakterkenmerke van die Christenonderwyser ('n moontlike riglyn tot weerbaarmaking) 216
- 5.7.3 Die taak van die skool en die onderwyser teen die ideologiese aanslae van die tydgees 218
- 5.7.4 Seksuele opvoeding – die skool se taak in hierdie verband 221
- 5.7.5 Die uitoefening van gesag en dissipline deur die skool – 'n bydrae tot weerbaarmaking 224
 - 5.7.5.1 Die verband tussen gesag en vryheid 224
 - 5.7.5.2 Die tugvraagstuk op skool 225
- 5.8 Enkele bydraes van die drie reformatoriese Afrikaanse kerke tot die weerbaarmaking van die jeug 229
 - 5.8.1 Die taak van die kerk met betrekking tot die skool 229
 - 5.8.2 Intensiewe kategetiese onderrig deur die kerk – 'n noodsaaklike vereiste tot weerbaarmaking 232
 - 5.8.3 Slotopmerking 236
- 5.9 Samevatting 238
- Hoofstuk 6: 'n Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings
- 6.1 Samevatting 244

6.2	Gevolgtrekkings	247
6.3	Aanbevelings	249
	Summary	252
	Geraadpleegde bronne	255

HOOFSTUK 1

1. ALGEMENE INLEIDING, PROBLEEM- EN TAAKSTELLING

1.1 Inleiding

1.1.1 Begripsomskrywing

• Tydgees

Die begrip tydgees is moeilik definieerbaar. Dit kan egter omskrywe word deur 'n ontleding te maak van die betekenis van die komponente, nl. gees en tyd.

In sy omskrywing van die woord "gees" sê Van der Walt: "'n Mens kan dit nie met 'n liniaal meet nie; jy kan dit nie op 'n weegskaal weeg nie; jy kan dit nie in 'n proefbuis ontleed nie --- maar dit is dáár, hierdie gees, onmiskienbaar en deurslaggewend".¹⁾

Wanneer 'n mens 'n huis betree, voel hy dít aan. Hier heers 'n gees van saamhorigheid, liefde en geluk – of ... hier is probleme, bv. die dood van 'n familielid. In 'n ontmoeting tussen twee persone is daar onmiddellik wedersydse vertroue of wantroue. Van der Walt sê: "Dit is gees – ongrypbaar, ontasbaar, maar dáár en lewensbelangrik. Die kleur, nie van jou oë nie, maar van jou lewe; die ritme, nie

1) Van der Walt, T. Jong Suid-Afrika en die tydsgees, p.1.

van musiek nie, maar van jou geloof; die tendens, nie van 'n boek nie, maar van jou doen en late. Dít is die polsslag, die strekking, die toon, die atmosfeer, die karakter van 'n mens se lewe, van 'n samelewing se lewensstyl, van 'n bepaalde periode se gees."²⁾

Onder die komponent "tyd" word verstaan die tendens of leefwyses wat kenmerkend is van 'n bepaalde tyds= gewrig. Elke tydvak in die mens se aardse bestaan, het sy eie aard, sy eie karakter en sy eie aksent. Die woord tydgees behels dus die geestelike tendense wat kenmerkend is van 'n bepaalde periode of tydperk.

• Opvoeding

Daar is verskillende omskrywinge van die begrip opvoeding. Vir die doel van hierdie verhandeling word volstaan met Van Wyk se siening. Hy omskrywe opvoeding soos volg: "In die algemeen kan ons opvoeding sien as 'n handeling (nie 'n proses) tussen twee of meer persone, enersyds die opvoeder, andersyds die opvoedeling; eersgenoemde rig sy handeling opsetlik en deur roeping gedring op laasgenoemde met die bedoeling om toe te rus, te help, te lei en oor te haal tot betekenisvolle, bewuste, vrywillige, verantwoordelike en roepingsbewuste aanvaarding van sy lewenstaak."³⁾

2) Ibid., p.2.

3) Van Wyk, J.H. Religie, opvoedkunde en opvoeding, p. 51.

1.1.2 Die huidige tydgees van die Weste – 'n historiese perspektief

Die tydgees van die negentiende eeu was gekenmerk deur goedkoop optimisme en oppervlakkige Liberalisme. Op die natuurwetenskaplike terrein het die mens geweldige vordering gemaak. Die mens het geglo dat dit net 'n kwessie van tyd sou wees alvorens 'n Utopia hier op aarde geskep sou word. God was volgens hulle nie nodig nie – sonde is beskou as onkunde. Onderwys en volksoopvoeding was by magte om alles hier op die aarde reg te stel. Fatsoenlikheid, eerder as diepte, kenmerk die tipiese liberale godsdiensoopvattinge van die negentiende eeu.⁴⁾

Tot en met die aanbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914) het hierdie tydgees van die negentiende eeu bly voortduur. I.p.v. 'n aardse Utopia, het die hel hier op aarde neergedaal. Die "beskaafste" en "verligste" volke het mekaar vernietig. Voordat die mens van hierdie skok kon herstel, breek die Tweede Wêreldoorlog (1939) in al sy felheid los. Die wreedste dade denkbaar word gepleeg deur "beskaafde," "verfynde" en "ontwikkelde mense." Na 1945 gee die mag van kernwapens aanleiding tot die sg. koue oorlog. 'n Nasionalistiese gevoel word kenmerkend van die volke van Afrika en Asië. Sjina ontwaak en Korea, Hongarye, Viëtnam en die Midde-Ooste word

4) Van der Walt, T. op. cit., p.3.

brandpunte wat wêreldvrede bedreig.⁵⁾

Die optimistiese mens van die negentiende eeu met sy kinderlike geloof in vooruitgang, is in die laat twintigste eeu moedeloos en ontnugter. Die mens aanvaar nou dat sonde 'n werklikheid is, maar net soos die geval in die negentiende eeu was, is daar in die twintigste eeu nog geen plek vir God en sy gebod nie. Die mens glo dat alles so hulpeloos en verlore is dat "selfs God" geen uitkoms kan bied nie. 'n Eksistensialistiese lewensbeskouing neem besit van die mens.⁶⁾

Ongeveer vyf en twintig tot dertig jaar na die Tweede Wêreldoorlog bevind 'n nuwe geslag (wat die oorlog self nie geken het nie) hulle midde in die huidige tydsgewrig. Hierdie derde tydvak waarin die mens (opvoeder en opvoedeling) homself bevind, is 'n oorgangstydperk met vreemde idees en kombinasies van oud en nuut. Die mens ondervind nog steeds 'n mate van wanhoop, wat so kenmerkend was van die tydgees van die eerste helfte van die twintigste eeu. Die mens besef dat dit wat vorige geslagte moeisaam oor 'n lang tydperk verwesenlik het, "binne sekondes" afgetakel en vernietig is. 'n "Nuwe mens", skaamteloos en ongevoelig; 'n aartsvyand van die bestaande maatskaplike orde, tree te voorskyn. Hy beweer die

5) Ibid., pp.3-4.

6) Ibid., p.4.

status quo is korrupt en moet vernietig word. Die mens rebelleer sonder 'n manifest, en verwerp sonder dat hy iets in die plek daarvan stel.⁷⁾

Alhoewel die wetenskap en die tegnologie gedurende die laat twintigste eeu nog tot groter hoogtes uitstyg, en daar tog nog iets van die optimisme van die negentiende eeu onder mense waarneembaar is, is dit ooglopend oppervlakkig. Dit wil voorkom asof die rewolusionêre gedagte, die vernielsug, besig is om te seëvier. Tereg sê Van der Walt: "Soos Griekeland en Rome vanouds nie dadelik geval het toe hulle senuwees ingegee het en hulle moreel bankrot gespeel het nie, so skitter en blink dit nog – maar tot hoelank?"⁸⁾

Die verbanne Russiese skrywer en Nobelpryswenner – Alexander Solzjenitsin wys op hierdie gevaar wanneer hy sê:

"Die Derde Wêreldoorlog is so te sê iets van die verlede en die Weste het dit onherroepelik verloor. Niemand het skynbaar begryp dat die oorlog – anders as die vorige – stil-stil oor ons toegeslaan het nie. Hierdie keer was daar nie die gerammel van oorlogstenks, die gedreun van duisende vliegtuie, die verbreking van diplomatieke betrekkinge om dit aan te kondig nie." Hy sê verder:

7) Ibid., p.5.

8) Loc. cit.

"Onsigbaar, slu het die oorlog gewoed onder dekman=tels van koue oorlog, vreedsame naasbestaan, normalisasie, realiteitspolitiek, detênte of handelsoor=eenkomste wat die aggressor bevoordeel het.

"In sy pogings om 'n Derde Wêreldoorlog ten alle koste te vermy, het die Weste juis toegelaat dat die ergste gebeur.

"Die oorlog het begin onmiddellik ná die Tweede Wêreldoorlog."⁹⁾

1.2 Probleemstelling

Probleme waarmee die opvoeder en opvoedeling o.a. te kampe het in die huidige tydvak, vind hulle oorsprong in die tydgees.

Die tydgees van die laat twintigste eeu word gekenmerk deur die volgende:

- * vreemde gedagtes en ideologiese denkstrominge wat 'n bedreiging inhou vir die Christendom;
- * revolusionêre veranderinge op talle terreine;
- * morele en sedelike verval – mense wat hulle byna alles veroorloof op sedelike gebied;

9) Solzjenitsin, A.I. ' Derde Wêreldoorlog is reeds verloor – hoe kan vierde gekeer word? Die Transvaler, 2 Julie 1975, p.11.

- * mense wat hulle geloof in Christus prysgee en elders op soek is na antwoorde op basiese lewensvrae;
- * die aardse—die "hier" en die "nou" wat die einddoel vir baie mense geword het;
- * Bybelse norme wat verwerp en vervang word met menslike norme.

As gevolg van bogenoemde, word volke en nasies nie deur wapengeweld nie, maar geestelik verower. Van subtiele metodes word gebruik gemaak om die kulturele en geestelike erfenis van volkere te ondergrawe. Dit is 'n stryd wat gaan oor die denke, die gees en die loyaliteit van die mens. Omdat die Christendom deur die eeue heen die vesting was wat rigting aan die mens en die wêreld gegee het, is hierdie aanslag veral teen die Christendom gerig, want 'n aardse Utopia word die einddoel vir die bedreigers van die Christendom.

Aanhangers van vreemde ideologieë is bewus van die feit dat 'n verlies aan nasionale erfenis, identiteit en loyaliteit weerloosheid tot gevolg het. Oorlog en wapengeweld sal nie meer nodig wees, indien die mens geestelik en fisies lamgelê kan word nie. Daarom word die revolusionêre aanslag (die tradisionele metode waarvolgens veranderinge te weeg gebring is), vervang met 'n evolusionêre aanslag.

Die verkondigers van die "nuwe rewolusie" wil dan alle sedelike, kulturele en godsdienstige opvattinge — die hele leefwyse van die Weste — vernietig. Hierdie aanhangers van aktuele, ideologiese denkstrominge spits hulle veral op die jeug toe. Die jeugdige, die onvolwassene, is nog nie by magte om 'n keuse te maak ooreenkomstig sy lewensbeskouing nie. 'n Volk se toekoms is gebou op sy jeug. Diegene wat daarin slaag om die jeug te verwar, sal die volk maklik verower.

In hierdie onrustige gees, in hierdie maalstroom van vreemde opvattinge, bevind die Christenopvoeder (ouer, onderwyser en predikant) homself. Die opvoeder sal in die opvoedingshandeling rekening met die tydgees moet hou. Hy sal die tydgees moet ken en verstaan, want sake soos: miskenning van Skrif=tuurlike norme, opstand teen gesag, rewolusie, verabsoluttering van geweld en seks, dwelmmiddelmisbruik en sensitiwiteitsopleiding is kenmerkend van die tydgees.

Die opvoeder sal by magte moet wees om in hierdie verwarde wêreld die jeug weerbaar te maak teen dit wat die jeug en die Christendom bedreig. Die opvoeder sal in staat moet wees om riglyne te kan aantoon sodat die opvoedeling die Christelike lewens- en wêreldbeskouing sy eie sal kan maak.

Die omvang van die probleem is so groot, dat nie slegs enkele opvoeders nie, maar die hele gemeenskap, hierby betrek moet wees.

1.3 Taakstelling

1.3.1 Hipotese

Die blanke Afrikanerjeug is nie uitgesluit wanneer vreemde ideologieë hulle subtiele aanslag teen die Afrikaner en sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing loods nie. Alhoewel die opvoeders (ouers, onderwysers en predikante) nog veel het om op te roem, wil dit voorkom asof die gees en moraal van baie jong mense reeds deur vreemde denke beïnvloed is. Dit wil voorkom asof die jeug van die toekoms aan nog groter eise onderwerp sal word.

Slegs jongmense wat toegerus is met 'n Christelike lewensbeskouing sal in staat wees om hulle te kan verweer teen die bedreiging wat vreemde denkstrominge inhou. Weerbaarmaking moet die ideaal wees van elke opvoeder.

1.3.2 Die doelstellinge van hierdie ondersoek

Die doelstellinge van hierdie ondersoek kan soos volg geformuleer word:

Om 'n ontleding te maak van enkele aktuele geestestrominge wat hulle ten doel stel om die Christeli-

ke lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikanerjeug af te takel en te vernietig;

om kortliks aan te toon in hoeverre hierdie ideologieë reeds suksesvol toegepas is;

om die aandag te vestig op die noodsaaklikheid van weerbaarmaking (veral wat reeds deur onderwysowerhede in hierdie verband gedoen is);

om klem te lê op die bydrae van die ouer, die skool en die kerk in die geestelike weerbaarmaking van die jeug;

om enkele riglyne aan te toon wat as hulp mag dien vir opvoeders in die weerbaarmakingshandeling.

1.3.3 Terreinafbakening

In die geestelike aftakeling van die Afrikanerjeug het opvoeders nie slegs te make met 'n enkele ideologiese denkrigting nie. Dit is inderwaarheid 'n kombinasie van ideologieë wat subtiel; dog meedoënloos, meewerk om die kulturele erfenis van die jeug te vernietig.

Vir die doel van hierdie verhandeling word daar gepoog, om sekere aktuele denkstrominge uit te sonder wat bogenoemde as ideaal voorhou. Daar word gewys dat die Kommunisme, die Liberalisme, die Sekularisme en die "New Leftisme" 'n indirekte of direkte bydrae tot die vernietiging van die status quo lewer. Daar word kortliks 'n ontleding van hierdie

ideologieë gemaak en gewys in watter mate hulle reeds inslag onder die jeug gevind het.

Daar word ook van die standpunt uitgegaan dat die Christelike lewens- en wêreldbeskouing die grondslag vir geestelike weerbaarheid vorm en dat geestelike weerbaarheid die antwoord bied op die gevare van hierdie denkstrominge. Verder word daar aangetoon wat reeds deur onderwysowerhede in die R.S.A. in hierdie verband gedoen is. Ook word daar gewys op enkele knelpunte in die bestaande geestesweerbaarheidsprogram soos aangebied deur sekondêre skole in die R.S.A.

Alhoewel geestesweerbaarheid nie slegs die verantwoordelikheid van enkele opvoeders is nie, maar 'n aksie wat deur die hele gemeenskap behartig moet word, word daar in hierdie verhandeling veral klem gelê op enkele bydraes van die ouer, die skool en die kerk tot die geestelike weerbaarmaking van die jeug. Verder word riglyne aangetoon wat as hulpmiddel mag dien in hierdie geestelike weerbaarmakingstaak.

1.3.4 Die metodes wat in die ondersoek gebruik is

Tien jaar onderwyservaring, 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing en 'n leeskenis van die probleem, het 'n bydrae gelewer tot die ondersoek. Dit het ook as aansporing gedien vir die voltooiing van hier=

die verhandeling. Dit was egter nie genoegsaam nie. Vir die doel van hierdie verhandeling is 'n breë bronnestudie gemaak wat as basis vir wetenskaplike navorsing kon dien.

In die karakterisering van enkele aktuele hedendaagse geestestrominge en dit wat hulle as ideaal voorhou, is van wysgerige en historiese metodes van navorsing gebruik gemaak. Dit is hoofsaaklik aan die hand van primêre en sekondêre bronne gedoen.

Gegewens i.v.m. die bestaande jeugweerbaarheidsprogram (geestesweerbaarheidsprogram), knelpunte in hierdie verband en die bydraes wat die ouer, die skool en die kerk tot weerbaarmaking kan lewer, is ewe-eens uit primêre en sekondêre bronne verkry.

Daar is vir die onderhawige navorsing vrylik uit 'n groot aantal kontemporêre artikels, toesprake, menings, radiopraatjies, ens., wat as agtergrond kon dien, geput.

1.4 Ordering van die inhoud

Die inhoud van die verhandeling is kortliks soos volg saamgestel:

In die inleidende hoofstuk (hoofstuk 1) word die begrippe tydgees en opvoeding kortliks omskryf. Verder bevat dit 'n kort historiese agtergrond van

die huidige tydgees. Die probleem word gestel en 'n uiteensetting van die taak word gegee.

In hoofstuk twee word die Kommunisme, die Liberalisme en die Sekularisme gekarakteriseer as hedendaagse geestestrominge. Daar word ook aangetoon in watter mate hierdie denkstrominge reeds inslag gevind het. Enkele riglyne vir weerbaarmaking word aangetoon.

Hoofstuk drie handel oor die "New Leftisme" as aktuele denkstroming. Dit bevat 'n ontleding van die filosofie van hierdie gedagterigting en die bydrae wat hierdie filosofie lewer tot die aftakeling van die status quo.

In hoofstuk vier word geestelike weerbaarheid gesien as moontlike teëvoeter vir bogenoemde ideologiese aanslae. Daar word aangetoon wat reeds in sekondêre skole in die R.S.A. gedoen word. Daar word gewys op enkele knelpunte in hierdie verband en enkele aanbevelings word gemaak.

Hoofstuk vyf handel oor enkele bydraes van die ouer, die skool en die kerk tot die vorming van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing by die jeug (weerbaarmaking van die jeug).

Hoofstuk ses is 'n samevattende, konkluderende en vertolkende hoofstuk.

HOOFSTUK 2

2. KARAKTERISERING VAN DIE KOMMUNISME, LIBERALISME EN SEKULARISME AS AKTUELE HEDENDAAGSE GEESTESTROMINGE

Ten einde die taak van die moderne opvoeder beter te kan begryp, is dit noodsaaklik om eers die omvang en aard van enkele ideologiese aanslae teen die maatskappy te identifiseer. Eers dan sal die Christenopvoeder 'n plan van aksie of verweer suksesvol van stapel kan stuur.

2.1 Die Kommunisme - die Christendom beleef 'n krisisuur

Wanneer die mens 'n ontleding maak van die morele krisis waarin die wêreld hom vandag bevind, kom hy tot die besef dat die Christendom sedert sy ontstaan nog nooit deur so 'n ernstige krisis bedreig is nie.¹⁾

Die Kommunisme is 'n aktuele geestestroming wat hom ten doel stel om die hele Westerse wêreld en die Christendom te verower. Die R.S.A., en veral sy jeug, het die prooi geword van hierdie ideologiese aanslag.

1) Kotzee, A.L. T.O.D. Omsendminuut, nr. 6, 1972, p.5.

Dit baat niks om Kommunisme af te keur sonder om dit werklik te verstaan nie. Dikwels berus afkeuring op 'n verkeerde voorstelling van die Kommunisme. Om werklik 'n doeltreffende teenaksie teen Kommunisme te kan loods, moet 'n deeglike ontleding van hierdie belangrike denkstroming gemaak word. Geen lewensfilosofie het sommer spontaan sy verskyning gemaak nie. Elke wysgerige stelsel of lewensbeskouing is op 'n bepaalde konfliktsituasie gegrondves. So 'n stelsel is 'n poging om konflikte en menslike probleme gedurende 'n bepaalde tydskeduur van die geskiedenis te oorbrug.²⁾

Die verbete fanatisme van die Kommunisme kan dus slegs begryp word indien die mens 'n grondige studie van hierdie denkstroming maak.

Die Christen sal dan tot die besef kom dat Kommunisme soos kanker is: 'n individu se voortbestaan word bedreig deur kanker – 'n hele gemeenskap se voortbestaan word bedreig deur Kommunisme. Die onheilswerk word in albei gevalle so verrig dat wanneer die gevaar ontdek word, dit reeds te laat is om die toestand te red.³⁾

2) Rauche, G.A. Die verskynsel van die Wêreldkommunisme. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 14 (1): p.4, Maart 1974.

3) S.A.U.K. Spore van Kommunisme, p.31.

Die Kommunistiese Party se struktuur en optrede kan in baie opsigte met 'n ysberg vergelyk word. Bo-
kant die water is 'n gedeelte sigbaar, maar onder
die water lê die dodelike, gevaarliker gedeelte –
juis omdat dit nie sigbaar is nie. Die posisie is
ook hier in Suid-Afrika bereik dat die ysberg ver=
dwyn het agter 'n digte mis van sluwe valse propa=
ganda, bedrog en misleiding.⁴⁾

2.2 Die wese van Kommunisme

2.2.1 Wat is Kommunisme?

Die -isme van Kommunisme dui op 'n ideologie.
Kotzé omskrywe die begrip ideologie soos volg:
"'n Ideologie kan beskryf word as 'n gedagtesisteem
of lewenshouding waarin 'n bepaalde beginsel sen=
traal geplaas word. Daar word aanvaar dat die be=
trokke idee, beginsel of verskynsel, meer as enige
iets anders, aan die mens 'n gevoel van eie waarde,
veiligheid, geluk, rus, vrede en hoop vir die toe=
koms verskaf.

"Die Kommunisme is 'n gedagtesisteem of lewenshou=
ding waarin die beginsel kommunis (d.i. gemeenskap=
lik) sentraal geplaas word."⁵⁾

4) Van den Berg, H.J. Sabotasie in Suid-Afrika.
(In Vorster, J.D. e.a. Oorlog om die volksiel,
Sept. 1966, p.44.) Die ou spreekwoord is ook
hier van toepassing: "Jakkals verander van haar,
maar nooit nie van snaar."

5) Kotzé, D.J. Soeklig op die Kommunisme, p.4.

Die begrip "Kommunisme" het in Suid-Afrika 'n huis=
houdelike woord geword. As gevolg van die wange=
bruik van hierdie woord het mense heel dikwels ge=
beurtenisse verkeerdelik as kommunisties van oor=
sprong gestigmatiseer. In die wêreld bestaan daar
tans twee hoof ideologiese strominge binne die kom=
munistiese ideologie. Dit is die Russiese of Sow=
jet-Kommunisme en die Chinese Kommunisme of Maoïsme.
Alhoewel hierdie genoemde twee strominge beide die
Kommunisme wil bevorder, bestaan daar tog belangrike
onderlinge ideologiese verskille.⁶⁾

Sowel die Sowjet- as die Chinese Kommunisme maak 'n
besondere appél op die Weste, in besonder Suid-Afri=
ka. Die Chinese Kommunisme se werksmetode is meer
aggressief, meer revolusionêr en kan dus redelik
maklik geïdentifiseer word. Die Sowjet-Kommunisme
se resente werksprogram is meer evolusionêr van aard.
Hulle stel hulle ten doel om stelselmatig en gelei=
delik die Weste in te sluk. Daar word juis in hier=
die subtiële evolusionêre aanslag van die Sowjet-
Kommunisme groot gevare gesien. Vir die doel van
hierdie verhandeling word slegs aandag gegee aan
die Sowjet-Kommunisme.

2.2.2 Die basiese leerstellinge van Sowjet-Kommunisme

Die mens bevraagteken dikwels sy eie bestaan, sy oor=

6) De Villiers, C.F. e.a. Die Kommunisme in aksie,
p.18. Daar bestaan ook kleiner kommunistiese stro=
minge soos o.a. Titoïsme, soos uitgebou deur Josef
Tito in Joegoslavië.

sprong en doel. Hierdie vrae rig die mens tot sy medemens en die wêreld waarin hy lewe. Vir die Christen bestaan daar geen probleme om hierdie vrae te beantwoord nie. Die Christen weet en glo dat alle dinge uit God en deur God en tot God is. Kommunisme, daarenteen, is volkome atefisties en God moet, volgens die Partydogma, heeltemal uit hulle denkwêreld verdwyn. As gevolg hiervan bestaan daar nou 'n hele rits onopgeloste vrae vir die kommuniste. Die antwoorde hierop vind die Russiese kommuniste in die basiese leerstellinge van die Sowjet-Kommunisme wat deur Marx opgestel is en verder deur Lenin ontwikkel is.⁷⁾

Die leerstellinge van Marx en Lenin (Marxisme-Leninisme) bestaan uit vyf basiese stellings wat weer elkeen op sy beurt onderverdeel word. Die belangrikste van hierdie stellings is, die "dialektiese en historiese materialisme" soms verkort as die "dialektiese materialisme". Hierin word die "godsdienst" van die kommunisme saamgevat – die sogenaamde "bewegingswette" wat hierin verskyn moet die wese van die mens en sy leefwêreld verklaar.⁸⁾

Die kerngedagte van hierdie leerstelling van die Marxisme-Leninisme is dat alles in die wêreld uit

7) Ibid., p.19.

8) Loc. cit. Die woord "dialektiek" is van Griekse oorsprong. Dit beteken argument of logiese tweegesprek.

materie bestaan. Stof en krag word as die enigste bestaande erken. Materie is egter nie staties nie. Indien wel, sou dit nie moontlik wees om beweging en ontwikkeling te verklaar nie. Daar moet dus uitgegaan word van die standpunt dat materie innerlik-dinamiese kenmerke vertoon. Materie-in-beweging sluit die natuur, (stof, plant en dier), die mens en die samelewing in. In sy wese is die Sowjet-Kommunisme dus materialisties. Tussen mens en dier glo hulle bestaan daar geen fundamentele verskille nie. Die mens is slegs 'n hoër en dus 'n beter vorm van materie as die dier. 'n Siel of 'n ewige lewe het dus geen bestaansreg volgens die Sowjet-Kommunisme nie.⁹⁾

Vir die kommunis bestaan daar geen God en geen skepping nie en alle bestaande dinge word vanuit die dinge self verklaar. Die kommunis glo dat die wêreld uit sy eie krag ontwikkel. Materie besit teenoorgestelde pole of kragte. Hierdie kragte tree as eenheid binne die materie op, maar werk tog teen mekaar. As gevolg van hierdie innerlike stryd tussen kragte, vind ontwikkeling plaas. Hierdie konflikgedagte neem 'n sentrale posisie in die kommunis se denke in – daarom moet hierdie gedagte ook in die politiek toegepas word. As gevolg van die botsing tussen twee kragte word een van die

9) De Villiers, C.F. e.a. op. cit., p.20. Geen ander lewe as die aardse word deur die Kommunisme erken nie.

twee vernietig en die krag wat oorbly verteenwoordig 'n beter produk, en gevolglik is die produk noodwendig op 'n hoër vlak van ontwikkeling. Die kommunist glo dat twee kragte vir 'n lang tyd in botsing met mekaar kan verkeer. Dit stel 'n evolusie-fase voor — 'n gestadigde ontwikkelingsproses. Evolusie word vervang deur rewolusie sodra een van die kragte oorwin en dit het vinnige ontwikkeling tot gevolg.¹⁰⁾

Die historiese materialisme van Marx, word volgens Van Wyk deur Engels soos volg saamgevat: 'The materialistic conception of history starts from the proposition that the production of the means to support human life and, next to production the exchange of things produced, is the basis of all social structure; that in every society that has appeared in history, the manner in which wealth is distributed and society divided into classes or or=

10) Loc. cit. Die materialisme van Feuerbach het Marx geïnspireer om stof en krag as die enigste bestaande te erken. God of 'n geestelike bestaan word deur Feuerbach verwerp. Vir hom is God 'n beeld wat deur mense geskep is. Die Kommunisme gryp juis hierdie idee aan en sien godsdienste as dit waarmee die ryk besittersklas die onderdrukte werkersklas paai en troos. Marx was eerstens revolusionis en nie 'n filosoof nie. Hy wou nie slegs filosofeer oor die mens en die wêreld nie. Sy uitsluitlike doel was om die wêreld te verander. Die dialektiek van Hegel is in sy materialistiese filosofie vervat om daaraan lewenskragtigheid te gee. Aan die rewolusie is nou status verleen deur dit filosofies te fundeer. Die ateïsme van Bauer het verder bygedra tot die lewensbeskouing van Marx.

ders is dependent upon what is produced, how it is produced, and how the products are exchanged. From this point of view the final causes of all social changes and political revolutions are to be sought, not in men's brains, not in man's better insight into eternal truth and justice, but in changes in the modes of production and exchange. They are to be sought, not in philosophy, but in the economics of each particular epoch.'¹¹⁾

Klasgebondenheid is 'n verdere kenmerk van die Sowjet-Kommunisme. Hierin kristalliseer die hele stryd tussen kragte, soos reeds uiteengesit. Dit is nie slegs 'n strewe na politieke mag wat die Kommunisme najaag nie. Vir die kommuniste gaan dit ook om 'n klassestryd. "Moskou" verstaan hieronder dat daar in elke samelewing twee groepe mense is (hierdie mense verkeer gedurig in konflik of stryd met mekaar): Die besittersklas (kapitaliste) en die nie-besitters (arbeiders of proletariaat). Die ontwikkeling op politieke gebied spruit juis voort uit die konflik en stryd tussen hierdie twee klasse.¹²⁾

Vir Marx bestaan daar nie iets soos waarheid en geregtigheid nie. Die verhouding van mens tot mens

11) Van Wyk, J.H. Die Kommunisme. (In *De Klerk*, W.J. e.a. *Roeping en werklikheid*, p.116.)

12) De Villiers, C.F. op. cit., p.21.

word slegs beheer deur metodes van produksie, want die mens moet eers leef en dan kan hy dink. Die mens beskik oor produksiekragte – die mens het die vermoë om te werk en beskik oor 'n magdom kennis en vernuf. Dit is die rede waarom mense met mekaar in produksieverhoudinge verkeer. Die geheel van hierdie produksieverhoudinge vorm die grondslag van die hele lewe. Dit is die sogenaamde "Unterbau" of onderbou. Hierop word die "Überbau" of bobou geskep en dit bestaan uit politieke, ekonomiese en maatskaplike verhoudinge. Wanneer groepe mense daarin slaag om beheer uit te oefen oor die onderbou, skep hulle 'n bobou wat dan slegs hulle eie belange bevorder. So word klasse dan geskep. Rewolusie alleen is by magte om die bobou uit te wis.¹³⁾

Marx beweer dat elke gebeurtenis wat in die wêreld plaasvind (tese), in sigself die antitese, wat tot sy vernietiging lei en waaruit dan iets beters (sin= tese) tot stand kom, bevat. Die "Überbau" is die werk van die bourgeoisie (besittersklas) en dit lei tot klasseverskille. Die klasseverskille is volgens hom die antitese van Kapitalisme – juis dit wat tot sy val moet lei, en waaruit 'n nuwe bedeling tot stand kom. In so 'n bedeling sal mense hulle af=

13) Scholtz, G.D. Die stryd om die wêreld, pp.203-204. Die dialektiese vertolking van die geskiedenis help om die kommunis met 'n verbete fanatisme te besiel.

hanklikheid van mekaar besef.¹⁴⁾

Marx glo dat die Kapitalisme nie hervorm kan word nie – dit moet vernietig word. Die proletariaat of arbeider word onderdruk. Die arbeider word deur die kapitalis tot sy voordeel gebruik en misbruik. Slegs opstand en rewolusie sal die posisie van die proletariaat verlig.

Hierdie rewolusionêre gedagtes van Marx word verder gerugsteun deur sy ekonomiese opvattinge. Hy beweer dat die prys van 'n artikel bepaal word volgens die arbeid daaraan bestee. Met die arbeidsvermoë van die proletariaat word dus hulle daaglikse voortbestaan gekoop. Die bourgeoisie laat die arbeider meer werk as wat nodig is. Dit het tot gevolg wins = te en gepaardgaande uitbuiting.¹⁵⁾

Marx beweer verder dat in 'n nuwe aardse Utopia -- wanneer die werkersklasse regeer -- daar geen klasseverskille sal wees nie. Alle besit sal gemeenskaplike besit wees. Individuele of private besit sal as diefstal beskou word. Waar hierdie kommunistiese ideaal bereik word, daar verdwyn die staat as soewereine instelling.¹⁶⁾

14) Ibid., pp.200-203.

15) Van Wyk, J.H. op. cit., p.117. Die kommunis hou geen rekening met die kapitale belegging en risiko van die betrokke ondernemer nie.

16) Ibid., pp.118-119.

Die maatskaplike orde is dus volgens Marx verrot en dra die kenmerk van uitbuiting. Kapitalisme veg tevergeefs om die behoud hiervan – Kommunisme, die aardse Utopia, is reeds in sig. Alles wat sleg is in die samelewing moet aan die kapitalistiese kap=stok gehang word.¹⁷⁾

Om hierdie "kapitalistiese gruwel" uit te wis, het Marx, geïnspireer deur Engels, in sy Kommunistiese Manifes in Februarie 1848 die arbeiders van die wêreld tot rewolusie aangespoor.

2.3 Kommunisme – 'n bedreiging

Die Kommunisme wil alle skeidslyne tussen mense wat op nasionaliteit, taal, volk, aanleg, intelligensie en ras berus, verbreek. Hulle erken slegs twee groepe mense: dié groep wat hulle medemens uitbuit en dié groep wat daaronder ly. Mense word dus, volgens hulle, saamgebind in 'n groep, nie omdat hulle van 'n besondere nasionaliteit is nie, maar omdat hulle proletariërs is.

Die Calvinis glo dat mense skepsele van God is: ge=lykwaardig maar verskillend. Hierdie verskille kom juis na vore in die verskeidenheid t.o.v. volk, taal, kultuur en aanleg. Die Calvinis glo dat nie

17) Van Wyk, J.H. op. cit., p.116.

net die individu 'n roeping het nie, maar ook die volk.

Dr. J.D. Vorster sien in Kommunisme 'n duiwelse mag wat ingestel is op die ondermyning van alle geestelike en sedelike waardes. Die stoflike word tot die een-en-al van die menslike bestaan verhef. Volgens hom loën die Kommunisme nie alleen God nie, maar verwerp die ewige voortbestaan en vernietig die grondslae van die Westerse beskawing, wat op Godsopenbaring gegrond is.¹⁸⁾

Die kerk is vir die Kommunisme 'n vyand wat meedoënloos en summier uitgewis moet word. Hierdie geweldige haat wat die kommunist teen die Christendom koester, is meer as gewone ateïsme. Dit is die logiese gevolg van die dialektiese materialisme van Marx.

Uit 'n opvoedkundige artikel wat in Rusland verskyn het, blyk dit dat Christus aan die Russiese leerlinge voorgehou word as 'n mite.¹⁹⁾

Ogryzko stel dit baie duidelik: "And we consider it our noble duty to imbue the younger generation with

18) Vorster, J.D. Kommunisme die vuurrooi draak, pp. 6, 7.

19) Ogryzko, I.I. Children and religion. The content of atheistic upbringing in the school. Soviet Education, XIII (11-12): pp. 8, 9. Sept.-Okt. 1971.

the spirit of active, militant atheism."²⁰⁾

Die kommuniste is besiel, hy het 'n doel voor oë, ja, hy word gedryf deur 'n perverse ideaal.²¹⁾

Vir die kommuniste is daar slegs een doelwit en dit is bewindsoorname. Alles wat nodig is, sal gedoen word om hierdie doel te bereik.²²⁾

Die kommunistiese ideologie is 'n religie – 'n verlossingsleer met 'n wêreldopdrag. Hierdie sending – en verlossingsopdrag, so beskou die kommuniste dit, is deur die geskiedenis opgelê. Hy beskou homself as uitverkies om dit te vervul.²³⁾

Vir hom is daar geen hemel of godheid nie. Volgens Du Plooy, het Edgar Hoover dit eenmaal so gestel: 'Communism is a new faith, it is an atheistic religion, it is denying the existence of the Supreme Being.'²⁴⁾

Dit is nodig om daarop te let dat die Marxisme-Leninisme deur die rasegte kommuniste as 'n dogma, 'n

20) Loc. cit.

21) Pretorius, W.G. Die Kommunisme: fabel en feit, p.386.

22) Schwarz, F. Jy kan die kommuniste vertrou (...om presies te doen wat hulle sê), p.61.

23) Pretorius, W.G. op. cit. pp.56-64.

24) Du Plooy, C.J.W. Jong Suid-Afrika ontleed sy taak t.o.v. die aanslae teen hom, p.1.

religie beskou word en nie bloot as 'n ekonomiese teorie of filosofie nie.²⁵⁾

Die aanslag van Kommunisme op die menslike rede is uniek in die wêreldgeskiedenis en die doeltreffendheid daarvan is uiters ontstellend.²⁶⁾

Die mens (opvoeders) moet in gedagte hou dat Marx, hoewel filosoof in die eerste plek, 'n rewolusionis was, met die uitsluitlike doel om die wêreld en lewe totaal te verander. Hy het besef dat hy nie sukses sou behaal indien hy hierdie rewolusionistiese gedagtes en idees ongekleed die wêreld sou instuur nie. Hierdie idees moes aanloklik gemaak word.²⁷⁾

Die gelowige opvoeder moet besef dat die Kommunisme die voorste linies vorm van die aggressiewe anti-Christelike leermagte wat die Christendom bedreig. In hierdie botsing tussen die Kommunisme en die Christendom mag daar van neutraliteit geen sprake wees nie. 'n Kommunis ken geen kompromieë nie. Vredesluiting met die Christendom is vir hom onaanvaarbaar. Die opvoeder moet weet dat die eerste vereiste vir geestelike weerbaarheid teen die Kommunisme kennis is van hierdie duiwelse ideologie; tweedens moet mense kennis dra van die wyse waar=

25) Pretorius, W.G. op. cit., p.13.

26) Schwarz, F. op. cit., p.146.

27) Pretorius, W.G. op. cit., p.16.

volgens hierdie ideologie in die praktyk verskyn.

2.4 Die program van aksie en metodes wat die kommuniste aanwend

Wêreldheerskappy is vir die kommunis die einddoel. Deur rewolusies, omverwerping van bestaande ordes en die verkryging van mag, sal hierdie ideaal bereik word. Kort- en langtermyn programme word vir hierdie doel in werking gestel.²⁸⁾

Die kommunis is prakties ingestel en wanneer hy sin speel op elke moontlike middel, moet die mens besef dat hy dit so bedoel.²⁹⁾

Die strategie wat aangewend word deur die kommuniste is om 'n saak te soek wat vir 'n groot groep mense belangrik is en daarop te konsentreer; hierom word dan 'n groot volksgroep versamel.³⁰⁾

Die mens moet ook terdeë besef dat, hoewel daar nie agter alles wat verkeerd is, 'n kommunis sit nie, hy die saak van Kommunisme kan aanhelp en kan dien sonder om self kommunisties te wees.³¹⁾

28) Van Wyk, J.H. Kommunisme en opvoeding, p.10.

29) Labin, S. Die verowering van die gees. (In Vorster, J.D. e.a. Oorlog om die volksiel, p.55.)

30) Schwarz, F., op. cit., p.10.

31) Van der Walt, Tjaart. Jong Suid-Afrika en die tydsges, p.14.

Die volgende metodes word deur kommuniste aanbeveel om hulle doel te bereik:³²⁾

- * Van getrouheidsede moet afstand gedoen word.
- * Beheer oor onderwysverenigings en skole moet verkry word om daardeur Sosialisme in voorgeskrewe handboeke te verkondig.
- * Beheer oor die studentenuusblaaie moet verkry word.
- * Beheer die kommunikasiemiddele; veral die pers moet geïnfiltreer word. Sodoende kan beheer verkry word oor redakteursverslae, boekbesprekings en beleidsformulerings.
- * Die kulturele uitdrukkings en kultuur van 'n volk moet afgetakel word. Waardevolle kultuurskatte moet met snaakse, vormlose, betekenlose gedrogte vervang word.
- * Direkteure sowel as kunskritici van kunsmuseums moet beheer word.
- * Alle wette wat onsedelikheid beheer, moet geëlimineer word.
- * Gebed en enige ander vorm van godsdienste by skole moet uitgeskakel word.
- * Die opvoeding van die kinders moet van die "negatiewe invloed van hulle ouers" weggehou word. Alle slegte eienskappe, soos geestelike belemmering en vertraging wat by kinders aangetref word, moet toegeskryf word aan die "onderdrukkende invloed van die ouers."
- * Die indruk moet geskep word dat opstand en geweld 'n wettige aspek van 'n land se tradisies is. Alle probleme van ekonomiese, sosiale en politieke aard kan slegs deur geweld opgelos word.

32) Skousen, W.C. The naked communist, pp.260-262. Dit het ook verskyn in die U.S. Congressional Record, 10 Jan. 1963.

- * Alle sedelike norme moet vernietig word deur pornografie en sedeloosheid in boeke, tydskrifte, rolprente, beeldradio en die vrye pers te bevorder.
- * Beskou homoseksuele verhoudings, ontaarding en rassevermenging as normaal, natuurlik en gesond.
- * Kerke moet geïnfiltreer word. Openbare godsdienst moet vervang word met sosiale diens. Die Bybel moet geminag word.
- * Patriotisme moet ondermyn word; volkshelde en -leiers moet afgetakel word.
- * Werkersunies en groot besighede moet geïnfiltreer word.
- * Daar moet verhoed word dat die volle arrestasie= mag in die hande van die gereg geplaas word; dié magte moet oorgedra word aan maatskaplike instansies.
- * Daar moet in die psigiatriese professie ingesypel word met die uitsluitlike doel om deur geestesgesondheidswette diegene wat Kommunisme beveg, onak= tief te maak.
- * Die gesin moet as 'n skandelikke instelling beskou word. Egskeiding en rassevermenging moet aangemoedig word.

2.5 Die kommunistiese siening i.v.m. sedelikheid

Skousen sê: "It is not wrong to cheat, lie, violate oaths or even destroy human life if it is for a good cause. This code of no morals accounts for the amoral behavior on the part of communists which is frequently incomprehensible to non-communists."³³⁾

33) Ibid., p.38.

Die Marxisme-Leninisme wil alle bestaande sedelike norme, alle vasgelegde waardes, totaal verwerp.³⁴⁾

Nóg God, nóg mens, nóg individu, regsreël of moraliteit word deur die kommuniste ontsien.³⁵⁾

'n Gewese kommunist het eenmaal, volgens Pretorius, die volgende gesê: 'I see in Communism the focus of the concentrated evil of our time.'³⁶⁾

Die kommunist se metodes, taktiek of strategie wat aangewend word, is slegs onderhewig aan dit wat vir hom doelmatig en gerieflik op daardie tydstip is. Alle vorme van nasionalisme, tradisionalisme en patriotisme word deur hom uitgebuit en tot sy eie voordeel aangewend.³⁷⁾

Lawrenti Beria het eenmaal in 'n toespraak aan die Leninse Universiteit die volgende teenoor 'n aantal Amerikaanse studente kwytkeraak (in Nederlands vertaal): "Onze allerbelangrijkste stap is het veroorzaken van de grootst mogelijke chaos in het cultuurpatroon van de vijand. Ons zaad gedijt in chaos, wantrouwen, economische achteruitgang en wetenschappelijke verwarring. Een uitgeput volk

34) Pretorius, W.G. op. cit., p.63.

35) Vorster, J.D. Openingsrede. (In Vorster, J.D. e.a. Oorlog om die volksiel, p.12.)

36) Pretorius, W.G. op. cit., p.356.

37) Van den Bergh, H.J. op. cit., p.39.

kan slechts vrede vinden in de door ons gegeven communistische staat en uiteindelyk kan alleen het kommunisme de problemen der massa tot oplossing brengen."³⁸⁾

Morele sabotasie sluit in alle denkbare pogings om 'n volk op indirekte wyse te rysmier en te ondergra=we. Net soos fisiese sabotasie, is die doel kwaadwil=lige ondermyning, maar dit verskil van fisiese sabo=tasie in die toepassing en in die metode en graad.³⁹⁾

Morele sabotasie is ingestel om die morele en geeste=like waardes van 'n volk só te ondermyn en só te verlam dat dit hom die wil of krag sal ontbreek die dag wanneer 'n fisiese aanslag geloods word. So sal die volk dan sonder enige noemenswaardige teen=stand in die hande van die kommuniste val.⁴⁰⁾

Die ondermyning van die morele lewe en geestelike waardes is kenmerkend en eie aan die kommuniste. Op 'n subtiele wyse word die sedelike reinheid en huwelikstrou ondergrawe. Vrye liefde word die nu=we kreet.⁴¹⁾

38) Stichting "De Nieuwe Golflengte." Psychopoli=tiek, p.14.

39) Van den Berg, H.J. op. cit., p.22.

40) Ibid., p.38.

41) Vorster, J.D. Kommunisme die vuurrooi draak, p.7.

"Communist morals follow a simple formula. Anything which promotes the communist cause is good, anything which hinders it is bad."⁴²⁾

Die Christen moet nie verbaas wees oor al die kommunistiese leuens, bedrog, swendelary, ontvoerings, woordbreuk, massamoord, ens. nie. Dit is maar 'n bewys van hoe die kommunistiese sedelikheid interpreteer en in die praktyk toepas. Niks word gedoen sonder 'n grondige rede nie, want vernietiging van die Westerse demokrasie en die daarstelling van 'n Sosialistiese Wêreldrepubliek is die hoofdoel van die kommunis.⁴³⁾

2.6 Kommunistiese infiltrasie in die Weste

Nikitin sê: "In all our atheistic propaganda and in all our ideological work, we strive to indoctrinate every young boy and girl in the spirit of our communist world view."⁴⁴⁾

Dikwels word die vraag gestel waarom die Kommunisme so vooruitgang gemaak het. Die antwoord is voor die hand liggend. In hierdie ideologie skuil daar 'n ontsettende mag – die mag van die duiwel. Hulle het verder ontdek dat sielkundige propaganda gewel-

42) Skousen, W.C. op. cit., p.73.

43) Pretorius, W.G. op. cit., p.114.

44) Nikitin, V. Why do atheists need atheism? Soviet Education, XIII (11-12): Sept.-Okt. 1971, p.100.

dige trefkrag het.⁴⁵⁾

Wanneer 'n kulturele en intellektuele vakuum ontstaan, word dit deur die geslepe Kommunisme in beslag geneem en word die vakuum gevul met hulle eie ideologieë.⁴⁶⁾

Pistrak stel dit volgens Pretorius so: 'The main problem the free world faces today is how to resist Communism in its new attire, a smooth-faced and smooth tongued enemy whose weapon is not open assault, but organized hypocrisy, planned deception and concealed infiltration'.⁴⁷⁾

Die Russiese politieke oorlogsvoering neem hoofsaaklik die metodes van sameswering aan om sodoende die gedagtes van mense te besoodel. Die taktiek van die Trojaanse perd word aangewend. In hulle pogings word die pers, teater, bioskoop, radio, beeldradio, uitgewerye, skole en universiteite ingespan. Daar bestaan min tydskrifte in die wêreld waar die Kommunisme nie een of ander agent of kontak het nie.⁴⁸⁾

45) Vorster, J.D. Kommunisme die vuurrooi draak, p.8.

46) Botha, E. Die kulturele rewolusie en Suid-Afrika, p.9.

47) Pretorius, W.G. op. cit., p.283.

48) Labin, S. op. cit. (In Vorster, J.D. e.a. Oorlog om die volksiel, p.51.)

Selfs kerke word geïnfiltreer en as frontorganisasies gebruik. Lenin het dit, volgens Secrest, soos volg gestel: 'We will find our most fertile field for infiltration of Marxism within the field of religion, because religious people are the most gullible and will accept almost anything if it is cauched in religious terminology.'⁴⁹⁾

Oor die wêreld is daar dan 'n neiging onder kerkbewegings om kollektivistiese idees van sosialiste en kommuniste bymekaar te bring en dit in die taal en idioom van die Christendom te vertaal. Dit hou gevaar vir Suid-Afrika in. Die gees van baie kerkmense is reeds in besit geneem deur nuwe leerstellinge wat o.a. leer dat alle mense goed en gelyk gebore is. Baie kerkmense glo ook reeds dat, veral deur politieke middele, 'n aardse hemel, 'n broederskap van mense, bereik kan word. Juis hierin sien die kommuniste 'n middel tot 'n doel, nl. om nasies af te breek, en om alle mense te bring onder 'n hooggesentraliseerde beheer – met die kommuniste self in beheer. Verstommende teenstrydig hede kan opgemerk word, soos bv. leiers van die Christendom wat onderhandel met die kommuniste.⁵⁰⁾

49) Secrest, C. Those red bears in clergy collars, p.3.

50) Benson, I. Ken jou vyand, p.36.

2.7 Woordspeling – 'n belangrike kommunistiese hulpmiddel

In hul strewe na wêreldoorheersing is die manipulasie van taal 'n magtige wapen. Om effek te verkry, is woorde gercedskap. Woorde soos rewolusie, terrorisme, "class warfare" en "labour armies", mag nie meer gebruik word nie. Die boodskap van die Kommunisme moet so gestel word dat dit aanneemlik en aanvaarbaar kan wees vir die ore van die toehoorder. Kommunisme moet versier word sodat dit na demokratiese Liberalisme of patriotiese nasionalisme lyk – afstotende terme moet vermy word.⁵¹⁾

Op sielkundige wyse maak hulle gebruik van twee metodes: aan die een kant word 'n skuldgevoel gewek dat die teenoorgestelde groep veronreg word, terwyl aan die ander kant by die ander groep weer 'n gevoel van verontregting gekweek word.⁵²⁾

Uitroepe van vrede, die gekoer van die vredesduif onder beskerming van die hamer en sekel, is maar een van die metodes wat aangewend word om Kommunisme te bevorder.⁵³⁾

51) S.A.U.K. Spore van Kommunisme, p.25.

52) Vorster, J.D. Kommunisme die vuurrooi draak, p.9.

53) Pretorius, W.G. op. cit., p.243.

Volgens Pretorius, sê Possony: 'One of the forms of deception of the working class is pacifism and the abstract preaching of peace'.⁵⁴⁾

Uit Russiese optrede blyk dit baie duidelik dat terme soos vriendelikheid en onafhanklikheid iets heeltemal anders beteken as waaraan die Christen gewoond is.⁵⁵⁾

Wanneer die kommuniste van vrede praat, bedoel hulle die aanwend van metodes wat nie-gewelddadig is. Hier= die vreedsame metodes is egter slegs 'n tydelike maatreël. Geskikte metodes wat aangewend kan word, sonder enige risiko is: infiltrasie, propagandisme en ekonomiese en politieke oorlogsvoering. Hier= die metodes, wat daarop gemik is om die eie belange van die Kommunisme te bevorder, word voortdurend toegepas. Vir hulle is dit 'n stryd tussen vrede= lievende nasies en oorlogsugtige imperialiste. Vir hulle beteken vrede as einddoel wêreldoorheersing met 'n diktatorskap in die hande van die proletariaat. Verskille t.o.v. taal, kleur, kultuur en nasie sal dan in hierdie wêreldlike Utopia opgehef wees.⁵⁶⁾

54) Loc. cit.

55) Skousen, W.C. op. cit., p.171.

56) S.A.U.K. Spore van Kommunisme, p.26.

Chroestjof het by een geleentheid, volgens Pretorius, die volgende gesê: 'Peace and socialism are inseparable. This applies to all socialist countries. If a country is socialist, it means that it is peaceful.'⁵⁷⁾

Volgens hulle eie opvatting, gebruik die kommuniste die woord vrede met die grootste opregtheid. Die Westerse wêreld se vertolking van die begrip vrede is egter anders, daarom kan die Westerling nie die kommuniste beskuldig van huigelry nie, maar is dit eerder 'n wanbegrip van die kommunistiese vredesopvatting wat tot verwarring lei.⁵⁸⁾

Die kommuniste het dus sy aanvalstaktiek verander. "Vryheid", "liefde" en "demokrasie" het nou troetelwoorde geword waarmee hulle 'n gemeenskap kan rysmier. Met hierdie woorde opereer hulle totdat belangrike magposisies in hulle hande is.⁵⁹⁾

Lenin en Stalin het aanvaar dat onder sekere omstandighede Nasionalisme aangewend kan word om Kommunisme te bevorder. Dit word toegelaat om 'n tussentydse funksie te verrig, maar nooit op 'n permanente grondslag nie.⁶⁰⁾

57) Pretorius, W.G. op. cit., p.34.

58) Schwarz, F. op. cit., p.8.

59) Pretorius, W.G. op. cit., p.282.

60) Kotzé, D.J. op. cit., p.16.

2.8 Frontorganisasies – bevorder die kommunistiese ideaal

Dwarsdeur die wêreld word kommunistiese fronte georganiseer om godsdiens, kuns, arbeid, burgerlike vryheid, kultuur en nasionalisme uit te buit.⁶¹⁾

Kommunistiese selle word in die geheim gestig: in baie organisasies, staatsdepartemente en wetenskaplike inrigtings. Hulle hoofdoel is om soveel moontlike inligting te versamel om daardeur die beleid van die betrokke instelling te beïnvloed. Ook hier in die R.S.A. was daar reeds talle voorbeelde van sulke organisasies wat deurdrenk was met kommunistiese idees.⁶²⁾

Die herlewing van frontorganisasies en die infiltrasie en verowering van reeds bestaande organisasies, is veral na 1948 in die Weste aan die orde van die dag. Ter bevordering van Russiese politieke doelstellinge en "vrede" word georganiseerde demonstrasies, optogte en konferensies in byna alle lande van die wêreld aangetref.⁶³⁾

61) Schwarz, F. op. cit., p.74.

62) Van Wyk, J.H. Die Kommunisme, op. cit., pp. 127, 131, 132.

63) Pretorius, W.G. op. cit., p.278 (dit was veral na die Tweede Wêreldoorlog).

2.9 Die internasionale geldmag – en die verband met Kommunisme

Skousen beweer dat daar 'n noue band bestaan tussen die internasionale Kommunisme, en die meesters van die internasionale geldmag. Hulle mag, volgens hom, op 'n hele aantal punte verskil, maar in albei gevalle is die mikpunt om die mensdom onder sy allesoorheersende mag te verkry. Albei glo dat dit bereik kan word deur die vestiging van 'n wêreldregering. Vir diegene wat altyd geglo het dat internasionale Kommunisme en Kapitalisme reg teenoor mekaar staan, mag dit vergesog klink. Na bewinds oorname lê die Kommunisme beslag op die magstruktuur van die nasie. Dit word dan geplaas in die hande van 'n diktatoriale elite wat nie deur die volk verkies is nie. Dieselfde resultaat word verkry deur onbeheerde Kapitalisme – monopolieë word verkry. Dit is niks anders as 'n mag wat gesentreer word in die hande van 'n elite groep, wat op hulle beurt die gemeenskap dikteer nie. Volgens hom vind die mens op nasionale sowel as internasionale skaal die groei van monopolieë. Die welstand en welvaart van nasies in die Westerse wêreld raak alhoemeer afhanklik van hierdie multi-nasionale supermaatskappye se bedrywighede. Hy stel dit verder dat die verhouding tussen die leiers van die internasionale Kommunisme en die leiers van die internasionale geldmag wissel tussen verdraagsaamheid

en regstreekse samewerking.⁶⁴⁾

Om dit te bewys noem Skousen die volgende: "Of course, members of the dynastic banking families had been financing the Russian-oriented revolutionists for many years. Trotsky, in his biography, refers to some of these loans from British financiers going back as far as 1907.... One American source gave Trotsky, Lenin and the other Communist leaders around twenty million dollars for the final triumph of Bolshevism in Russia. This was Jacob Schiff of Kuhn, Loeb and Company."⁶⁵⁾

2.10 Kommunisme skuil dikwels agter Liberalisme

Liberalisme en Kommunisme is twee teenoorgesteldes in baie opsigte. Kommunisme is kollektivisties terwyl individualisme die slagspreuk is van die liberalis. Liberalisme word in geen kommunistiese staat geduld nie. Min besef hierdie liberalistiese persone, instellinge en selfs universiteite dat hulle die baanbrekers en onbewustelike pleithesorgers vir Kommunisme is in hulle rebellie teen bestaande instellinge. Mense word van hulle ankers losgeruk, grense word uitgewis en godsdiens word ondermyn. Die liberalis besef nie dat hy sy vry=

64) Skousen, W.C. The naked capitalist, pp.22-38.

65) Ibid., pp.40-41.

heid sal verloor die oomblik wanneer die kommunis oorneem nie.⁶⁶⁾

2.11 Die Kommunisme – loods 'n geestelike aanslag teen Suid-Afrika

"Die tweede helfte van hierdie eeu het 'n tydperk ingelui waarin volke en nasies nie meer van buite verower word nie, maar stelselmatig in die hart aangetas word deur geestelike en kulturele ondermyning, sowel as deur sedelike en fisiese aftaking." ⁶⁷⁾

Aan die Rand is vroeg gedurende 1973 kommunistiese lektuur met revolusionistiese gedagtes ontdek, pragtig verskuil agter die omslae van bekende Suid-Afrikaanse en buitelandse boeke. In al hierdie boeke is Kommunisme op 'n baie subtile manier goedgepraat en kapitalisme streng veroordeel.⁶⁸⁾

Nadat die boeke aan 'n veiligheidsman getoon is, het hy gesê: "Die boeke bevat die evangelie van Kommunistiese leerstellings en daar is niks meer nodig om van die leser 'n kommunis te maak as hy

66) Van Wyk, J.H. Die Kommunisme, op. cit., pp.127, 128.

67) Kotzee, A.L. op. cit., p.1.

68) Anon. Rooi lektuur in skaapklere na die Rand. Rapport, 6 Mei. 1973, p.7.

vir die dinge vatbaar is nie."⁶⁹⁾

Die feit dat kommunistiese frontorganisasies floereer a.g.v. steun van nie-kommuniste en die feit dat kommuniste daarin slaag om die wêreld te laat glo dat terroriste "vryheidsvegters" is, toon 'n nuwe liggelowigheid en onkunde in die Westerse wêreld m.b.t. die eintlike oogmerke van die Kommunisme.⁷⁰⁾

In Suid-Afrika doen die Kommunisme homself in die huidige tyd voor as 'n enkele gevaar, maar indien 'n mens dit baie deeglik ondersoek, vind hy verskillende verskynsels in kombinasie met een doel voor oë: ondermyning van die bestaande orde en gesag, en ook die omverwerping daarvan. Benson is van mening dat ook in die R.S.A. 'n mens geesdriftige verdedigers van die kommunistiese saak vind, juis onder mense wat veronderstel is om Kommunisme teen te staan.⁷¹⁾

Generaal H.J. van den Berg waarsku dat morele of geestelike sabotasie ongehinderd in die toekoms sal toeneem en dat dit vir Suid-Afrika in die toekoms groter gevare sal inhou as die fisiese sabotasie. Waar fisiese sabotasie skrikwekkend en

69) Loc. cit.

70) Pretorius, W.G. op. cit., p.282.

71) Benson, I. op. cit., p.3.

ooglopend is, is morele sabotasie minder opsigtelik en daarom steur die grootste gedeelte van die bevolking hulle nie hieraan nie. Morele sabotasie is daarop ingestel om die gees en die moraal van 'n volk so te ondergrawe dat die wil of krag sal ontbreek die dag wanneer die kommuniste sy fisiese aanslag in sy volle geweld sal loods. Hy stel dit verder: "Ons is almal daagliks aan hierdie sabotasieveldtog blootgestel. Ongelukkig is baie van ons nie eers daarvan bewus nie – of, nog erger, wil ons gladnie glo dat daar so 'n veldtog teen ons aan die gang is nie."⁷²⁾

Die Suid-Afrikaner voer 'n fisiese stryd op sy landsgrense, maar intussen is die ideologiese terroris besig om Suid-Afrika te ondermyn. Die opstand teen gesag van baie jeugdiges, is hiervoor 'n duidelike bewys.

Baie pittig word die houding van die Westerling, volgens Pretorius, deur Suzanne Labin saamgevat: 'The most important thing to stop the spread of Communism is not help for the underdeveloped countries in the East but help for underdeveloped minds in the West.'⁷³⁾

Du Plessis beweer, dat die demokrasie van Moskou 'n ander ideologie is as die demokrasie van die Weste.

72) Van den Bergh, H.J. op. cit., p.38.

73) Pretorius, W.G. op. cit., p.381.

Die Moskou-demokrasie is in werklikheid 'n dikta= tuur van die proletariaat, maar daar word baie wei= nig gedoen om die Afrikaner hiervan bewus te maak. So het Du Plessis gevind dat daar nie 'n enkele biblioteek in die R.S.A. is wat naastenby deeglik toegerus is vir navorsing oor die Kommunisme nie.⁷⁴⁾

Die kommunis is vervul met 'n vurige aktivisme en 'n rustelose gees. Terwyl die Suid-Afrikaner met kleinlike politieke verskille tyd verspil en sodoen= de sy kragte onderling verdeel, vorm die kommunis= tiese organisasies 'n eenheid wat sterk gedissipli= neerd na buite optree. Die weë en dade van die kommunis is in die fynste detail beplan en uitge= werk en hulle maak van listige taktiek gebruik.⁷⁵⁾

2.12 Die taak van die opvoeder teen hierdie idolo= giese aanslag

Dat die jeug van die R.S.A. die teiken is van hier= die duiwelse ideologie is ongetwyfeld. Om die jeug weerbaar te maak teen hierdie kommunistiese ideolo= gie sal in die opvoeding aan die volgende sake aan=

74) Du Plessis, J.A. Die Kommunisme as ideologiese en internasionale magsfaktor. (In Du Plessis, J.A. e.a. Magte en ideologieë van ons tyd, p. 15.)

75) Diederichs, N. Die Kommunisme. (In Van der Walt, A.J.H. e.a. Hedendaagse staatkundige strominge, p.14.)

dag gegee moet word:⁷⁶⁾

- Die jeug moet toegegerus word met 'n suiwere kerk= begrip sodat die jongmens kan help om toe te sien dat die kerk nie vergeestelik raak nie en daardeur sy oë sluit vir die werklike situasies wat in die lewe opduik nie. Verder sal die jeug moet toesien dat die kerk nie mettertyd in wêrelddiens verval en die belangrikste taak, naam= lik die verkondiging van die evangelie, nalaat nie.
- Die jeug sal deeglik geskool moet word in die Christelike sedeleer. Hierdeur sal die jongmen= se in staat wees om sake soos sosiale onreg en onbillike diskriminasie te bespeur – belangrike aanknopingspunte vir die Kommunisme.
- 'n Sterk nasionale gevoel sal by die jeug inge= skerp moet word. Dit is so dat 'n mens wat sy eie waardes en besittings respekteer, eerbied vir sy naaste se geestesgoedere, strewes en be= sittings het. Die miskenning en onderdrukking van die nasionale gevoel van 'n ander volk, werk juis Kommunisme in die hand.
- Die jeug sal moet toesien dat alle individue en groepe 'n menswaardige bestaan sal voer. Hulle sal dus geskool moet word om 'n Christelike be=

76) Van Wyk, J.H. Kommunisme en opvoeding, pp.36-38.

nadering te handhaaf teen werknemers. Ontevrede werknemers vorm juis die teelaarde vir die ideologie van die Kommunisme.

- Om die volk sedelik en moreel gesond te hou sal Calvinisme die basis moet vorm van alle opvoeding. Alles wat die mens doen, moet plaasvind tot eer van God. Indien menslike norme gebruik word, gebeur dit dikwels dat die pers, radio, televisie en bioskoop in die hande van die Kommunisme speel.
- Kennis van hierdie ideologiese stroming is 'n baie belangrike voorvereiste. Indien die jeug in staat is om die metodes, beginsels en verskyningsvorme van die Kommunisme te identifiseer sal hulle in staat moet wees om vanuit hulle Christelike lewensbeskouing, 'n standpunt daar teen in te neem.
- 'n Roepingsbewuste jeug, met werkywer besiel, sal gekweek moet word.¹ Die jeug sal bewus gemaak moet word van die feit dat voorspoed alleen werklikheid word indien 'n volk hard werk. Verder sal die jeug moet besef dat die mens se taak op aarde is om die Koninkryk van God uit te bou – ook onder kommuniste.

2.13 Die Liberalisme

2.13.1 Wat is Liberalisme?

Die woord Liberalisme is afgelei van die Latynse woord "liber" wat "vry" beteken. Die woord Liberalisme word egter dikwels verwarrend gebruik. So word Liberalisme deur sommiges gesien as alles wat nuwerwets is; ander sien weer in die begrip alles wat van vreemde oorsprong is. Selfs die ongewenste word as liberaal bestempel. So word baie mense dikwels verkeerdelik liberaliste genoem.⁷⁷⁾

Alhoewel die mens hier nie met 'n duidelike geïdentifiseerde begrip te doen het nie, kan hy dit tog diagnoseer. Tipiese liberalistiese opvattinge is dat:⁷⁸⁾

- * alle vorms van rassesseiding verkeerd is;
- * teen geen persoon gediskrimineer mag word op grond van sy godsdienstige oortuigings nie;
- * opstand teen diktatuur die individu se reg is en daarom aangemoedig moet word;

77) Duvenage, B. Die liberalistiese lewensbeskouing. (In De Klerk, W.J. e.a. Roeping en werklikheid, p.81.) Die woord Liberalisme beteken letterlik bandeloosheid.

78) Treurnicht, A.P. Liberalisme en Kommunisme. (In Vorster, J.D. e.a. Oorlog om die volksiel, pp.128-132.)

- * onkunde, armoede en uitbuiting aanleiding gee tot afwykende gedrag en misdad;
- * alle mense die reg het om hulle menings oor sake uit te spreek, so ook kommuniste;
- * skole oop moet wees vir almal, ongeag kleur, volksverband of godsdiens;
- * akademiese vryheid die reg van alle onderwysers en dosente is;
- * sensuur verkeerd is behalwe waar dit om landsveiligheid gaan;
- * daar geen noemenswaardige verskille in die intellektuele vermoëns en beskawingsmoontlikhede van rasse of etniese groepe bestaan nie.

Die sentrale beginsel van die Liberalisme is dat die individu absoluut soewerein is.⁷⁹⁾

Schapiro stel dit so: "the fundamental postulate of Liberalism has been the moral worth, the absolute value and the essential dignity of the human personality. Every individual is therefore to be treated as an end in himself not as a means to advance the interests of others."⁸⁰⁾

Vir die liberalis staan vryheid voorop. Bevryding op alle terreine is sy strewe. Die aanslag op een of ander basiese vryheid, is vir die liberalis die

79) Duvenage, B. op. cit. (In De Klerk, W.J. e.a. Roeping en werklikheid, p.81.)

80) Schapiro, J.S. Liberalism, its meaning and history, soos aangehaal deur Duvenage, loc. cit.

grootste bedreiging wat kan plaasvind.⁸¹⁾

2.13.2 Liberalisme bedreig die Christendom

Die Bybel is die grondslag van die Christendom, en die Woord van God stel dat die mens 'n sondige wese is. Daarteenoor beweer die Liberalisme dat die mens goed is. Die mens moet slegs sy kennis vermeerder, dan sal sy hele lewe deur goedheid beheers word. Oor die natuur of wese van die mens verskil die Liberalisme totaal met die Christelike opvatting.⁸²⁾

Omdat die moderne liberalis onverskillig teenoor die godsdiens staan, sien hulle ook nie die kerk as goddelike instelling nie.⁸³⁾

Volgens Scholtz beweer Rosslee dat: 'die gedagte van gesagsverwerping of rewolusie die gevaar is van die Liberalisme waarmee ons in ons hedendaagse samelewing te doen het. Ons het opgemerk dat die Calvinistiese Christendom ook 'n eiesoortige persoonlikheidsideaal nastreef en 'n beperkte gekwalifiseerde vryheidsideaal daarop nahou. Ons

81) Van der Walt, T. Die Liberalisme en die nuwe Weste. (In Du Plessis, J.A. e.a. Magte en ideologieë van ons tyd, p.28.)

82) Scholtz, G.D. Die bedreiging van die Liberalisme, pp.73-75.

83) Ibid., p.75.

kan dus waardering hê vir die persoonlikheidsideaal en vryheidsideaal as sodanig, van die Liberalisme. Die verskil lê in die religieuse grondmotief wat tegelyk ook die wysgerige grondidee en verklarings= beginsel van die Liberalisme is, nl. die vergoddelikte rede of persoon van die mens'.⁸⁴⁾

Volgens Scholtz noem Rosslee verder: 'Dit het die persoonlikheidsideaal en vryheidsidee van die Liberalisme laat ontaard in gesagsverwerping. In die eerste plek word die absolute gesag van God verwerp, want die mens self is God en Gesaghebbende. In die tweede plek word die gesag van Gods Woord verwerp, asmede ook alle normatiewe beginsels vir kringsoewereine lewenskringe. Ten derde, word alle gesagsorgane en die meerdere gesag van die een mens oor die ander subiet verwerp as strydig met die outonome persoonlikheidsideaal van die Liberalisme.'⁸⁵⁾

Daar is geen versoening moontlik tussen die radikale Liberalisme en die Christendom nie. Die Liberalisme is een van die vernaamste oorsake van die verslapping op sedelike gebied soos wat dit vandag in Suid-Afrika te bespeur is.⁸⁶⁾

84) Ibid., pp.75-76.

85) Ibid., p.76.

86) Ibid., p.77.

2.13.3 'n Aksentverskuiwing in die Liberalisme

Tydens die negentiende eeu het die Liberalisme 'n belangrike rol vervul in die nasionale ontwaking en die vryheidsoorloë wat daarmee gepaard gegaan het. Maar tydens die twintigste eeu is Liberalisme 'n belangrike faktor om mee rekening te hou in die desnasionaliseringstendens van die hede. In die blankewêreld staan nasionalisme vir die liberalisasie 'n struikelblok in die pad na wêreldburgerskap. Die kreet tydens die rewolusie in Frankryk was "vryheid, gelykheid en broederskap." Tydens die negentiende eeu is die vryheid van die individu vooropgestel. Tydens die twintigste eeu verskuif die klem na "gelykheid" en daarmee saamhangend die "broederskap." In hierdie bestaande orde ("establishment") waarin die mens lewe, is ongelykhede oorgeërf. Die staat word 'n vyand wat omvergewerp moet word, omdat dit die ongelykhede wil kontinueer. 'n Rewolusionêre gestalte verskyn in die Nieu-Liberalisme. Agter alle studente-opstande moet mense dus nie net Kommunisme soek nie.⁸⁷⁾

2.13.4 Die Liberalisme en ander ideologieë strewe na gelykheid

Die gelykskakeling van alle mense is die ideaal en

87) Van der Walt, T. Die Liberalisme en die nuwe Weste. (In Du Plessis, J.A. e.a. Magte en ideologieë van ons tyd, pp. 29, 30.)

strewe van die Liberalisme, Sosialisme en Kommunisme. Die mens bevind hom in 'n tydvak waar die hele mensdom aan hierdie gelykskakeling onderworpe is. Die industrialisasie en verstedeliking dra daartoe by om die gelykskakeling te versnel. 'n Massamens is reeds deur hierdie gelykmaking geskep. Differensiasie en verskeidenheid was nog altyd een van die vernaamste onderskeidings van die bedrywigheede van die mensdom. Die gelykmakingstendens poog om dit te verwyder en 'n hele ommeswaai in die geskiedenis van die mensdom te weeg te bring.⁸⁸⁾

Om gelykheid tussen mense te verkry, word die vryheid van die individu tans omvergewerp. Ook in Suid-Afrika is die strewe van die liberalis - 'n raslose gemeenskap. Gelykheid kan slegs deur dwang verkry word en dit is onmoontlik om vryheid met gelykheid te versoen. H.A. Lunshof verklaar: "Een ding staat vast, vryheid en gelykheid gaan nooit saam. Wanneer men de mensen dwingt allen gelijk te zijn dan moet men hun vryheid ontnemen. Wanneer men de mensen ook maar een greintje vryheid laat zullen zij altijd naar ongelijkheid streven, omdat dat het wezen van de mens en het wezen van de natuur is."⁸⁹⁾

88) Scholtz, G.D. Die bedreiging van die Liberalisme, p.85.

89) Lunshof, H.A. Elseviers Weekblad, 14.7.56 soos aangehaal deur Scholtz, G.D. Die bedreiging van die Liberalisme, pp.89-90.

'n Mens stel dit glad nie te kras indien beweer word dat dit vandag in die moderne wêreld gaan om gelykheid op alle vlakke nie. Die gedagte van vryheid het byna heeltemal verdwyn. Een van die uitings van die rewolusie van die twintigste eeu is die gelykheid van alle rasse en volke op alle gebiede.⁹⁰⁾

Ook in Suid-Afrika word daar pogings aangewend om gelykheid op alle vlakke te bewerkstellig. So merk mens dit bv. in die langtermynse onderwysdoelwitte van die Spro-cas-onderwyskommissie. Volgens Randall skrywe die onderwyskommissie: "In 'n Christelike gemeenskap behoort daar geen arbitrêre skeidsmure te wees van herkoms, ras, nasionaliteit, taal, kultuur of godsdiens nie. 'n Christelike gemeenskap behoort hom te beywer vir die verwydering van sodanige skeidsmure met die uiteindelijke doel om 'n gemeenskap van liefde te skep en om die volle en onbelemmerde ontwikkeling van die individu toe te laat....."⁹¹⁾

Vir die liberalis gaan dit nie om die blanke ras en sy beskawing nie – hulle stel nie belang in die voortbestaan van die blankes as ras of kultuurgroep nie. Die aanvaarding van die liberalistiese begin=

90) Scholtz, G.D. Die proses van gelykmaking, p.32.

91) Randall, P. Opvoeding verby apartheid, p.7.

sels sal onvermydelik meebring dat die blanke en sy beskawing sal verdwyn.⁹²⁾

Veral in Suid-Afrika, omdat die blanke 'n minderheidsgroep is, sal hy as hierdie gelykmakingsproses voortduur, sy identiteit moet prysgee.⁹³⁾

2.13.5 Liberalisme ondermyn 'n volk se moraal

Die sedelike beskouing van die Liberalisme hang nou saam met sy mensebeskouing. Die mens is die bron van alle norme. So bv. word die huwelik deur die Liberalisme nie as 'n goddelike instelling gesien nie. Die huwelik is vir die Liberalisme 'n vrye assosiasie tussen twee vrye individue.⁹⁴⁾

"Ons moet die Liberalisme beskou as een van die bewerkende oorsake vir die totstandkoming van die so genoemde 'permissive society' van die huidige tyd",⁹⁵⁾ skrywe Duvenage.

Die aanvaarding van die liberalistiese moraal, lei ongetwyfeld tot die verswakking van die mense se sedelike en geestelike weerbaarheid. Dit is so dat wanneer die gesag van die Skrif, die kerk en

92) Scholtz, G.D. Die bedreiging van die Liberalisme, p.64.

93) Ibid., p.104.

94) Duvenage, B. op. cit. (In De Klerk, W.J. e.a. Roeping en werklikheid, p.101.)

95) Loc. cit.

die gelowige gemeenskap laat vaar word en die menslike rede as die hoogste gesag erken word, daar geen objektiewe maatstaf is waaraan die mens sy sedelike lewe kan beoordeel nie. Dan word die menslike rede die maatstaf van wat goed of kwaad is.⁹⁶⁾

Die rewolusionistiese gees van die huidige tyd word die beste omskrywe deur begrippe soos "wetteloosheid" en "bandeloosheid." Die mens beleef 'n tydvak waar die ontbinding, die verbreking van bestaande bande, die Liberalisme, al meer op die voorgrond tree. Verantwoordelikheid en verantwoordelikhedsbesef word al meer op die agtergrond geskuif.⁹⁷⁾

2.13.6 Die Liberalisme is 'n voorganger vir die Kommunisme

Die liberalis verabsoluteer vryheid; die kommuniste misken persoonlike vryheid in teorie en ontnem dit in praktyk. Betreffende die vryheidsbegrip het 'n mens hier dus twee uiteenlopende standpunte.⁹⁸⁾

Hierdie vryheidsbegrip van die Liberalisme is sy doodsteek. Die Liberalisme het in sy emansiepasielof drif magte losgelaat wat vryheid verwar met bande=

96) Treurnicht, A.P. op. cit. (In Vorster, J.D. e.a. Oorlog om die volksiel, p.142.)

97) Botha, E. op. cit., p.15.

98) Pretorius, W.G. op. cit., p.366.

loosheid. Vryheid beteken nou die losmaak van alle bestaande bande; 'n aftakeling sonder om op te bou; 'n rebellie sonder enige alternatief. Die resente studente-opstande is 'n sprekende voorbeeld.⁹⁹⁾

In sy beheptheid met die vryheidsidee neem die liberalis sekere praktiese werklikhede nie in ag nie, bv. dat vryheid sal ontaard in bandeloosheid, anargie en wetteloosheid indien die absolute voorwaarde vir vryheid, dit is verantwoordelikheid, nie nagekom word nie. Die liberalis is blind vir die feit dat ongebonde vryheid 'n voorwaarde is vir die propagering van Kommunisme. Sodra lg. gevestig is, verdwyn vryheid heeltemal. Die Kommunisme kan nie uitbrei en nuwe aanhangers vind sonder die vryheid van die geskrewe en gesproke woord nie. Veral daar waar die Kommunisme nog nie gevestig is nie, skree hy saam met die liberalis om persvryheid, vryheid van spraak, ens. Die liberalis berei dus op hierdie wyse die weg voor vir die Kommunisme.¹⁰⁰⁾

'n Volk is geneig om deur Kommunisme beïnvloed te word, sodra dit met Liberalisme deurdring is. Die liberalis tree op as voorloper van die Kommunisme

99) Van der Walt, T. Liberalisme en die nuwe Weste. (In Du Plessis, J.A. e.a. Magte en ideologieë van ons tyd, p.34.)

100) Pretorius, W.G. op. cit., pp.366-367.

t.o.v. die volgende:¹⁰¹⁾

- * In die vryheidsbegrip van die Liberalisme sien die Kommuniste bandeloosheid.
- * Gesag volgens die Liberalisme moet ingekort word, terwyl die Kommuniste beweer dat gesag omver gewerp moet word.
- * Die Liberalisme heg minder waarde aan die sedewette en die familiebande is nie so sterk nie. Die Kommuniste verkondig vrye-liefde en poog om die familielewe uit die weg te ruim.
- * Nasionaliteitsgevoel word deur die Liberalisme afgewater, en die Kommuniste wil alle nasionale trots verbreek.
- * Alhoewel godsdiens vir die Liberalisme minder belangrik is, glo die Kommuniste dat godsdiens uitgeroei moet word.

"In alle opsigte is die kommunisme net 'n verdere denke en radikalisering van die liberalisme. Die kommunisme is die reductio ad absurdum van die liberalisme,"¹⁰²⁾ skrywe Diederichs.

2.13.7 Liberalisme 'n verskynsel van die tydgees - 'n bedreiging vir die jeug

Die vernaamste struikelblok vir jongmense is die Liberalisme. Die liberaliste verwar die jongmense.

101) Diederichs, N. op. cit. (In Van der Walt, A.J. H. e.a. Hedendaagse staatkundige strominge, pp.26-27.)

102) Ibid., p.27.

Die weerbaarheid van 'n nasie word deur hulle afgetakel omdat hulle die geloofsankers van die volk ondergrawe. Die sedelike krag van 'n volk, sy norme en tradisies word deur hulle afgebreek. Hulle verrig die stootskrapperwerk vir die Kommunisme. Omdat hulle in hulle wese nihilisties afbrekend en negatief is, moet die bestaande afgetakel word. Dr. Vorster stel dit so: "Dit staan ook vas dat die kommuniste uit die kring van die liberaliste hulle meeste 'fellow travellers' en rekrute kry."¹⁰³⁾

Scholtz beweer dat daar ook in Suid-Afrika bewyse is dat daar bande gesmee word tussen sekere liberaliste en aanhangers van Kommunisme.¹⁰⁴⁾

Dr. Vorster sê verder: "Hierdie nie-Kommunistiese handlangers van die Kommunisme is vandag die grootste gevaar van die Weste, die Kerk en die Christendom."¹⁰⁵⁾

In Suid-Afrika is reeds heelwat Afrikaners wat deur die Liberalisme beïnvloed is. Hulle het geswig voor die idee dat alle mense gelyk is en dat daar tussen

103) Vorster, J.D. Openingsrede. (In Vorster, J.D. e.a. Oorlog om die volksiel, pp.15-16.)

104) Scholtz, G.D. Die bedreiging van die Liberalisme, p.102.

105) Vorster, J.D. Kommunisme die vuurrooi draak, p. 11.

mense geen onderlinge verskille bestaan nie.¹⁰⁶⁾

Scholtz beweer dat 'n Afrikaner wat niks weet van die Liberalisme nie, in werklikheid 'n bondgenoot is van sy grootste vyand. Die Afrikaner moet bewus gemaak word van die feit dat die voortbestaan van die Afrikanervolk deur die Liberalisme bedreig word. Ekonomies en andersinds sal die Afrikaner moet opoffer indien hy sy voortbestaan wil regverdig.¹⁰⁷⁾

Allermens kan die aanslag teen die lewensopvatting van die Suid-Afrikaner (jeug) geïgnoreer word. Vreemde lewensbeskouinge, o.a. die Liberalisme, word openlik en ook ondergronds bevorder. Die Liberalisme is besig met 'n felle aanslag teen die gees en moraal van behoudende en konserwatiewe Suid-Afrikaanse jeug. Hulle mikpunt is om die jong seuns en dogters sedelik te verlam sodat hulle daardeur die weerbaarheidspeil van die volk kan verlaag. Juis daarom is 'n program om die jeug weerbaar te maak uiters noodsaaklik. In sodanige program sal daar nie net ruimte gelaat moet word vir die volkseie nie, maar die jeug se aandag sal pertinent gevestig moet word op die volksvreemde.

106) Scholtz, G.D. Die bedreiging van die Liberalisme, p.107.

107) Ibid., pp.108-109.

2.14 Sekularisme

2.14.1 'n Omskrywing van die begrip

Volgens Duvenage dui Sekularisme op 'n lewensbeskouing wat van die geskape dinge uitgaan. Dit is 'n proses waarin elke herinnering aangaande die ewige vervaag. Die lewe hier op aarde het nou die einddoel geword. Dit is 'n soort lewenshouding waarin daar geen ruimte gelaat word vir God, sy Woord, sy Kerk en vir hoër geestelike waardes nie.¹⁰⁸⁾

Müller sien in Sekularisme verwêreldliking in sienswyse, maatstawwe en doelstellings. Daarmee gaan Godvergetenheid en kerkversaking gepaard. Hieruit word 'n nuwe moraliteit gebore.¹⁰⁹⁾

Heyns maak 'n onderskeid tussen die begrippe Sekularisme en sekularisasie. Hy beskou sekularisasie "as die veelsydige historiese proses waarin die mens bewus geword het van die belangrikheid van hierdie wêreld, sy roeping en taak in hierdie wêreld opnuut ontdek het, en die insig verwerf het dat die kerk en die teologie nie oor al die lewensterreine mag heers nie, en hy dus met sy selfstandige onder=

108) Duvenage, S.C.W. Die opstandige student, p.272.

109) Müller, J.J. Aanslag op die jeug. Die Kerk=bode, 125(2): p.44, 10 Jan. 1973.

soek van hierdie wêreld moet en kan voortgaan."¹¹⁰⁾

Volgens Heyns word met Sekularisme bedoel "die emansipasie van die mens van sy betrokkenheid op die kosmiese." Die sekulêre word verabsoluteer. Dit bereik sy hoogtepunt in die Nihilisme. Sekularisme kan met die woord of begrip Horisontalisme weer-gegee word, omdat die vertikale bande tussen die wêreld en God afgesny is en die wêreld uit geen ander bron as juis homself verklaar mag word nie.¹¹¹⁾

Die opwaartse lyn wat die wêreld met God verbind, wil die liberale mens nie meer raaksien nie. Daar bestaan nie meer 'n alwyse, almagtige God nie – 'n God wat van alles weet, wie se krag die mens nodig het om reg en goed te leef. Vir die liberale mens leef en werk die mens op aarde nie meer tot die eer van God nie. Die liberalistiese kreet om vryheid beteken ook vrywees van God. Die horisontale lyn is al wat tel, d.w.s. die verhouding van mens tot mens. Vir God se bestiering is daar geen plek nie.¹¹²⁾

Die mens het dus hier te doen met 'n lewe op aarde: 'n aardse horison met geen uitsig na die bo-aardse

110) Heyns, J.A. Sekularistiese teologie. Bulletin van die S.A.V.C.W. Nr. 18: p.2, April 1969, soos aangehaal deur Van Wyk, J.H. Eksistensie-teologie en Godsdiensoonderrig, pp.9-10.

111) Ibid., p.10.

112) Coetzee, J.C. Die gevare wat ons lewensbeskouing bedreig, p.8.

werklikheid nie. Alle vrae, ook vrae aangaande die godsdiens, word vanuit hierdie wêreld beantwoord.¹¹³⁾

2.14.2 Sekularisme: 'n tipiese uitdrukking van die hedendaagse tydgees

Van Wyk beweer dat sekularisasie en sy verabsoluteer=de vorm naamlik Sekularisme, een van die mees tipiese verskynsels van die tydgees is. Op feitlik elke vlak van die samelewing (die politieke, die sedelike, die wetenskaplike en ook op kunsgebied) tref mens hierdie ontkerkliking en verwêreldliking aan. In hierdie Horisontalisme lê vir die kommunis 'n middel tot 'n doel. Hiermee kan hulle die mens se gods=dienssin vernietig.¹¹⁴⁾

Volgens Skousen het Ludwig Feuerbach eenmaal gesê: 'The turning point of history will be the moment man becomes aware that the only God of man is man himself.'¹¹⁵⁾

Volgens Runia kan sekularisasie van die Weste terug=gevoer word tot en met die Renaissance en die Humanisme. Hy stel dit so: "De opnieuw ontdekte klas=

113) Heyns, J.A. Sterwende Christendom, p.31.

114) Van Wyk, J.H. Horisontalisme in die wetenskap veral soos weerspieël deur die hedendaagse opvoedkunde, p.2.

115) Skousen, W.C. The naked communist, p.37.

sieke kultuur zette de mens en zijn problemen in het centrum."¹¹⁶⁾

Hierdie sekularisering wat reeds oor so 'n lang tydperk strek, het tot gevolg 'n groeiende funksieverlies van die godsdiens, kerk en teologie. 'n Nuwe, selfstandige wêreld het naas die kerk ontstaan. Die kerk het bly voortleef in sy ou wêreld – 'n wêreld heeltemal anders as die waarin 'n groot deel van die mensdom tot sy reg gekom het. As gevolg van die breuk tussen kerk en wêreld het dit die idee laat posvat dat daar twee verskillende wêrelde is. Vroeër het die mens sy vertroue op die kerk gestel, maar weens die funksieverlies van die kerk het die mens homself meer tot die wetenskap, tegniek en welsynswerk gewend.¹¹⁷⁾

Van Wyk is van mening dat as gevolg van die voorts krydende sekularisering daar 'n vrees vir die toekoms oor die gesekulariseerde mensheid hang en dat allerlei "geestesbeweginge," allerlei neuroses en psigosos hiermee gepaard gaan.¹¹⁸⁾

Die moderne mens leef en wil leef in 'n wêreld waar hy volkome beheers word deur 'n lewensbeskouing van immanensie – die transendente bestaan nie meer vir

116) Runia, K. De practijk (toepassing) van het Calvinisme in een gesaeculariseerde wereld, p.1.

117) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, pp.11-12.

118) Ibid., p.14.

hom nie. Die volgende word as oorbodige begrippe beskou: skuld voor God, sonde, gewetenswroeging en kwaad. God bestaan nie meer nie, want God is dood. Dit is die uiterste tendens van die sekularistiese tydgees.¹¹⁹⁾

Hierdie verskynsel vereis die aandag van alle gelowiges en opvoedkundiges op alle terreine. Die voorstanders van die God-is-dood-teologie, verklaar onomwonde dat die God wat die wêreld tot hiertoe geken het, dood is. Daar is dus geen vertikale dimensie tussen die mens en God nie. Alles is horisontaal – bloot menslik.¹²⁰⁾

Volgens Heyns is Sekularisme, soos mens dit in die huidige tydgees aantref, 'n nuwe vorm van religiositeit. Dit is 'n nuwe godsdiens, want Sekularisme is nie 'n geloofsgebrek nie, maar 'n geloof in bepaalde dinge – ten diepste in die vermoë van die mens.¹²¹⁾

Die feit dat die mens so eie-standig is en op alle terreine van die lewe sonder God wil lewe en danksy die moderne wetenskap en tegniek dit ook skynbaar

119) Duvenage, S.C.W. op. cit., p.291.

120) Van Wyk, J.H. Horisontalisme in die wetenskap veral soos weerspieël deur die hedendaagse opvoedkunde, p.6.

121) Heyns, J.A. Sterwende Christendom, p.31.

kan verrig, vertoon so 'n besondere karakter dat dit as 'n eietydse verskynsel beskou kan word en kan dit met die woord Sekularisme aangedui word.¹²²⁾

In sy opsomming van Cox se werk, "The Secular City," stel Hart dit soos volg: "The modern world is a secular, a worldly world, a world turning toward itself and away from what ever does not truly belong to it, an independent and self-dependent world. Religion, dealing with what is not of this world really has no place in it. It may still be found here and there, but then at least it does not have place of public importance and is left strictly to the privacy of the parlor."¹²³⁾

2.14.3 Kenmerke van 'n sekularistiese tydgees

Twee groot rewolusies ('n industriële en 'n politieke) het tydens die negentiende eeu plaasgevind. Twee wêreldoorloë speel af gedurende die twintigste eeu. Op wetenskaplike en tegnologiese gebied beleef die mens skouspelagtige ontwikkelinge.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die mens sy wetenskaplike kennis verdubbel. Die mens het die mikro-en makrowêreld begin verower. Op politieke gebied

122) Ibid., p.32.

123) Hart, H. The challenge of our age, p.87.

is ontvoogding van die Afro-Asiatiese lande aan die orde van die dag. Bogenoemde bring dus mee dat die hede 'n besondere komplekse karakter vertoon. Die oue deug nie meer nie. Niemand is egter seker presies wat die nuwe sal inhou nie. 'n Herleefde, naïewe optimisme gaan gepaard met 'n lewensmoësinisme. Materialisme vier hoogty. Eensaamheid bereik te midde van die massa-konsentrasie ongeken=de hoogtes. Die jeug matig hulle self baie dinge aan. Die wetenskap en tegniek het baie sake moontlik gemaak. Dus kan die Horizontalisme en die Sekularisme as wesenstrekke van die tydgees beskou word.¹²⁴⁾

2.14.4 Sedelike verval – die gevolge van sekularisasie

Die geestelike, veral morele, verval is 'n tipiese kenmerk van die moderne tydgees. Die mens wat presies weet hoe om op te tree op die gebied van die stoflike, mis hierdie reëlmaat op die geestelike gebied – Nihilisme en permissiwisme gaan hand aan hand. Die lewens van baie mense word gekenmerk deur die verwerping van Bybelse waardes. Dit wil voorkom asof sukses, status, veiligheid, plesier en gemak die vernaamste mikpunt vir die Westerse wê=

124) Van der Walt, T. Die Liberalisme en die nuwe Weste. (In Du Plessis, J.A. e.a. Magte en ideologieë van ons tyd, pp.32, 33.)

reld word. Onvervalste dosisse van geweld, seks en moord word vir die mens (jeug) deur toneelskrywers, romanskrywers en die draaiboekskrywers van die rolprent opgedis.¹²⁵⁾

Volgens Van Wyk voel die mens op sedelike gebied 'n uitgeworpene en 'n oorgelewerde aan blinde noodlotsmagte. As gevolg van Sekularisme het die wêreld ontgoddelik geraak en dit het die ontmensliking van die mens tot gevolg. Die mens het van "iemand" tot "iets" ontwikkel; die mens het 'n massagesig gekry waardeur hy hom sedelik nie persoonlik aanspreeklik voel nie.¹²⁶⁾

Pieterse beweer dat die Suid-Afrikaanse jeug in 'n tyd leef waar die Westerse wêreld besig is om in 'n toestand van dekadensie te verval en dat die permissiwiteit juis hierin homself verlustig. Volgens hom, sal die sewentiger jare van hierdie eeu seerskerklik in die geskiedenis bekend staan as die deka-de van permissiwiteit. Gedurende hierdie tydperk is meer en meer vergunnings ten opsigte van die gedrag van mense gemaak. Die gedagte dat almal vry moet wees, is tot die uiterste gevoer, maar geen woord is gerep oor begrippe soos gebondenheid en verantwoordelikheid nie, juis dít wat so nou saam=

125) Graham, B. Wêreld in vlamme, pp.36-37.

126) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, p.32.

hang met die ware vryheid.¹²⁷⁾

Modernistiese teoloë beweer dat die Bybel geen objektiewe norme neerlê vir die sedelike lewe van die mens nie. Die enigste ware norm is die liefde teenoor jou naaste. Dít wat nie op hierdie norm gebaseer is nie, is nie aanvaarbaar nie.¹²⁸⁾

Die moderne mens maak aanspraak daarop dat hy "volwasse" geword het. Daarom dring hy aan op "volwasse" boeke, "volwasse" films, asook "volwasse" toneelopvoerings. Verder verkondig hy dat mense geleer moet word om "volwasse" oor seks te dink. Dit is heeltemal outyds en preuts om sake soos, voorhuwelike en buitehuwelike gemeenskap te bevraagteken. Mense wat hierdie standpunte huldig, beskou hulle self as modern, maar dit is ook die denke van mense wat met die geskiedenis nie rekening hou nie. Deur die eeue heen is dit bewys dat sedeloosheid en seksverval die merkteken is van die ondergang van beskawings. Coetzee stel dit pertinent: "So 'n volk, so 'n Westerse beskawing is magtelose prooi van die Kommunisme!!"¹²⁹⁾

127) Pieterse, J.E. Permissiwiteit en die jeug. Rehabilitasie in Suid-Afrika, 16(1): p.25, Maart 1972.

128) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, pp.32-33.

129) Coetzee, J.C. op. cit., pp.14-15.

Ook die blanke Suid-Afrikaner, veral die jeug, staan voor hierdie ernstige krisis van sedelike verval. Die Departement van Statistiek het die volgende onrusbarende syfers aan die pers bekend gestel: "Een uit elke vyf blanke huwelike het in 1971 ontbind – daar was 8 240 egskeidings en 42 121 huwelike", en verder: "Gedurende 1971 is daar 2 634 buite-egtelike blanke kinders in die Republiek gebore wat drie persent van die totale blanke geboortes verteenwoordig."¹³⁰⁾

Die ambassadeurs van seksualisme gaan uit van die veronderstelling dat die tydvak waarin die vaste Christelike norme – gegrond op Gods Woord – gegeld het, verby is. Mense leef nou in 'n na-Christelike era wat gekenmerk word deur seksuele vryheid en groter fisiese ekspressiwiteit. Die lewe moet geniet word, sonder skroom en sonder skuldgevoelens. Daarom word voorhuwelikse seksuele omgang as iets doodgewoon beskou. Dit is iets waartoe twee persone instem sonder dat die huwelik enige rol vervul.¹³¹⁾

2.14.5 Dwelmmiddelmisbruik – sekularisasie 'n moontlike oorsaak

Daar is mense wat wanhopig probeer om die werklikhede en die spanninge van die moderne lewe te ontvlug.

130) ANON. Blankes in skeihof voor Kleurlinge. Die Transvaler, p.15, 14 Feb. 1974.

131) Duvenage, S.C.W. Permissiwiteit as groeibodem vir misdaad, pp.11-12.

Daardeur kan onaangenaamhede, feite en werklikhede vermy word. Een van die maniere van ontvlugting is die gebruik van dwelmmiddels.

Volgens Loedolff is die dwelmmiddelprobleem nie slegs tot die stede beperk nie, maar kan dit by uitstek as 'n stedelike probleem aanvaar word. Die rede is gesetel in die stedelike leefwyse. In die stede vind mens 'n heterogene bevolking met groot verskille tussen taal, kultuur, godsdiens en herkoms. Die stedeling kom met baie mense in aanraking, sy persoonlikheid word egter nie in sy geheel in hierdie verhouding betrek nie. Die verhouding tussen mense is dus baie keer kortstondig en onpersoonlik van aard. Hoewel daar soveel mense is, bly die individu tog onbekend en dit lei tot vereensaming. Hy ondervind geen bevrediging in sy emosionele verhoudings nie. Die gevoel van isolasie kom dikwels by die stadsmens na vore. Dit dien dan dikwels ook as dryfveer tot die gebruik, en latere misbruik, van dwelmmiddels. Omdat die mens, wanneer hy dwelmmiddels sou gebruik, minstens tydelik voel asof hy verhef is bo die kleurloosheid van die alledaagse bestaan.¹³²⁾

In baie gevalle word daar by die stedeling gevind dat hierdie intieme persoonlike band met die gemeenskap vervaag. Sy gedrag word dus vir hom 'n per-

132) Loedolff, J.F. e.a. Dwelmmiddels – wat, hoe en waarom? pp.86-87.

soonlike aangelcentheid. Hy stel sy eie standaard= de wat in baie gevalle geweldig verskil van dié mense rondom hom. Dit wat hy goedpraat en wil doen, is nie onderhewig aan die goedkeuring van die mense in sy onmiddellike omgewing nie. Hierdie losheid van betrekkings tussen mense verskaf die gelcentheid om onbekend en uit vrye oortuigings op te tree. Die feit dat so 'n individu onbekend is, vrywaar hom van persoonlike veroordeling deur mense rondom hom. Die gemeenskap wys dus nie meer die weg aan nie. Juis dit is 'n vrugbare teelaarde vir verskillende vorms van afwykende gedrag en dus ook dwelmmiddelgebruik.¹³³⁾

Leech sê: "The world about us seems to adopt another set of standards to those we were to uphold; and understandably, there is confusion in the minds of many young people, together with a sense of frustration because they can see no way of changing the way the world is run. It is hardly surprising that one gets so depressed."¹³⁴⁾

Hy beweer verder: "It is hardly surprising really that in a world of doubtful standards, where wrong and misery are all around us, people become, reliant on drugs."¹³⁵⁾

133) Ibid., p.87.

134) Leech, K. e.a. Drugs for young people - their use and misuse, p.80.

135) Ibid., p.60.

Die jeug van die Westerse wêreld het in massamense verander, en in hierdie proses het hulle hulle persoonlikheid ingeboet. Baie is mense wat nie enige geestelike waardes in hulle lewe integreer nie, wat geen bindinge besit nie en wat geen waardes handhaaf nie en wat eintlik aan minderwaardigheidsgevoelens ly. ¹³⁶⁾

Faktore wat aanleiding gee tot die gebruik van dwelmiddels deur adolossente en volwassenes is baie dieselfde. Tog is daar sekere faktore wat by jeugdiges 'n belangriker rol speel as by volwassenes: ¹³⁷⁾

- Die huidige samelewing stel aan die mens, en veral die jeug, besondere eise. Hiervoor is veral die jeug kwesbaarder as die volwassene. Die mens lewe in 'n tydperk van omwenteling wat gekenmerk word deur die omverwerping van getigte waardes, gesag, geestelike en sosiale norme. Dit gee aanleiding tot verwarring by die jeug. Dikwels ontbreek daar dan ook die doelgerigtheid om 'n bepaalde ideaal in die lewe na te jaag. Dit lei tot frustrasie en gevolglik is hulle geneig om hulle ontevredenheid op die buitewêreld te projekteer. Onder die omstandig=

136) Pieterse, J.E. op. cit., p.26.

137) Loedolff, J.F. e.a. op. cit., p.80.

hede is dwelmmiddels vir hulle dan besonder aanloklik.

- By ander jeugdiges ontstaan daar 'n gevoel dat die lewe waardeloos is omdat hulle vir hulle 'n mikpunt gestel het wat buite hulle bereik is.
- Ander se huislike omstandighede het daartoe bygedra dat hulle nie die nodige sekuriteit het nie. Gevolglik is daar niemand om te raadpleeg i.v.m. hulle probleme nie. Hulle soek dan ontvlugting in dwelmmiddels omdat dit vir hulle ten minste iets gee wat hulle in 'n sinlose samelewing nie vind nie.

Baie soorte dwelmmiddels veroorsaak 'n gevoel van bravade en meer selfversekerdheid as wat die persone kan hanteer. Mense wat onder die invloed van dwelmmiddels is, word veral gekenmerk deur rumoerigheid, astrantheid en sedeloosheid.¹³⁸⁾

Betreffend die omvang en euwel van die dwelmmiddelvraagstuk in Suid-Afrika kan eksakte syfers nêrens verkry word nie. Die komitee wat die misbruik van verdowingsmiddels ondersoek het, het tot die gevolgtrekking gekom: "dat ondanks die gebrek aan vol-

138) Suid-Afrika Republiek. Verslag van die komitee van ondersoek na die misbruik van verdowingsmiddels, p.32.

doende beskikbare feite, die probleem nog soos 'n ysberg grotendeels verskuil lê en as 'n ernstige aangeleentheid gesien moet word.

.....Alhoewel dit nog nie as 'n probleem van nasionale omvang beskou kan word nie, sou dit binne af-sienbare tyd tot so 'n omvang kon ontwikkel. Die onheilskaduwee is egter daar dat die ontwikkeling in Suid-Afrika dieselfde diaboliese patroon kan volg as wat in ander lande die geval was, as die nodige maatreëls nie vroegtydig getref word nie."¹³⁹⁾

Vier jaar na die voltooiing van bogenoemde verslag skryf Coetzee: "Daar is onrusbarende tekens dat daar onder jongmense in Suid-Afrika 'n dwelm-ontploffing aan die kom is." Volgens welsynswerkers, blyk dit dat baie kinders reeds op 'n jeugdige ouderdom dwelms beproef. Daar is 'n stygende toename in die misbruik van L.S.D. en ander "harde" dwelms.¹⁴⁰⁾

2.14.6 'n "Nuwe mens" – die resultaat van 'n sekularistiese tydgees

Uit die eeu van die natuurwetenskap en die tegnologie het daar 'n nuwe geloof by die mense ontstaan in die wetenskap wat die geloof in Die Bybel ver-

139) Ibid., p.41. Kyk ook: Meer dwelmsmouse nou in S.A. besig. Die Vaderland, 59 (108015): p.3, 10 Julie 1975.

140) Coetzee, T. Pilramp bedreig S.A. jeug. Die Transvaler, p.1, 2 Mei 1974.

dring het. Vroeër is die natuur gesien as 'n skepping van God. Vandag word dit uitsluitlik deur die menslike natuur beheers. Die mens gewaar nie meer in die wêreld die spore van God nie, maar alles in die wêreld reken die mens homself toe. Die wêreld is vermenslik. Tans is die strewe van die hele mensdom om 'n beter wêreld te skep tot die welsyn van almal.¹⁴¹⁾

Geleerdes noem die mens wat uit die proses van sekularisasie na vore tree die "vierde mens." Hier= die "vierde mens" word deur Bonhoeffer beskryf as "die mondige mens." Die "vierde mens" is aardsgebonde.¹⁴²⁾

Volgens Duvenage beweer Bonhoeffer dat "die mondige mens" op alle gebiede sonder God kan klaarkom. In die natuurwetenskap, die filosofie, ens. is God nie meer nodig nie. Hy beweer selfs dat God aan die mensdom geleer het om sonder Hom te leef. God keur dit goed dat Hy uit die wêreld gedruk word. Bonhoeffer sien die kruisiging van Christus as bewys van laasgenoemde. Die mens is dus mondig en God is nie meer nodig om hom te beskerm nie.¹⁴³⁾

141) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensonderrig, pp.36-37.

142) Ibid., p.38.

143) Duvenage, S.C.W. Die opstandige student, p.294.

Die "vierde mens" is dus godsdiensloos. Die rewo=
lusie op wetenskaplike en tegnologiese gebied het
die hoeksteen van die beskawing – die godsdiens –
vir goed vernietig. Die "vierde mens" verstaan
nie meer die taal van die kerk nie; vir hom bestaan
die Christendom nie meer nie. Hy het 'n massage=
sig gekry en kan nie meer persoonlik aangespreek
word nie.¹⁴⁴⁾

Die gelowige mens van die twintigste eeu (veral die
jeugdige) bevind homself in 'n doolhoof van oënskyn=
lik onoplosbare probleme. Met hierdie probleme
word die mens (die jeugdige) gedurig in sy leef- en
denkwêreld gekonfronteer. Juis daarom is dit no=
dig dat die mens (jeugdige en opvoedkundige) die
wêreld waarin hy homself bevind, moet ken. Daarom
moet die jeugdige weerbaar wees na gees en liggaam
om hierdie ideologiese aanslag, nl. Sekularisme,
die hoof te bied – sodat die vertikale verhouding
tussen God en die mens weer herstel kan word. Die
mens moet besef dat in sy doen en late die eer van
God voorop gestel moet word.

2.15 Samevatting

Die weerbaarheidsideaal wat die Christenopvoeder
hom ten doel stel, kan slegs suksesvol verloop in=

144) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Gods=
diensonderrig, p.39.

dien hy 'n ontleding maak van aktuele denkstrominge wat die jeug se voortbestaan bedreig. Die Kommunisme, Liberalisme en Sekularisme is o.a. denkstrominge wat gevare inhou.

Die Kommunisme is 'n aktuele geestestroming wat hom as ideaal voorhou die verowering van die Weste – die Christendom. Die verbete fanatisme van hierdie ideologie is soms moeilik om te begryp. Alhoewel daar verskillende vertakkinge van Kommunisme bestaan, met klein onderlinge verskille, het hulle almal een ideaal en dit is die verowering van die vrye wêreld. Vir die doel van hierdie verhandeling is daar klem gelê op die Russiese of Sowjet-Kommunisme.

Vir die Christendom bied God die antwoorde op basiese lewensvrae. Omdat die Kommunisme God verwerp, moet hulle dus die antwoorde op hierdie vrae elders vind. Hulle vind dit dan in die vyf basiese leerstellinge van die Marxisme-Leninisme. Die belangrikste van hierdie stellinge is die "dialektiese en historiese materialisme," (afgekort die "diahistomat"). Die bewegingswette wat hierin verskyn, moet die wese van die mens en sy leefwêreld verklaar. Die materialisme van Feuerbach het Marx geïnspireer om stof en krag as die enigste bestaande te erken. Marx was eerstens revolusionis en nie filosoof nie. Hy wou ten alle koste die wêreld verander. Hy het die dialektiek van Hegel

in sy materialistiese filosofie vervat om daaraan lewenskrag te gee. Bauer se ateïsme het 'n verdere hydrae gelever tot die lewensbeskouing van Marx.

Klassegebondenheid is 'n verdere kenmerk van die Sowjet-Kommunisme. Hierin kristaliseer die hele stryd tussen kragte soos uiteengesit in die "diahistomat." Marx beweer dat 'n nuwe aardse Utopia sal bestaan wanneer die werkersklasse regeer. Klasseverskille sal opgehef word en alle besit sal gemeenskaplik wees. Marx het geglo dat die bestaande maatskaplike orde verrot is en in sy Manifest van 1848 het hy dan die arbeiders van die wêreld tot rewolusie aangespoor.

Dat hierdie fanatieke ideologie van Marx geweldige gevare inhou vir die Christenjeug is seker. Vir die kommunist is daar slegs een doel voor oë en dit is bewindsoorname. Die kerk en die Christendom, is volgens die kommunist, 'n vyand wat summier en meedoënloos vernietig moet word.

In sy aanslag teen die Weste maak die Kommunisme van enige metode en middel gebruik om sy doel te bereik. Die kommunist besef ook dat hy nie sy doel sal bereik, indien hy sy idees en gedagtes ongekleed die wêreld instuur nie. Kommunistiese denke moet aanloklik gemaak word. Hulle maak dus gebruik van infiltrasie, woordspeling en frontorganisasies om hulle saak te sterk. Daar bestaan selfs bewyse

dat die leiers van die internasionale geldmagte met die kommuniste heul.

Alhoewel die Kommunisme en die Liberalisme in baie opsigte verskil, is dit nie uitgesluit dat die Kommunisme ook soms die Liberalisme gebruik om die kommunistiese saak te bevorder nie.

Die blanke jeug van die R.S.A. het ook reeds die teiken geword van hierdie duiwelse ideologie. Die verspreiding van o.a. boeke en pamflette wat hierdie denkrigting propageer, is reeds bewys.

Die kommunis se opvattinge i.v.m. sedelikheid verskil totaal van die Christen se siening. Kommuniste gee nie om watter metodes hulle aanwend in hulle aanslag teen die jeug nie. Solank Kommunisme net seëvier.

Die taak van opvoeders om die jeug weerbaar te maak teen hierdie denkstroming, is o.a. om te sorg dat:

- Die jeug toegerus is met 'n suiwere kerkbegrip.
- Die jeug deeglik geskool is in die Christelike sedeleer.
- Daar by die jeug 'n sterk nasionale gevoel bestaan.
- Calvinisme die grondslag vorm van alle opvoeding.
- Daar kennis en begrip by die jeug bestaan t.o.v. hierdie denkstroming.
- Roepingsbewuste jongmense gekweek word wat met

werkywer besiel is.

- * Die jeug deeglik toegerus is om in hulle latere lewe 'n Christelike benadering te handhaaf teenoor hulle werkers, (blank en nie-blank) want ontevrede werknemers kan maklik die prooi word van hierdie duiwelse denkstroom.

Vervolgens is die Liberalisme 'n ideologie waarmee die Christenopvoeder in sy weerbaarmakingsprogram rekening moet hou. Die begrip Liberalisme is moeilik definieerbaar, nogtans kan die aanhangers van hierdie ideologie geïdentifiseer word aan tipiese liberale opvattinge.

Die sentrale beginsel van hierdie gedagterigting is dat alle mense absoluut vry is. Die liberalis handhaaf nie die Christelike opvatting dat die mense in sonde ontvang en gebore is nie. Die liberalis glo dat die mens goed is; die mens moet slegs sy kennis vermeerder dan sal sy lewe deur goedheid beheers word.

Die liberalis erken ook nie die kerk as goddelike instelling nie en staan onverskillig teenoor die godsdiens. Tussen die liberalis en die Christen is daar geen versoening moontlik nie.

Die gedagte van gesagsverwerping of rewolusie wat die Liberalisme huldig, voorspel gevaar. 'n Volk is geneig om deur Kommunisme beïnvloed te word sodra dit met Liberalisme deurtrek is. Liberalis=

me is 'n indirekte voorganger van die Kommuniste.

Die sedelikebeskouing van die Liberalisme hang ten nouste saam met hulle mensbeskouing. Die liberalis verkondig dat die mens, en nie Skrifgebonde norme^{nie}, moet bepaal wat goed of kwaad is. Liberalisme is een van die vernaamste oorsake van sedelike verval onder die Suid-Afrikaanse jeug.

Die aanslag van hierdie denkstroming teen die lewensbeskouing van die Afrikanerjeug kan nie geïgnoreer word nie. Die Liberalisme verwar die jeug; die jeug se geloofsankers word ondergrawe, hulle norme en tradisies word afgetakel.

Die opvoeders van die R.S.A. sal in 'n weerbaarheidsprogram nie slegs klem moet lê op die volkseie nie, maar wel ook die aandag van die jeug moet vestig op die volksvreemde.

Derdens is die Sekularisme 'n lewensbeskouing waar die aardse as uitgangspunt geneem word. In hierdie denkrigting is daar geen ruimte vir God, sy Woord en hoëre lewenswaardes nie. Sekularisme kan met die begrip Horisontalisme vervang word. Die vertikale bande tussen God en die mens word nou verbreek. Dit word vervang met 'n horisontale verhouding tussen mens en mens. Die wêreld word vanuit geen ander bron as juis homself, verklaar nie.

Sekularisme is 'n tipiese verskynsel van die tyd=gees. Op byna elke terrein van die samelewing tref mens hierdie ontkerkliking en verwêreldliking aan. Juis hierin sien die Kommunisme 'n middel tot 'n doel, daardeur kan die godsdiens van die Christen in hierdie wêreld vernietig word.

Hierdie aktuele geestestroming vereis die aandag van alle gelowige opvoedkundiges. Die sedelike en morele verval wat die tydsgewrig kenmerk, (veral onder die jeug) is 'n direkte gevolg van hierdie denkrigting. Die lewens van baie mense word gekenmerk deur sukses, status, veiligheid, gemak, hebsug en plesier. Bybelse waardes word op die agtergrond geplaas en menslike norme word die maatstaf waarmee onderskei moet word tussen wat reg of onreg is. Onvervalste berigging van geweld, seks, e.d.m. word deur kommunikasiemiddele aan die mens voorgehou. Die mens voel op sedelike en godsdienstige gebied verlate. As gevolg van Sekularisme het die wêreld ontgoddelik geraak en dit het ontmensliking tot gevolg.

Ook die Afrikanerjeug bevind hom midde in hierdie verwêreldlikingskrisis. Die verabsoluttering van die seksuele en dwelmmiddelmisbruik onder die jeug is die direkte gevolg van hierdie denkstroming.

Die taak van die opvoeders is o.a. om toe te sien dat:

- Die jeug se aandag gevestig word op hierdie subtiele gevare wat hulle voortbestaan bedreig.
- Die vertikale verhouding tussen die kind en sy Skepper herstel word. Die kind moet weet dat in alles wat hy doen, hy altyd die eer van God voorop moet stel.

HOOFSTUK 3

3. KARAKTERISERING VAN DIE "NEW LEFT" (NIEU-RADIKALISME, OF NIEU-MARXISME) AS AKTUELE DENKSTROMING

3.1 'n Omskrywing van die geestestroming "New-Left"

Brezinka omskryf die "New Left" as 'n internasionale, politieke, wêreldbeskoulike beweging. Volgens hom het die "New Left" bepaalde doelstellings en maak hulle van sekere middele gebruik om dit te bevorder. Volgens hom is die opvoeding vir hulle 'n sosiale handeling wat as middel dien tot die doel om die persoonlikheid van die mens te verbeter.¹⁾

Volgens Brezinka, stel die aanhangers van die "New Left" hulle ten doel om die heersende maatskaplike orde omver te werp en dit te vervang met 'n ideale, vrye maatskappy. Hy sê die "New Left" dui op 'n versamelnaam van sekere groepe en persone met een gemeenskaplike doel en dit is "die radikale Kritik an der westlichen Industrie-gesellschaft und der Glaube an die Weltanschauung des utopischen Sozialismus."²⁾

1) Brezinka, W. Die Pädagogik der neuen Linken, p.9.

2) Ibid., p.11.

Van Wyk sien in die "New Left" 'n nie-georganiseerde internasionale, radikale, linkse politieke beweging wat hulle ten doel stel om die bestaande maatskaplike, politieke en kulturele orde revolusionêr, op 'n Nieu-Marxistiese patroon, te verander. 'n Groot verskeidenheid persone en organisasies met hierdie doel voor oë, word dus as "New Left" geklassifiseer. Om hulle doel te bewerkstellig word veral gebruik gemaak van opvoedingsinstansies en massakommunikasiemedia. Dit dien dan as instrumente om hulle radikale linkse idees te versprei. Veral universiteite val hierdie Nieu-Marxistiese geestestroming ten prooi.³⁾

Volgens Duvenage karakteriseer Lothstein die "New Left" soos volg:⁴⁾

- "Die groot meerderheid van die 'New Left' is studente, hoofsaaklik blanke studente uit die middelklas."
- "Die 'New Left' is 'n radikale politieke beweging. Dit is nie gediend daarmee om maar net 'n parlementêre opposisie te wees nie. Dit geld as 'n uitdaging van gevestigde belange, verskanste institusies (sic), en oorheersende lewensstyle wat aan ontwikkelende kapitalistiese lande eie is."
- "Die 'New Left' is 'n anti-outoritêre beweging. Hy staan daarom in opposisie teen die institusionele outoritêrianisme van die Nieu-kapitalistiese lande."

3) Van Wyk, J.H. Die opvoedingsleer van die "New Left". Fokus, 1(3): p.155, Nov. 1973.

4) Duvenage, S.C.W. Die opstandige student, p.86.

- "Die 'New-Left' is anti-rassisties en anti-imperialisties."
- "Die 'New-Left' is utopies in sy lewende reaksie teen en negasie van die bestaande sosiale werklikheid."

Die "New Left" is dus niks anders nie as 'n politieke, morele opwekkingsbeweging wat sy beginpunt het by Nieu-Marxistiese en links-liberale intellektueles. Aanvanklik was die draers van hierdie beweging veral aangetref onder 'n aantal universiteitstudente, intellektueles en joernaliste. Die "New Left" is eintlik eers ontmasker na die studente-onluste in verskillende lande. Maar die "nuwe linkses" is veel meer as bloot 'n beweging wat homself beywer vir groter seggenskap. Skole en universiteite word wel as besondere belangrike middele beskou om die verandering van die bewussyn van die jong geslag te bevorder. Lg. is egter maar een aksieveld ter verandering van die bestaande. Die "New Left" beweer die bestaande orde is repressief (onderdrukkend), 'n laat kapitalistiese klasse-maatskappy, 'n outoritêre prestasie-maatskappy. Daarom eis die "New Left" 'n sosialistiese rewolusie om die bestaande orde omver te werp. Brezinka stel dit so: "Alles, was die Neue Linke tut, hat den Zweck, eine solche Revolution vorzubereiten."⁵⁾

5) Brezinka, op. cit., pp.11-12.

Marcuse sê: "Capitalism reorganizes itself to meet the threat of a revolution which would be the most radical of all historical revolutions. It would be the first truly world-historical revolution."⁶⁾

As gevolg van die heersende ekonomiese voorspoed in die Westerse wêreld is die mens geneig om nie veel ag te slaan op die politieke program van die "nuwe linkses" nie. By baie mense bestaan die geloof dat 'n rewolusie geen sukses sou hê in die bestaande orde nie. Brezinka vestig die aandag daarop dat die posisie wel kan verander, indien daarin geslaag kan word om die politiese en morele grondbeginsels waarop die bestaande orde berus, te vervang sodat meer mense tot die idee van 'n totalitêre sosialistiese wêreldbeskouing oorgehaal kan word. Volgens Brezinka is daar bewyse dat daar onder baie van die sg. intellektueles en studerende jeug reeds 'n besondere belangstelling vir hierdie nuwe heilsleer is. Hy wys daarop dat die idees van die "New Left" verder strek as slegs die persone en groepe wat uitdruklik die nuwe linkses aanhang. Dit sluit ook persone in wat selfs teen Kommunisme as politiese realiteit gekant is, en geweld as middel tot onverwerping van die status quo afkeer.⁷⁾

6) Marcuse, H. Counter-revolution and revolt, p.2.

7) Brezinka, op. cit., pp.12-13.

3.2 Kritiek teenoor die wetenskap en tegnologie

Aanhangers van hierdie ideologie is diep teleurgesteld in die gevestigde orde. Volgens hulle het die ouer geslag en die wetenskap niks bereik t.o.v. die oplossings van maatskaplike probleme nie. Die "New Left" aanvaar nie meer die bestaande gevestigde orde en oorgelewerde tradisionele waardes as vanselfsprekende oriëntasiepunte in die mens se worsteling om regverdigde lewensomstandighede nie. Hulle is erg bekommerd oor wat die toekoms sal meebring, indien met die bestaande orde voortgegaan word.⁸⁾

Die idees van die "New Left" kan soos volg ingedeel word:

- * Kritiek teen die bestaande orde.
- * 'n Positiewe teenbeeld vir 'n beter maatskappy.
- * Die middele om hierdie beter maatskappy tot stand te bring.

Die "New Left" is dus 'n protesbeweging. Die teknokrasie is onderdrukkend. Die individu lei volgens hulle onder die geldigheid van die prestasiebeginsel en die ingeperktheid van 'n eensydige beroepsarbeid. Omdat die vryheid van die individu aangetas word, raak die lewe vir die individu

8) Esterhuyse, W.P. Filosofie van die rewolusie, p.11.

sinloos.⁹⁾

Veral kom die "New Left" in verset teen die neutraliteit van die universiteit en die gaping wat daar bestaan tussen die samelewing en die wetenskap. Hulle protesteer teen die onbetrokkenheid van die mens van die tyd. Vir die aanhangers van die "New Left" is dit onverklaarbaar dat geïsoleerde, onbetrokke, neutrale wetenskap beoefen kan word, terwyl ellendes dreig om die mens onder te ploeg. In die huidige wêreldtoestand word die menslike lewe byna volkome georden en gestruktureer deur politieke kragte. Die "New Left" beskou politieke neutraliteit en betrokkenheid in die wetenskap as onverstandig, dwaas en onmenslik. Omdat die mens so nou verbind is met die wetenskap en die tegnologie, kan 'n mens nie losgemaak word van die wetenskap nie. Hierdie toestand is nie slegs onuithoudbaar nie, maar moet as ewel beveg word.¹⁰⁾

3.3 Die wysgerige agtergrond van die "New Left"

In resente filosofiese denke het die klem verskuif vanaf die abstrakte na die konkrete. Die mens se verhouding tot sy milieu het dus van kardinale belang geword. Die probleem hieraan verbonde is dat

9) Brezinka, op. cit., pp.15-16.

10) Van Wyk, op. cit., pp.155-156.

die milieu onpersoonlik is, maar nogtans baie faktore behels wat die mens onbewustelik kan beïnvloed. So het Adorno, volgens Esterhuyse, tot die gevolgtrekking gekom, dat, indien die mens homself wil verander, hy by die wêreld om hom moet begin.¹¹⁾

Met die groot ontwikkeling in die wetenskap en tegnologie het die twee begrippe: "gemeenskap" en "maatskappy," 'n veel dieper, wyer en omvattender betekenis gekry, naamlik 'n alles-omsluitende en alles-opslurpende doelgemeenskap, ten opsigte waarvan ander samelewingsverbande soos bv. die gesin, nie meer afgrensbaar is nie. Aangesien die sg. "maatskappy" nou die omvattende verband is waarin die mens leef, is dit te begrype dat Nieu-Marxistiese denkers hierdie maatskappy begin beskou as 'n faktor wat 'n betekenisvolle invloed op die gedrag van die mens kan uitoefen. In die lig van hg. beweert die Nieu-Marxisme nou dat die mens vandag geen sinvolle filosofie kan bedryf nie, tensy die mens:¹²⁾

- * aandag gee aan die dinge in die maatskappy wat die mens se bestaan bemoeilik;
- * 'n poging aanwend om sy omgewing, wat vandag tegnies bepaal word, meer persoonlik en leefbaar te maak, m.a.w. die vermensliking van 'n selfgeskape tegniese wêreld.

11) Esterhuyse, W.P. 'n Grondslag vir maatskappykritiek? (In Floor, L. e.a. Reformasie en Revolusie, p.267.)

12) Ibid., pp.267-273.

Die Nieu-Marxisme het begin wonder of die mens wel rede, het om optimisties te wees oor sy eie vooruitgang. In die etiek het die aksent van 'n "God-mens"-verskuif na 'n "mens-mens"-verhouding. Uit bg. is gebore die personele etiek wat deur Plattel mikro-etiek genoem is. Hierdie etiek is so genoem omdat dit slegs die nouere leefwêreld van die mens bv. sy huis en vriendekring behels en min of geen oog het vir die wyere lewensverhoudinge waarin die mens homself bevind nie. Hierdie personele etiek het Marx, Marcuse en andere verruim tot die gesigspunt dat die mens wel ook 'n boodskap het t.o.v. die maatskappy om hom en dat die individu ook 'n aandeel in die maatskappy het. Die mens, (volgens die Marxisme) is sosiaal betrokke by die maatskappy. Daarom kan die mens homself emansipeer en vrylik die dinge verwesenlik wat die lewe vir hom leefbaar en aanvaarbaar sal maak.¹³⁾

-
- 13) Ibid., pp.268-272. Bg. standpunt van die Marxisme hou egter nie steek nie, omdat die mens se doen en late in 'n sekere sin tog bepaal word deur wat hy reeds is. Anders gestel: die mens se "doen" word reeds bepaal deur sy "syn". Die idee van Marx dat die mens homself sal verwesenlik in ideale omstandighede wat hy geskep het, val terug in die tradisie van die sogenaamde vormingshumanisme. – Die "nuwe mens" kan gemaak word. Die knelpunt lê hier. Is dit dan nie juis "verkeerde mense" wat die verkeerde maatskappy tot stand gebring het nie? Hoe kan sulke mense 'n ideale maatskappy skep?

3.3.1 Die bydrae van Horkheimer, Marcuse en andere tot die wysgerige agtergrond van die "New Left"

In hulle werke poog Horkheimer, Adorno, Habermas en in 'n sekere mate, Marcuse om aan die Sosiologie 'n maatskaplik-kritiese taak te gee. Dit behels 'n volledig uitgewerkte metode vir die bestudering van die samelewing en maatstawwe om die huidige maatskappy as menslike realiteit te toets. Verder word deur die metode bepaal in watter mate die samelewing aan menslike maatstawwe voldoen.¹⁴⁾

In Horkheimer se kritiese teorie word die hele maatskaplike orde en dit wat daarmee saamgaan (gesag, godsdiens, staat, familie, wetenskap, ens.) filosofies ontleed. Aronowitz stel dit in die inleiding so: "The task of critical theory, according to Horkheimer, is to penetrate the world of things to show the underlying relations between persons. The appearance of the capitalist social intercourse is that of equal exchange between things. It is the

14) Botha, E. Politieke geweld: Aard, vorme en voorkoms van die verskynsel. (In Botha, E. e.a. Politieke geweld en rewolusie, p.22.) Die Nieu-Marxistiese denkers soos Adorno, Horkheimer en Marcuse se werke en gedagtes het meegehelp tot die filosofie van politieke geweld. Die Instituut van Sosiologiese Navorsing te Frankfurt, waarvan Horkheimer die stigter was, het veral 'n groot bydrae gelewer tot hierdie Nieu-Marxistiese benadering in die Sosiologie.

task of critical theory to see 'the human bottom of nonhuman things' and to demystify the surface forms of equality. According to Horkheimer 'the social function of philosophy lies in the criticism of what is prevalent.'¹⁵⁾

Volgens Horkheimer is opstand die gevolg van gesag, maar hy beskuldig die werkersklas van lamsakkigheid omdat hulle in tevredenheid hulle onderdanigheid aanvaar. Hy sê: "moral awareness, conscience and the concept of duty, for example have developed in intimate connection with coercion..." Gesag plaas, volgens hom 'n verbod op drifte. Die huwelik sien hy as 'n menslike instelling waarin gesag gedelegeer word. Hy sê: "Furthermore the regulation, for example, of sexual intercourse within the framework of marital union and family was economically conditioned and in part, the result of fearful coercion."¹⁶⁾

Die huwelik is dus vir Horkheimer 'n vorm van gesagsafdwinging - 'n regering in die klein. Die ouergesag word op die kind afgedwing. Hy stel dit so: "Because the father is de facto stronger, he is also de jure stronger. The child is not only to take the father's superiority into account, he is also to have esteem for it."¹⁷⁾

15) Horkheimer, M. Critical theory. Selected essays. Inleiding, p.xiii.

16) Ibid., p.58.

17) Ibid., p.100.

Omdat gesag volgens hulle opvatting onderdrukkend sou wees, glo die "New Left" aan 'n opvoedingstelsel sonder gesag. Leiding en straf wat as handige opvoedingsmiddele kan dien, word verwerp. Uiteensette verdraagsaamhede t.o.v. oortredings word aangeraai. Absolute toegeeflikheid moet openbaar word deur die opvoedkundige t.o.v. die kind se drange en begeertes, sodat die kind se persoonlikheidsontwikkeling nie gestrem word nie. Opvoeding moet as hulpmiddel dien om die kind los en leeg te maak en sodoende sy liefde vir die omgewing te ontnem. Slegs só 'n mens sal tot opstand en rewolusie aangespoor kan word.

Horkheimer sê: "Evil does not stem from nature, but from the violence committed by society against human nature striving to develop."¹⁸⁾

In sy ateïstiese siening beweer Horkheimer dat God 'n mensgeskape beeld is, waaraan die mens gemoedsuïting kan gee. So sê hy: "Rather the idea of God provided a framework for the limitless wishes and feelings of revenge, the plans and desires, which have arisen in connection with the struggles of human history."¹⁹⁾

Hy sê verder: "Religion is the record of the wishes, desires and accusations of countless generations."²⁰⁾

18) Ibid., p.276.

19) Ibid., p.58.

20) Ibid., p.129.

Horkheimer is van mening dat die kerk moet toesien dat die huidige gewoontes en tradisies in die bestaande sosiale sisteem gehandhaaf word. Dit alleen sal die kerk se posisie in die sosiale sisteem beveilig. Die kerk se posisie berus op die geloof dat "absolute justice is not simply a projection of men's minds but a real eternal power." Hy beweer verder "a future society, however, would cease to perpetuate this belief."²¹⁾

Uitgaande van Horkheimer se tipering van kritiese teorie verskyn 'n opstel van Marcuse in 1937, getiteld: "Philosophie und kritische theorie." Hierin identifiseer hy filosofie as die rasionalisme waarin die bewussyn alles radikaal, grondig fundamenteel bevraagteken. Volgens hom besit die bewussyn 'n oorskrydende funksie t.o.v. die bestaande orde. Die status quo is onredelik, maar moet tot redelikheid gebring word.²²⁾

Die kritiese teorie poog nie net om die bestaande maatskaplike orde te verduidelik nie, maar wil ook die mens en sy wêreld verander. So word die hele bestaande, sosiaal-maatskaplike verhouding ondersoek.

21) Ibid., p.130.

22) Esterhuyse, W.P. Filosofie van die rewolusie, p.13.

So beweer Marcuse dan dat vooruitgang in die tegnologie wêreld en materialistiese voorspoed lei tot ellende en armoede. Hy sê: "Productivity bore destruction within it and turned technology from an instrument of liberation into one of new enslavement."²³⁾

Hy sê verder: "all the wealth, the technology, and the productivity of this society cannot match the ideas of real freedom and of real justice which are at the center of socialist theory." Verder stel hy: "Developed industrial society has already won for itself much of the ground on which the new freedom was to have flourished."²⁴⁾

Marcuse poog om die teenstelling in die maatskappy bloot te lê en om 'n beter maatskappy daar te stel. Alle sake wat die mens se vryheid, geluk en redelikheid in die weg staan, word nie net aangewys nie, maar dit word ook weggewys, omdat daar beter moontlikhede is. Die bestaande orde is onmenslik en onregverdig. Marcuse kom met die gedagte om permanent nee te sê vir die bestaande orde. 'n Beginsel van totale negasie voer hy in sonder om iets veel positiefs in die plek van die bestaande te stel. In die bestaande orde is niks goeds nie en kan niks goeds kom nie. Teenoor die status quo

23) Marcuse, H. Negations; essays in critical theory, p.XV.

24) Ibid., p.XVII.

moet ten volle ge-agiteer word, en selfs geweld moet gebruik word om die bestaande te verander. Die regverdiging vir die gebruik van geweld sien Marcuse in die feit dat die mens in die bestaande orde onvry en ongelukkig is. Die bestaande orde moet tot suiwer waarheid gebring word. 'n Utopia kan volgens hom op aarde bewerkstellig word, indien dit wat die mens is en dit wat hy kan word, bymekaar gebring word. Marcuse beweer dat die bestemming van die individu nie van homself afhang nie, maar van 'n wederskepping van die hele mensdom. Hy waarsku egter dat die omverwerping van die status quo ononderbroke moet plaasvind anders verval die mensdom in stagnasie.²⁵⁾

Volgens Botha definieer Marcuse geweld soos volg: 'By 'revolution' I understand the overthrow of a legally established government and constitution by a social class or movement with the aim of altering the social as well as the political structure.'²⁶⁾

Direk teenoor die fenomenologie staan die kritiese teorie. Gegewens word, volgens Marcuse, nie net ontwaar, geregistreer, geklassifiseer en deskriptief geklarifiseer nie maar wil veral evalueer, konfronteer en voorskriftelik in opstand kom. Volgens Marcuse word die mens deur sisteme verslaaf.

25) Ibid., pp.134-158.

26) Botha, E. op. cit., p.23.

Die mens moet los kom van alles wat hom bind, die mens moet vry wees. Marcuse verstaan egter onder "vryheid": "outonome selfbepaling."²⁷⁾

In die verband stel Cranston dit so: "The New Left boost of its autonomy. It is independent. What is disappointing, is that the rule of orthodoxy has given way to the tyranny of fashion, and the New Left is in danger of becoming yet another destructive ideology."²⁸⁾

Die opvattinge van Marcuse sluit aan by die idees van Marx en Freud. Hierdie nuwe Freudgedaante kom dan in Marcuse se mensbeskouing na vore. Hy sien die ware mens as die gelukkige mens – innerlik so-wel as uiterlik ongebonde; vry om sy eie welluste en begeertes te bevredig. Hy verabsoluteer genot as die ware sin van die lewe. Die mens moet dus vry wees om te doen wat hy wil. Vryheid is dus vir Marcuse en sy aanhangers nie net vryheid vān nie, maar ook vryheid tōt. Op politieke gebied is die individu outonoom, selfbepalend, selfbeslissend en geen heteronome kontrole word geduld nie. Op die maatskaplike gebied is die individu vry van tradisies en die wette en reëls van die bestaande orde, m.a.w. vry van die "establishment." Ook op

27) Van Wyk, J.H. op. cit., p.157.

28) Cranston, M. The New Left, p.7.

die terrein van die wetenskap moet die individu vry wees van die sg. wetenskaplikheid wat hom bind.²⁹⁾

Brezinka beweer dat Marcuse strewe na 'n verandering in die natuur van die mens. Marcuse bepleit 'n herbepaling van waardes wat slegs deur rewolusie moontlik is. Brezinka beweer verder dat die gedagtes van Marcuse wortel in die werke van Rousseau (1712-1778), Robespierre (1758-1794) e.a. Reeds by hierdie voorgangers van die Franse rewolusie word die idee van verandering in die menslike natuur aangetref.³⁰⁾

Marcuse wil dus alle vorme van gesag en dissipline totaal vernietig. Hy is 'n voorstander van 'n massale opstand teen gesag, dissipline en moraliteit. Hy verkondig 'n rewolusie van instinkte. Alle seksuele selfdissipline moet verwerp word; die liggaam is niks anders as 'n instrument van plesier nie.³¹⁾

So kom Marcuse (uit die werke van de Maistre) tot die gevolgtrekking: "The apologia for religion and patriotism as the basis of society thus directly becomes the apologia of subordination and of an

29) Van Wyk, J.H. op. cit., pp.157-158.

30) Brezinka, W. op. cit., pp.19-20.

31) Kotzee, A.L. T.O.D. Omsendminuut, Nr. 6, p.7. 1972.

authority rising above all insight."³²⁾

Verder sien Marcuse die familie se posisie in die maatskappy soos volg: "The idea of the inheritance of property is one of the most effective factors through which the family is tied to the order of state and society which protects it, and the individual is tied to the family."³³⁾

Omdat die mens dus in alle opsigte onvry is, omdat die mens 'n slagoffer van die tegnokratie is, bepleit Marcuse geweld. Die heersende sisteem is volgens Marcuse heeltemal verkeerd en daarom is hy 'n voorstander van geweld op alle fronte.

Vir Marcuse is daar egter 'n verskil tussen geweld beoefen deur die onderdrukker, en geweld soos beoefen deur die onderdruktes. Reaksionêre geweld is vir hom verkeerd – revolusionêre geweld is vir hom aanvaarbaar. Cranston stel dit so: "Marcuse claims that violence is a feature of all existing regimes. 'Even in the advanced centres of civilisation', Marcuse writes, 'violence actually prevails.' And this to his eyes is bad violence. But violence used against the established system is another matter altogether."³⁴⁾

32) Marcuse, H. Studies in critical philosophy, p.117. Marcuse beskou nie gesag as gedelegeerde mag van God nie.

33) Ibid., p.120.

34) Cranston, M. op. cit., p.111.

Die rewolusiegees soos deur Marcuse bepleit, wortel in die filosofiese gedagtes van Heidegger. In sy ontleding van Griekse filosofiese poësie kom Heidegger tot die gevolgtrekking dat die mens in sy wese gewelddadig, revolusionêr en opstandig is. Hy sê: "Man is the violent one, not aside from and along with other attributes but solely in the sense that in his fundamental violence (Gewalt-tätigkeit) he uses power (Gewalt) against the overpowering (Überwältigende)."³⁵⁾

Die mens is byna 'n goddelike wese ("deinotation") en daarom aanvaar hy die uitdagings wat die aarde hom bied. Die mens wil die aarde beheers in alle opsigte. Slegs die dood is vir die mens finaal. Omdat die mens in sy wese opstandig en uitdagend is en oor 'n ontdekkingsdrang beskik, neig hy tot verandering. Bestaande grense moet oorskry word. 'n Wesenlike kenmerk van die mens is om anders te wees – die onbekende is uitdagend en dikwels lei dit tot katastrofe, skade en vernietiging van sy eie wese (bv. kernwapens).³⁶⁾

Volgens Heidegger, is die mens soekende. Ongeag voorspoed, verkies die mens om op "stormagtige waters" te vaar. In sy wese is die mens dus revolu=

35) Heidegger, M. An introduction to metaphysics, p.126. Heidegger se wysbegeerte het in 'n groot mate die vertrekpunte vir die "New Left" verskaf.

36) Ibid., pp.123-128.

sionêr. Die mens versteur die wet en die natuur rondom hom omdat dit deel is van sy wese.³⁷⁾

Heidegger sê verder: "All violence shatters against one thing. That is death. It is an end beyond all consummation (Vollendung), a limit beyond all limits. Here there is no breaking-out or breaking-up, no capture or subjugation."³⁸⁾

3.4 Die "New Left" – 'n kenmerk van die tydgees

Die nuwe rewolusie is 'n kenmerk van die tydgees en is dus nie meer gerig op die werkersklasse nie, maar wel op die jeug en die intellektualiste. Op hulle word staat gemaak om hierdie gedagte van rewolusie te bevorder. Die nuwe rewolusie behels nie slegs meer 'n politieke of ekonomiese omwenteling nie, daar word aangedring op die totale aftakeling van die bestaande kultuur van die Westerse wêreld. Hierdie kulturele rewolusie word gedra deur die "New Left" en ander organisasies. Hierdie morele

37) Ibid., pp.129-130. Die mens is dus in sy wese nie tevrede met sy bestemming soos deur God bepaal nie. In die Bybel vind ons talle voorbeelde, waar persone in opstand kom teen gesag. Adam, Absalom, Saul ens. Kain het Abel doodgeslaan. Genesis 4. Christus daarenteen was sonder hierdie sondes. Voor Pilatus was Christus nie uitdagend of uittartend nie.

38) Ibid., p.133.

aftakeling moet nie vanselfsprekend aanvaar word as kommunisties geïnspireer nie. Dit is die invloed van moderne denkers soos Marcuse e.a. Dit is egter waar dat die kommuniste hierdie idees en metodes van morele aftakeling kan gebruik om hulle eie doelstellings te bevorder.³⁹⁾

Die tradisionele opvatting van Marx dat die arbeider in opstand moet kom teen die kapitalistiese oorheersing, het tans sy momentum verloor, omdat die welvaart in die kapitalistiese stelsel deurslaggewend is. As gevolg van hoë lone, gunstige arbeidsvoorwaardes en dergelike reëlins, het die arbeidersklas deel geword van die sogenaamde "establishment." Slegs hulle wat nie behoorlik by die sisteem ingeskakel is nie, soos die studente en die nie-blankes, kan tot opstand teen die bestaande orde, die "establishment," aangespoor word. Die gewetes van die studente moet wakker gemaak word, sodat hulle bewus word van die onderdrukking van mense. Hierdie onderdrukking lê subtiel opgesluit in die kapitalistiese stelsel.⁴⁰⁾

So skryf Brink: "Because I know more than ever before that we are living in the midst of a world

39) Viljoen, G. van N. Die Afrikaner se antwoord op die gevare waarvoor ons staan. Handhaaf, 11(6): p.20, Maart, 1974.

40) Van Wyk, op. cit., pp.159-160.

revolution and it is the young generation of to-day who holds the key to it."⁴¹⁾

Met verwysing na Suid-Afrika sê hy verder: "But I have been amazed to discover just how closely the South African younger generation are in touch; just how deeply they are involved in the youth revolution; just how committed they feel to the necessity and inevitability of radical change."⁴²⁾

Die "New Left" wil dan die bestaande demokratiese sosiale struktuur omverwerp en dit vervang met 'n volmaakte samelewing waarin die individu absoluut vry is. Die norm vir vryheid word deur mense bepaal en nie deur Die Bybel nie.

3.5 Bondgenote van die "New Left"

3.5.1 Humanisme en die sogenaamde "Social Gospel"

By die Nieu-Marxiste kom die idee van outonome persoonlikheid baie sterk op die voorgrond. Dit strook met die opvattinge en basiese denke van die Humanisme. Volgens die Nieu-Marxiste sal die mens deur rewolusie in staat gestel word om op alle gebiede tot volle vryheid te ontwikkel. Dit stem ooreen met die religieuse grondpatroon van die Humanisme (dat mensli-

41) Brink, A.P. The youth explosion. Fair lady, 6(19): p.82, 11 November 1970.

42) Loc. cit.

ke vryheid die belangrikste is). Die klem val dus hier op die vryheidsideaal en nie op ordening van die natuur nie.⁴³⁾

Die Humanisme is 'n verskynsel van die tydgees. "God is dood," het die strydkreet van die Humanisme op teologiese gebied geword: Die mens het God nie meer nodig nie. Op tegnologiese gebied het die mens so ver gevorder en soveel prestasies bereik dat die mens nou self sy eie heil kan bewerkstellig. Die mensdom hoef nie meer rekening te hou met bomenslike metafisiese magte nie. In kerklike verband tree die sogenaamde "Social Gospel" sterk op die voorgrond. In die verkondiging van die evangelie gaan dit om die horisontale verhouding tussen mens en mens. Die vertikale verhouding tussen die mens en God is verbreek. Vir die verkondigers van die sg. "Social Gospel" gaan dit om die reëling van die samelewing volgens bepaalde norme, wat veral gebaseer is op 'n sosialistiese samelewingsteorie. Dit gaan vir hulle nie meer om die eer van God nie.⁴⁴⁾

Die moderne mens is mondig – godsdienstigheid is slegs 'n kenmerk van die infantiele mens. Die gedagte van 'n Vader in die hemel is kinderagtig en moet laat vaar word.⁴⁵⁾

43) Duvenage, S.C.W. op. cit., pp.445-446.

44) Viljoen, G. van N. op. cit., pp.20-21.

45) Van Wyk, J.H. Die toring het omgeval. Die Kerkblad, 72(2023): p.8, 29 Okt. 1969.

Die aanhangers van 'n horisontale lewenshouding sien kans om met enige mens onbeperk in vrede te lewe, alhoewel dit soms lei tot die verloëning van Christus. Naasteliefde en naastediens is die kreet. In hulle lewenshouding is hulle pragmaties, mensveranker en aardsgerig.⁴⁶⁾

Perrin som dit so op: "Careful analysis proves the Social Gospel to be nothing more nor less than an expression of economic determinism a long recognized Marxian dogma. In easily understood language the words 'economic determinism' amount to the concept that if man's economic environment is changed for the better, man will automatically be transformed into a better person. This transformation thus constitutes man's salvation." Verder sê hy: "In short, the Social Gospel is designed to save men by means of revolutionary tactics of reforming and restructuring society through radical political activism."⁴⁷⁾

Die sogenaamde "Social Gospel" het sy ontstaan te danke aan Rauschenbusch en Ward, (lg. 'n bekende kommunis) en volgens Perrin het die "Social Gospel" 'n geweldige bydrae gelewer in die afbraak van die Christelike beskawing. Perrin sê: "Needless to

46) Boneschans, J.H. Vertikalisme en Horisontalisme. Die Kerkblad, 72(1996): p.10, 23 April 1969.

47) Perrin, W.H. Look who's killing God, p.85.

say, the effects of the Social Gospel have been far-reaching."⁴⁸⁾

Dit gaan nie meer om die eer van God en die uitbouing van Sy Koninkryk nie, maar mede-menslikheid het die wagwoord geword.

So sê Perrin: "It becomes increasingly obvious, as one digs to the depths of the whole system, that at the bottom of the pit lies the Communist Manifesto, The wording of the Social Gospel follows Karl Marx line for line!" Hy sê ook: "That the Social Gospel is a product of the Anti-Christ on earth cannot be denied!"⁴⁹⁾

3.5.2 "Sensitiwiteitsopleiding" – 'n metode aangewend deur die "New Left" om hulle doel te bereik

'n Onderdanigheidsmentaliteit word, volgens die "New Left," by die mens verwek indien daar 'n verbod geplaas word op drifte. Hulle moedig dus vrye seksuele omgang, selfs masturbasie, aan. In die posering van die "New Left" om 'n sosialistiese nuwe mens te skep, word kitskursusse in die vorm van sensitiwiteitsopleiding aangebied. In hierdie kursus=

48) Ibid., pp.88-89.

49) Ibid., p.91.

se word die hele bewussyn en geestesgesteldheid van die jeugdige en die volwassene verander.⁵⁰⁾

Sensitiwiteitsopleiding moet nie gesien word as 'n geïsoleerde verskynsel nie, maar as 'n deel van 'n breë opset wat daarop gemik is om radikale veranderinge te bewerkstellig.

Volgens voorstanders van sensitiwiteitsopleiding het die moderne mens 'n prooi geword van 'n oorgeorganiseerde samelewing. Die individualiteit van die mens het totaal verlore geraak in hierdie komplekse tegnologiese tydvak. Die mens beleef 'n intense krisis. Dit word deur die voorstanders van hierdie metode aangevoer as rede vir die ontstaan, die noodsaaklikheid en die sukses daarvan.⁵¹⁾

Volgens Schlebusch beskou Schein en Bennis modernisasie as die hooforsaak vir die krisis waarin die mens homself bevind. Onder die begrip modernisasie verstaan hulle:⁵²⁾

- * 'n stygende vertroue in die tegnokratie vir die oplossing van menslike probleme;
- * die toenemende verstedeliking en 'n meganisering van veral die kommunikasiestelsels;

50) Van Wyk, J.H. Die opvoedingsleer van die "New Left". Fokus, 1(3): p.167, Nov. 1973.

51) Schlebusch, A.L. Derde tussentydse verslag van die Kommissie van Onderzoek na Sekere Organisasies, pp.25-27.

52) Ibid., pp.26-27.

- * die bevolkingsontploffing, en dergelike heden=daagse verskynsels.

Bogenoemde word dan as redes aangevoer, waarom die mens vervreemd, bekommerd, eensaam en desperaat na 'n doel en eie identiteit in die lewe seek. Die spanninge van die hedendaagse gemeenskap vereis dat die individu homself weer opnuut moet vind en aanpas. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van projekte met die doel voor oë om 'n verbetering te bewerkstellig in die "social practice in the spirit of science and democracy."⁵³⁾

In sy ondersoek na die invloed van sensitiviteits=opleiding op sosio-politieke ideologieë, het die Schlebusch-kommissie gebruik gemaak van eksperimentele bevindinge van Breer en Locke. Laasgenoemde beweer: "...it was possible to affect experimentally, the broader dimensions of individualism-collectivism, egalitarianism-authoritarianism and religiosity."⁵⁴⁾

Die Schlebusch-kommissie kom tot die volgende gevolgtrekking i.v.m. sensitiviteitsopleiding:⁵⁵⁾

- * mense verander tydens hierdie metode van opleiding;
- * hierdie veranderings lei tot veranderings in hulle politieke denke;

53) Loc. cit.

55) Ibid., pp.47-48.

54) Ibid., p.44.

- * enige soort denke o.a. Kollektivisme (wat eintlik Sosialisme is) kan deur manipulasie tuisgebring word;
- * veranderings is in sekere gevalle blywend;
- * daar word verwag van veranderdes om hulle in hulle omgewing te laat geld;
- * die bedrywers van hierdie tegniek ag dit hulle morele plig om die mensdom te verander – maar hulle reg in dié verband wil hulle egter nie bespreek nie;
- * die mate waarin mense verander, word bepaal deur die "wysheid" van die "trainers."

Van belang is dat die "wysheid" van die "trainer" nie vooraf bekend is aan die deelnemer nie. Indien die "trainer" oortuig sou wees dat die enigste oplossing vir die mensdom se probleme internasionale Sosialisme of Kommunisme sou wees, gaan die deelnemers onbewustelik aanhangers word van hierdie ideologieë. Indien permissiwiteit en bandeloosheid die "wysheid" van die opleier is, sal die deelnemers nader aan hierdie norm beweeg. Persone wat nie die opvattinge van die opleier huldig nie, is makliker beïnvloedbaar as persone wat reeds naby die norm beweeg.⁵⁶⁾

Sensitiwiteitsopleiding is niks anders as 'n vorm van kondisionering of breinspoeling nie.

56) Ibid., p.48.

Dit blyk uit getuigenis dat sensitiwiteitsopleiding geweldige gevare kan inhou vir die deelnemers indien die tegniek beoefen sou word deur on- of swak-gekwalfiseerde persone. In dié verband is daar soos volg getuig: "Dit is my kontensie en dat dit 'n gevaarlike metode is in die hande van leke" en verder: "Dit is waarvoor ek pleit dat mense wat hierdie metodes gebruik, mense moet wees wat verantwoordelikeheidsin het en wat die gevare van hierdie tipe terapie ken."⁵⁷⁾

Ook Suid-Afrika, en veral die blanke jeug, word nie gespaar wanneer die "New Left" sy ideologiese aanslag teen die bestaande orde loods nie. Die "Wil-gespruit Fellowship Centre" is een van die sentra waar sensitiwiteitsopleiding in Suid-Afrika aangebied is. Persone uit verskillende strata van die samelewing het reeds daar kursusse bygewoon. Stude-dente, onderwysers, skoliere, huisvrouens, verpleegsters, nonne, sakemanne en maatskaplike werkers het onder die kursusgangers resorteer. Uitgewerkte programme met volgepakte tydroosters wat doelbewus daarna gestreef het om die deelnemers fisies en geestelik uit te put, was aangebied.⁵⁸⁾

Voor die Schlebusch-kommissie is daar getuig dat daar met die opleiding gepoog is om bestaande norme af te breek en 'n verandering in waardes te bewerk-

57) Ibid., p.76.

58) Ibid., p.85.

stellig. So word getuig: 'Mark had many problems within himself. He said he felt cruel fascistic. His family did not like it. He wanted a solution but the group could not give it to him. Everybody felt frustrated. I felt absolutely tapped, very involved. Mark was afraid of change. Van der Plank said change always brings conflict. Mark wanted to be more of a leftist and was afraid because at times he was conservative and to the right.' By 'n ander geleentheid: 'This was the day on which the most wine was drunk, one gallon after the other. Elza felt inclined as she put it, 'to provoke someone to anger.' It is amazing how quickly a relaxed situation can be changed into a conflict. Elza especially provoked David until he eventually slapped her face. She then started worrying other group members and afterwards she and Oscar landed up on the floor, at first they wrestled and then they caressed....'. 'n Getuie beweer verder dat by 'n sekere geleentheid: 'Women openly discussed their ability or inability towards orgasm etc., in front of the group.' Sommige kursusgangers het hulle skuldig gemaak aan die gebruik van sterk drank, dagga en onkiese taal.⁵⁹⁾

Die praktiese uitvoerbaarheid van sensitiwiteitsop= leiding hang ten nouste saam met die doel wat bereik wil word. Drie hoofmomente kom konstant na

59) Ibid., pp.86-96.

vore in alle sensitiviteitsopleiding:⁶⁰⁾

- "Unfreezing": Dit wil sê die totale aftakeling van waardes en norme wat eie is aan die deelnemer by aanvang van die kursus.
- "Changing": Die deelnemers word gestroop, en die groep leer nou gesamentlike nuwe waardes, norme en gedragspatrone aan.
- "Refreezing": Dit is die proses van afronding waarin die nuwe norme, waardes en gedragspatrone, met die res van die persoonlikheid geïnkorporeer word.

Volgens Pont is sensitiviteitsopleiding en alles wat daarmee gepaard gaan maar slegs een onderdeel van 'n veel groter psigopolitieke aanslag. Volgens hom is ander fasette in die aanslag: die propagering in die gebruik van dwelmmiddels, psigediese musiek, ens.⁶¹⁾

3.5.3 Kuns en "rock"-musiek die medium waardeur die "New Left" sy filosofiese beskouings oordra aan die jeug

Snyman beweer dat daar 'n magsmotief skuil agter die bedryf van kuns in die twintigste eeu. Volgens hom, stel Kandinsky dit so: 'Kuns is mag.' Omdat die wetenskap vandag dan afsydig, neutraal en onver-

60) Pont, A.D. Sensitiviteitsopleiding, p.10.

61) Ibid., p.17.

skillig sou staan teen die kwaad van die wêreld, is die neiging dan om hierdie probleme veral dié van die mens en die toekoms in die kunste te ontleed. Hy sê verder: "Dit bring mee dat wat tans in die verskillende kunste aan die gang is, nie meer die uitsluitlike studieveld van kunskenners is nie, dog al meer aandag van sosioloë, teoloë, wysgere en kulturoloë ontvang."⁶²⁾

Volgens Horkheimer beweer Dewey, dat kuns: 'the most universal and freest form of communication' is. Dewey sê verder: 'Art breaks through barriers which are impermeable in ordinary association.'⁶³⁾

Noebel stel dit so: "Communists have openly declared culture (music, art and literature) to be in their sphere of weaponry." Hy sê verder: "Moshe Decter, in The Profile of Communism, admits, 'The Communists endeavor to capture men's minds through the cultural offensive.'⁶⁴⁾

Marcuse sê: "The tension between art and revolution seems irreducible. Art itself, in practice, cannot

62) Snyman, J.J. "O Freunde, nicht diese Töne!" Denkproblematiek in kontemporêre musiek. (In Floor, L. e.a. Reformasie en revolusie, pp. 144-145.)

63) Horkheimer, M. op. cit., p.279.

64) Noebel, D.A. The Marxist minstrels; Inleiding, p.i.

change reality, and art cannot submit to the actual requirements of the revolution without denying itself. But art can and will draw its inspirations, and its very form, from the then - prevailing revolutionary movement - for revolution is in the substance of art."⁶⁵⁾

Die "New Left" glo dat die bestaande orde onderdruk= kend is. As gevolg hiervan het die individu sy vryheid ingeboet, maar kuns beskik oor die mag en moontlikheid om die mens te bevry uit die versla= wing van die tegnokrasie. Ook die musiek moet 'n nuwe boodskap bring en 'n nuwe weg aanwys omdat die huidige beskawing hom in die "duisternis" be= vind. Die "New Left" bevorder dus wetend of onwe= tend hierdeur die kommunistiese ideaal.

Omdat daar in die sestigerjare nie aanvaarbare vorme van liefde en gekoesterde intermenslike verhoudings op seksuele ekonomiese en politieke gebied vir baie jong mense bestaan nie, kom die boodskap van liefde en vrede - veral in die popmusiek - op 'n negatiewe

65) Marcuse, H. Counter-revolution and revolt, p.116. Marcuse verstaan onder "art" letter= kunde en musiek.

wyse.⁶⁶⁾

Ook in Suid-Afrika het die musiek reeds sy inslag gevind. So het "rock"-musiek 'n belangrike instrument geword in die hande van mense wat opstand en rewolusie verkondig.

Die woorde van die volgende liedere getuig hiervan.⁶⁷⁾

Marat/Sade deur ene Judy Collins

'String-up every aristocrat,
Jail all the priests and let them live on
their fat.
Down with the ruling class.
Throw all the generals out on their a....
Why do they have the power?

-
- 66) Snyman, J.J. op. cit., p.147. Die meeste outeurs maak egter geen onderskeid tussen popmusiek, "rock"-musiek en psigedeliese musiek nie. Omdat popmusiek dui op populêre musiek en "rock"-musiek populêre musiek onder die jeug is, word verkies om die term "rock"-musiek te gebruik. Psigedeliese musiek is "rock"-musiek in kombinasie met harde ritme, beligting en dwelmmiddelmisbruik. Die musiek word dan eintlik 'n verlengstuk van die effekte van die dwelmmiddel en word ook dan beskryf as "mind expanding." Die basis van enige vorm van psigedeliese kuns is disoriëntasie in tyd en omgewing.
- 67) De Ridder, J. & De Bruyn, P.J. Stel die geeste op die proef, pp.6-7.

'Why do they have the friends at the top?
We've got nothing, always had nothing.
Living in holes, dying in holes.
Holes in our bellies and holes in our clothes.

'Marat, we are poor and the poor stay poor.
Marat don't make us wait anymore.
We want our rights and we want them now.
And we don't care how.
We want our revolution now.

'Fighting all the gentry, fighting for some
meat.
Fighting all the businessmen, the bourgeois
and the military beast.
Marat, you're always ready to stifle every
scheme
Of the sons of the a.... licking, dying
regime.

'Jail them or give them all the axe.
Screaming in a language that no one under=
stands;
For the rights that we grab with our own
bleeding hands.
When we've wiped out the bosses and stormed
through the walls,
Of the prison they told us would outlast us
all....

'We want our rights and we don't care how;
We want our revolution now.'

en verder:

Die album revolution '69 van 'The lovin
spoonful'

'And no one dares to ask them what they do
after dark,
And the prize they give to man who kill is
a statue in the park.
Don't let them cut your wings dear ones
before you learn to fly,

Too soon the game will seem too real and then
no one will ask why
I'm scared to start, but can't stop my heart,
now I want the Revolution....

'Let's hang together then good friends,
or you know we'll hang alone,
and the hawks that fly will tear your
eyes and rip the skin clean off your bones.
I'm afraid to die, but I'm a man inside,
and I need the Revolution;
and I'm crying watching brothers of mine doing
time for making those waves,
about evil men sittin' an' then laughin'
lovin' the system they've saved.
All those heavy-handed, hit-down-hard arms
that've pushed me to this fight,
And I'm tired of seeing our name done wrong
when it's us who gives 'em the right.
And if looks can tell, sure as hell, we're
gonna have our Revolution'.

Die liedjie van die "Beatles" 'Back in the U.S.S.R.'
is nog maar ook 'n voorbeeld van revolusionêre opstoe-
kery.⁶⁸⁾

'Been away so long I hardly knew the place;
See it's good to be back home.
Leave it till tomorrow to unpack my case,
Honey disconnect the phone,
You don't know how lucky you are boy,
Back in the U.S., back in the U.S.,
Back in the U.S.S.R.'

Volgens Noebel word die "Beatles" deur die "New
Left" as kulturele helde aanvaar. Hy skrywe dāt

68) Noebel, D.A. op. cit., p.67.

die volgende deur die "Saturday Evening Post" in die verband gerapporteer is: 'To British intellectuals, the Beatles are carrying the banner of the British beat generation, and their success represents a breakthrough for the social rebellion the Beatles represents.'⁶⁹⁾

'Imagine,' die plaat wat gesing word en gekomponeer is deur die eertydse Beatle, John Lennon, is vrylik in Suid-Afrika beskikbaar. Die woorde lui soos volg:⁷⁰⁾

'Imagine there's no heaven,
See it you'll try,
No hell below us
Above us only sky
Imagine all the people
Living for the day.

'Imagine there's no country,
Loving all to do,
Nothing to live or die for
and no religion to -
Imagine all the people
Living in love and peace.

'You may say I'm a dreamer
But I'm not the only one,
I hope someday you'll join us,
and the world will be won.

'Imagine all the sessions,
I wonder if you can,
No need to breed the
hunger of brotherhood of man.
Imagine all the people
cheering all the world.'

69) Noebel, D.A. The Beatles. A study in drugs, sex and revolution, p.35.

70) Stadler, J.H.E. Terrorisme binne die grense van Suid-Afrika met die jeug as teiken, p.21.

Die praktiese uitlewing van hierdie vryheidsidee deur 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse jeug wek groot onrus. Die gesonde gesinslewe, huisgodsdiens, die Bybel en die kerk vorm in baie gevalle nie meer die fondament van die jeug se opvoeding nie. In baie van die groot stede in die R.S.A. poog die jeug om die wêreld te ontvlug, om vry te wees. Die gebruik van dwelmmiddels het tot gevolg handeloosheid, seksorgies, ens. Met hulle optrede speel hulle reg in die hande van die "New Left" wat glo dat 'n vrye, identiteitslose wêreld geskep moet word.

Noebel kom tot die gevolgtrekking dat daar ook ander waardes is wat die "New Left" in die Beatles waardeer. Hy noem onder andere hulle onbeskoftheid, vulgêre optrede, godslastering en veral die gebruik van onkiese taal. Hy sê verder: "But the major value of the Beatles to the Old Left, New Left and the Left in general, surpassing even all of the above has been their usefulness in destroying youth's faith in God."⁷¹⁾

Gedurende 1965 het een van die Beatles, John Lennon, die vulgêre werk "A Spaniard in the Works" gepubliseer. Op verskeie plekke word beeldspraak gebruik om Christus bespotlik te maak, en om Hom te verkleineer. So beskryf hy Christus as: 'a garlic eating, stinking little yellow greasy fascist bastard Catho=

71) Noebel, D.A. The Beatles. A study in drugs, sex and revolution, pp.37-38.

lic Spaniard.'⁷²⁾

Noebel wys daarop dat in die sg. "rock opera", "Jesus Christ Superstar", gruwelike vervalsing en verdraaiing van die Bybel aangetref word. Die Godheid van Christus word geloën, en Christus word voorgestel as 'n bespotlike dwaas. Die uit-spraak van Herodes in die opera is 'n bewys hiervan: 'Prove to me that you are divine. Change my water into wine' en verder: 'Prove to me that you are no fool - walk across my swimming pool.' Hy sê ook: 'Feed my household with this bread - you can do it on your head.'⁷³⁾

In sy kritiek sê Snyman: "Om kortpad te loop: Jesus Christ Superstar kan vrug wees van sekularisasie, maar dit is terselfdertyd 'n keerpunt: 'n heftige verset ge-uiter as radelose krete uit die donkertes van godsdienstige relativisme en nihilisme met geen uitsig op 'n uitweg nie.'⁷⁴⁾

Nieteenstaande streng wetgewing in Suid-Afrika teen die gebruik van dwelmmiddels, word die gebruik daarvan deur sekere "rock"-liedere doelbewus gepropageer en aangemoedig.

72) Ibid., p.40.

73) Noebel, D.A. The Marxist minstrels. A Handbook on communist subversion of music, p.243.

74) Snyman, J.J. op. cit., p.153.

Snyman sien dwelmmiddels wat 'n inherente bestand=deel van die "rock"-kultuur geword het, asook die aanhang van die Oosterse mistiek en psigedeliese musiek, as fasette van die "rock"-kultus om op te tree as plaasvervangers vir 'n religie wat dan kwan=suis teleurstellend is.⁷⁵⁾

Nie alleen word die rewolusiegees deur "rock"-musiek aangeblaas en dwelmmiddelmisbruik gepropageer nie, maar op blatante wyse word die seksuele by die mens (veral die jeug) aangewakker.

In baie liedere word daar gepoog om die bestaande instellinge belaglik te maak deur die onsedelike voor te hou as vanselfsprekend. Hierdie "rock"-musiek is opgeneem in die stryd teen die sg. huigelaagtige moraal van die huidige samelewing. Geslagsiektes toon 'n skokkende toename maar terselfder=tyd speel seksskandale hulle af in die hoogste kringe.⁷⁶⁾

Die verborge gevare van "rock"-musiek kan die op=lettende luisteraar nie verbygaan nie. Dit blyk dat "rock"-musiek die volgende ten doel het:

- * die jeug moet gedemoraliseer word;
- * by mense (veral die jeug) moet 'n toestand van neurose geskep word;

75) Ibid., p.154.

76) Ibid., p.147.

- * in die Westerse beskawing, geskoei op Christelike beginsels, moet chaos geskep word.

Volgens Snyman, beoog "rock"-musiek om: "deur klanken en kleurspel, verder gestimuleer deur 'mind-expanding' dwelmmiddels, 'n situasie te skep wat die deelnemer psigies deurdring en hom irrasioneel laat vervloei in 'n onherhaalbare, onkontroleerbare, absolute ervaring as opsetlike substituut vir dergelike sg. ervarings wat die religie (van die Christendom) nie meer kan bied nie. (Vanweë – so lui die beskuldiging – akkomodasie aan die nugtere wetskapslikheid van die twintigste eeu, en dorre intellektualisme in die geloofsleer.)"⁷⁷⁾

Dat sekere vorme van kuns en musiek 'n hydrae lewer tot 'n gees van verontagsaming van welvoeglikheid en van erkende, gerespekteerde sedelike norme, is dus baie duidelik. Hierdie beoefenaars lewer dus wetend of onwetend 'n geweldige hydrae tot die idees van die "New Left", naamlik die ontmaskering, die verandering en die omkering van die status quo. Die "New Left" is wel deeglik bewus daarvan dat wapens nie maklik 'n volk met inbors op sy knieë kan dwing nie. Die uitweg is dus voor-die-hand-liggend: Verswak die volk se ego en maak die volk geestelik vrot. Kondisioneer mense om sedelikheid

77) Ibid., p.154.

met agterlikheid te verwar en onkiesheid en kruheid as 'n bewys van intelligensie te sien.

Waar die Christen die Bybel as norm aanvaar tussen reg en verkeerd, gaan die "New Left" sover om mense aan te moedig om hulle eie oordeel te vorm in hierdie verband. Dit lei tot chaos en wanorde en hierdeur word die kommunistiese doelstelling wetend of onwetend bevorder – die verowering van die wêreld.

3.6 Slotopmerking

Dit blyk dat die "New Leftisme" reeds 'n houvas op baie van die Suid-Afrikaanse jeugdiges, bewustelik of onbewustelik, het. Dit is dus van die uiterste belang dat elke Suid-Afrikaner en opvoedkundige hom deeglik vergewis van hierdie ideologiese tendense.

Die "New Left" wil die jeug kondisioneer. Bestaande Bybelse norme, gesag, vryheid, ordentlikheid, ens. moet vervang word met menslike norme. Die mens moet volgens hulle onderskei tussen goed of kwaad, tussen reg of onreg. Die bestaande demokratiese struktuur moet vernietig word, en vervang word met 'n aardse Utopia.

Juis daarom is dit so nodig dat die blanke jeug van Suid-Afrika weerbaar sal wees. Die jongmense moet nie slegs in staat wees om hierdie volksvreemde

ideologieë te identifiseer nie, maar hulle moet ook daadwerklik meehelp om dit uit te wis. Die jeug sal in die opvoeding gewys moet word op hierdie gevare wat die volk bedreig, en die opvoeder sal riglyne moet verskaf hoe om hierdie aanslae af te weer.

Indien die jongmense van Suid-Afrika nie oor hierdie weerbaarmakende eienskappe beskik nie, sal hulle maklik die prooi word van 'n subtiele en uiferslinkse aanslag. Die weerbaarmaking teen ideologiese tendense van die tydgees moet 'n integrale deel vorm van opvoeding op alle terreine.

3.7 Samevatting

Alhoewel daar talle omskrywinge van hierdie denkstroming bestaan, kan die volgende tog as tiperend beskou word. Die "New Left" is 'n nie-georganiseerde internasionale, radikale, linkse politieke beweging. Hul uitsluitlike doel is om die bestaande orde op 'n Nieu-Marxistiese patroon te verander. 'n Groot verskeidenheid organisasies en persone met hierdie doel voor oë word as "New Left" geklassifiseer. Die "New Left" is 'n politieke, morele opwekkingsbeweging wat sy beginpunt by Nieu-Marxistiese en linksliberale intellektueles het. In skole en universiteite vind hulle 'n gunstige groeibodem vir hulle idees.

Die aanhangers van hierdie wysgerige denkstroming is diep teleurgesteld in die bestaande orde. Volgens die "New Left" is die tegnokrasie onderdruk= kend. Hierdeur word die individu se vryheid mis= ken. Vir hulle is dit ondenkbaar dat 'n geïso= leerde onbetrokke wetenskap beoefen word, terwyl rampe dreig om die mens uit te wis.

Die werke en gedagtes van Horkheimer, Adorno, Habermas en Marcuse het 'n groot bydrae gelewer tot die filosofiese agtergrond van hierdie denkstroming. Adorno het o.a. tot die besef gekom dat, indien die mens verander moet word, daar by die wêreld begin moet word. Uitgaande van Horkheimer se tipering, die van kritiese teorie, verskyn in 1937 die werk van Marcuse getiteld "Philosophie und kritische Theorie." Hierin identifiseer hy filosofie as die rasionalisme waarin die bewussyn alles bevraag= teken. Hy beweer die status quo is onredelik en moet tot redelikheid gebring word. Hy wil alle bestaande norme totaal vernietig. Hy verkondig 'n rewolusie van instinkte. 'n Nuwe Freudgedaante kom in Marcuse se mensbeskouing na vore. Hy ver= absoluteer genot as die ware sin van die lewe. God en die Skrif bestaan, volgens Marcuse, glad nie. Hy bepleit 'n herbepaling van waardes – alle vorme van gesag en dissipline moet vernietig word.

Die Weste word gekenmerk deur 'n kulturele rewolu= sie. Die "New Left" tree as draer op van hierdie

rewolusionêre gedagtes. Die aftakeling van gesag en dissipline en die verabsolutering van die seksuele is die direkte gevolge van die gedagtes van Marcuse e.a. Die "New Left" wil dan die bestaande Westerse demokrasie vernietig en dit vervang met 'n volmaakte samelewing waarin die individu "abso=luut vry" is.

In sy idees en optredes vind die "New Left" talle bondgenote soos bv. die Humanisme en die sogenaamde "Social Gospel". "God is dood" het die stryd=kreet van die Humanisme op teologiese gebied geword. Horisontalisme het Vertikalisme vervang.

Die "New Leftisme" het ook reeds in Suid-Afrika op talle terreine sy inslag gevind of probeer vind. So bv. moet sensitiwiteitsopleiding nie gesien word as 'n geïsoleerde verskynsel nie, maar wel as 'n breë opset wat daarop gemik is om die bestaande sosiale struktuur te vernietig. By die "Wilge=spruit Fellowship Centre" het talle persone, waar=onder ook skoliere, reeds "opleiding" ontvang. Voor die Schlebusch-kommissie is daar getuig dat daar met die opleiding gepoog is om bestaande norme te verbreek en 'n verandering in waardes te bewerk=stellig. Sensitiwiteitsopleiding, soos dáár aange=bied, moet gesien word as 'n onderdeel van een groter psigopolitieke aanslag teen die R.S.A.

In sy ideologiese aanslag teen die Afrikanerjeug, huiwer die "New Left" geen oomblik om kuns, "rock"-musiek, dwelmmiddels ens. te gebruik as middels om hulle doel te bereik nie. Talle bewyse kan laasgenoemde bewering staaf. Dit is noodsaaklik dat opvoeders (ouers en onderwysers) van hierdie denkstroming met sy fanatieke idees kennis sal dra, sodat hulle aan die jeug riglyne kan aantoon om daardeur die jeug weerbaar te maak teen hierdie subtile, gevaarlike ideologiese tendens van die tydgees.

HOOFSTUK 4

4. GEESTESWEERBAARHEID BIED 'N OPLOSSING TEEN DIE IDEOLOGIESE AANSLAE VAN DIE TYDGEES

4.1 Die noodsaaklikheid vir weerbaarmaking

Uit die voorafgaande ontleding van enkele ideologiese strominge kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die ideologiese aanslag teen die gees en moraal van veral die Calvinistiese Afrikanerjeug, nog nooit so fel was soos nou nie en dat die Christendom nog nooit voorheen deur so 'n krisis bedreig was soos tans nie. Alhoewel daar wel konkrete, fisiese gevare bestaan wat die R.S.A. en die Afrikanervolk bedreig, soos terrorisme op die grense, die invloed en indringing van die Rooi-Chinese in sekere van die R.S.A. se buurstate, wapen- en handelsboikotte en sport- en wetenskaplike isolasie, is dit nie die grootste bedreiging nie. Baie mense is geneig om net hierdie revolusionêre aanslag raak te sien terwyl die Afrikanervolk die kwesbaarste is op geestelike gebied.

Die hedendaagse mens (jeug) bevind homself in 'n tegnologiese maatskappy waar hy steeds besig is om sy eie identiteit, sy eie individualiteit prys te gee. Die mens is besig om in 'n massamens te verander. Dit lei tot sekularisering en talle daarmee gepaardgaande gevare, wat by die lewensfiloso-

fie van die "New Left," die Kommunisme en die Libe=
 ralisme inskakel. Dit is o.a. teen hierdie gevare
 waarteen die jeug in 'n weerbaarheidsprogram weer=
 haar gemaak moet word. Hierdie geweldige taak is
 egter nie slegs die roepingsplig van enkele instan=
 sies nie. Die hele gemeenskap, die hele samelewing,
 is en moet betrek word in hierdie allesomvattende
 opvoedingsverantwoordelikheid, om sodoende die jeug
 fisies en moreel in staat te stel om staande te kan
 bly teen die gevare van buite. Nel stel dit so:
 "Dit is nie moeilik om die ondermynende invloede
 van vreemde magte en kragte op ons volkslewe en op
 die kerklike erf te bespeur nie. Die venynige
 stryd van die antichris teen die gelowige volk van
 God is al reeds in volle swang."¹⁾

Fourie sê: "Wanneer Rookmaker in sy werk 'Modern
 Art and the Death of a Culture' gewag maak van die
 'time of great change, of protest and revolution'
 waarin ons leef, stel hy ook duidelik die probleem
 van uitkenning waarmee die opvoeder te kampe het:
 'We are aware that something radical is happening
 around us, but it is not always easy to see just
 what it is.' Die gevaar bestaan naamlik dat die
 ouer en onderwyser ook self in so 'n mate in sy
 nuwe wêreld aangepas, gekondisioneer, 'ge-brein=

1) Nel, A.J. Geestelike weerbaarheid 'n dringen=
 de noodsaaklikheid. Die Hervormer, LXIV (10):
 p.13, Jan. 1974.

spoel', noem dit maar afgestomp, kan geraak het dat hy nie die gevare duidelik kan onderskei wat sy kinders bedreig nie."²⁾

Coetzee wys daarop dat die Afrikanervolk wel reeds in 'n staat van geestelike oorlog verkeer. Hy sê: "Maar: 'n lewensbeskouing, allermens die Christelike lewensbeskouing, word nie vernietig met swaard of geweer nie, nie deur onderwerping of onderdrukking nie – daarvan is die eeue van Christenvervolging die bewys." Hy gaan verder en stel: "Ons lewensbeskouing word veel meer bedreig deur GEESTELIKE ondermyning en GEESTELIKE verval!"³⁾

In die voorafgaande hoofstukke is daar gewys op vier van die ideologiese gevare, (dit was slegs 'n keuse van enkele van die grootste gevare) wat die Afrikaner se Christelik-nasionale lewensbeskouing vandag bedreig: Kommunisme, Liberalisme Sekularisme en die "New Leftisme" of Nieu-Marxisme. Hieruit blyk dit duidelik dat die Westerse wêreld, veral die Christendom, die teiken is van hewige aanvalle teen die bestaande sedes en Skrifgefundeerde norme. Die mense, veral die jeug, se Christelike lewensbeskouing word stelselmatig ondergrawe – sodat die status quo vernietig word. Die evolusionêre aanslag

2) Fourie, J.J. Die opvoedingstaak van die ouer en onderwyser in die dekade sewentig. Fokus, 2(3): p.130, Aug. 1974.

3) Coetzee, J.C. Die gevare wat ons lewensbeskouing bedreig, p.1.

van reeds genoemde ideologieë teen die gees en moraal van die mensdom begin katastrofiese afmetings aanneem. Dwelmmiddels, "rock"-musiek, letterkunde, ineenstorting van seksuele sedes, aftakeling van gesag, ens. word gebruik om die mens innerlik te verrot. Die Bybelse norme word verwerp, die mens se norme word aanvaar. 'n Nuwe kultuurrewolusie en 'n "God is dood-teologie" word verkondig.

Vryheid word vervang met losbandigheid. Die wêreld het vir baie mense 'n wêreld sonder sin en sonder betekenis geword. Die ouer, onderwyser en staats=gesag het in baie gevalle verlore gegaan. Gesag moet verwerp, uitgetart en afgetakel word, sê baie mense. Die status quo is "korrup," sê hulle. Die seksuele word verabsoluteer, die moderne mens se wagwoord is seksuele verwildering en permissiwiteit. Dit moet lei tot Nihilisme, tot chaos.

Dit word deur Pieterse aangetoon dat die gees van permissiwiteit eerstens die jeug van 'n volk sal aantast. Hy sê: "Die jeugtydperk is immers 'n tyd=perk van soeke en twyfel.... 'n tyd waarin die jongmens sy verlore ewewig moet herwin en waarin 'n waardesin moet ontwikkel. Dit is die tyd waarin die mens helderheid moet kry oor fundamentele lewenswaardes." Hy gaan verder en sê: "Omdat die jongmens homself teenoor die lewe probeer oriënteer wonder hy dikwels oor die sin en betekenis van die lewe. Die jongmens se lewe word na binne gerig –

hy ontwikkel 'n innerlike lewe wat hyself nie begryp nie en wat hy te bang is om aan die buitewêreld te vertoon." Die jongmens moet gedurende hierdie tydperk in sy lewe sy eie "ek" ontdek. Gepaardgaande hiermee moet hy ook sy verhouding tot die teenoorgestelde geslag uitwerk.⁴⁾

Pieterse noem dat: "Die jong seun en jong dogter wat in die permissiewe gemeenskap van die tyd, in 'n klimaat waar geen grense geplaas word nie, in 'n milieu waarin letterlik enigiets geoorloof is, sy voete moet vind en 'n lewensbeskouing moet uitwerk, sal sekerlik met veel frustrasies te doen kry en sal ongetwyfeld die lewe as futiel en sinloos moet beleef."⁵⁾

Volgens Pieterse is dit juis hierdie tendens wat hy aangetref het gedurende 1968-1970, onder die jeug van Wes-Europa en die V.S.A. Hy verwys na verwar- ring onder die jeug, verwerping van gesag, invloede van sensitiwiteitsopleiding, betogings, onluste, swak morele standaarde, seksuele losbandigheid en 'n gebrek aan identiteit. Volgens Pieterse het die jeug van die Westerse wêreld 'n massamens ge-

4) Pieterse, J.E. Permissiwiteit en die jeug. Rehabilitasie in S.A., 16(1): p.25, Maart 1972.

5) Loc. cit. Baie mense beweer dat skrywers en wysgere nie met hulle idees die breë volkslewe bereik nie. Fourie wys in Fokus 2(3): p.138, Aug. 1974, daarop dat slegs een Voltaire en een Rousseau, nodig was om die Franse Rewolusie aan te blaas.

word: "'n Mens wat eintlik sy persoonlikheid verloor het 'n mens wat nie geestelike waardes in sy lewe geïntegreer het nie – wat nie meer bindinge het nie en geen waardes handhaaf nie en wat eintlik aan 'n minderwaardigheidsgevoel ly.'"⁶⁾

Alhoewel die blanke Christen-Suid-Afrikaner veel het om voor dankbaar te wees, word sy jeug nie gespaar in hierdie subtiele aanslag teen die gees en moraal van die volk nie. Dit is die voorreg en die verantwoordelikheid van elke mens om dít wat dierbaar en eie is, te beskerm en te verdedig. Indien die mens hierdie plig nie aanvaar nie, spreek dit van onverskilligheid en onverantwoordelikheid in die ergste vorm.⁷⁾

Dit is so dat die normale mens nie sommer sy eie sal verwaarloos nie. Maar om sy belange doeltreffend en deeglik te beskerm, moet die mens (die jeug) daarvoor volledig toegerus wees. Die jeug (die mens) moet liggaamlik en geestelik weerbaar wees.⁸⁾

4.2 Enkele begrippe i.v.m. weerbaarmaking

4.2.1 Jeug

Roos wys daarop dat wanneer die term jeugweerbaarheid gebruik word, mag daar nie 'n te enge betekenis

6) Ibid., pp.25-26.

7) Nel, A.J. op. cit., p.13.

8) Loc. cit.

aan die begrip "jeug" gekoppel word nie. Die term verwys nie net na 'n tydperk direk voor volwassenheid nie; dit behels veel meer, naamlik die hele tydperk van volwasseywording by die jong mens. Die jeug is nog nie fisies, geestelik en wat lewenservaring betref, volwasse nie. Daarom is dit noodsaaklik dat hy deur die opvoeder tot volwassenheid gelei word. Gedragssuitinge soos konflik, versteurde menslike verhoudinge, onsekerheid, wanhoop, vereensaming en opstandigheid is, volgens Roos, dikwels vertwyfelende pogings van jeugdiges om hulle self te handhaaf. Hierdie tendense is duidelike bewyse van onvolwassenheid en toon hulle afhanklikheid van die volwassene. Die begrip "jeug", is dus vir Roos niks anders as die volwasseywordende jongmens wat in 'n groot mate nog afhanklik is van die volwassenes vir sy wordingshulp nie.⁹⁾

4.2.2 Jeugweerbaarheid of geestesweerbaarheid

Joubert verstaan onder die begrip geestesweerbaarheid dat "die jeugdige in sy totaliteit van menswees so toegerus moet word dat hy die aanslae van die moderne tyd kan weerstaan. Dit veronderstel die sinvolle selfverwerkliking deur elke jeugdige van sy eie totale weerbaarheidsmoontlikheid." Die

9) Roos, S.G. Riglyne vir 'n wetenskaplike fundering van jeugweerbaarheid. (In Botha, J.L. e.a. Jeugweerbaarheid, pp.29-30.)

jeugdige sal dus weerbaar wees wanneer hy in staat is om sy eie weerbaarheidsmoontlikhede optimaal en sinvol te verwerklik. Volgens Joubert, is 'n sinvolle verwerkliking van weerbaarheidsmoontlikhede ongetwyfeld nie moontlik sonder keuseweerbaarheid nie. Dit gaan dus om die begrip keuseweerbaarheid in sy verskillende vorme. Hy gaan verder en sê: "Die mens wat keuseweerbaar is, d.w.s. wat kan kies in ooreenstemming met die eise van behoortlikheid soos gedra deur die waardes en norme van 'n partikuliere lewensbeskouing (hier 'n Christelik-nasionale) is bestand teen enige aanslag wat nie in ooreenstemming is met die lewensverpligtende en lewensvereisende waardes wat inhoud gee aan genoemde lewensbeskouing nie."¹⁰⁾

Joubert beklemtoon dat mense (die jeug) voortdurend voor keuses gestel word. Die weerbare jongmens moet in staat wees om op grond van die eties-morele norme, gegrond op Godswoord, 'n selfstandige keuse te maak. Die norm wat die jeugdige gebruik, sal bepaal word deur sy lewens- en wêreldbeskouing. Indien die jongmens se lewensbeskouing Christelik gefundeer is, sal hy deur selfstandig te kies, in staat wees om te onderskei tussen fatsoenlik en onfatsoenlik. Dit behels sy opvattinge of keuring

10) Joubert, C.J. Die oorweging van 'n geestesweerbaarheidsprogram op skool, met spesiale verwysing na die inhoud daarvan. Onderwysblad, 81(845): p.8, Okt. 1973.

van leesstof, ideologieë, musiek, kleredrag, seks=beoefening, padmisbruik, sabatsheiliging, popfeeste, volksfeeste, ens. Die jongmens moet kan kies met die volle verantwoordelikheid dat sy keuse hom tot verantwoordelikheid sal roep. Joubert sê: "In essensie gaan dit in keuseweerbaarheid daarom dat die jeug deur opvoeding so oortuig word van die be=hoorlikheidseise wat spreek uit sy eie lewensopvat=ting dat hy die aanslae van vreemde en vyandige ideologieë kan weerstaan deur daarteen te kies en te handel, om daartoe in staat te wees, moet die jeugdige die essensies van die eie asook die vreem=de lewensopvatting so ingrypend ken, dat hy die eie van die vreemde kan onderskei en die vreemde m.b.v. die eie uit sy lewe kan weer en vernietig." Hy wys daarop dat indien die jeugdige in alle opsigte die regte keuse kan maak, sal hy ook al die ander persoonlikheidsmoontlikhede as weerbaarheidstoerus=ting sinvol kan verwerklik, soos o.a. die fisiese, verstandelike en sosiale weerbaarheidstoerusting.¹¹⁾

Kruger sien jeugweerbaarheid as "die eienskap van die jongmens wat hom in staat stel om hom liggaam=lik en geestelik te kan verset teen magte wat hom bedreig. Hy moet in staat wees om te keer, te ver=dedig en te voorkom. As sodanig is dit een van die kriteria van volwassenheid (mondigheid) en hier=

11) Joubert, C.J. Die aard en omvang van jeug=weerbaarheid. (In Botha, J.L. e.a. Jeugweer=baarheid, pp.3-5.)

die standpunt-inneem-teenoor is dus ook een van die hoofdoelstellings van opvoeding in die algemeen. Dit impliseer die besit en toepassing van 'n norme- en waardesisteem (gebaseer op 'n besondere lewens- en wêreldbeskouing) as uitgangspunt en agtergrond waarteen besluite geneem en standpunte ingeneem word."¹²⁾

Vir De Klerk is 'n persoon geestesweerbaar indien hy oor die toerusting beskik en die vaardigheid het om dit aan te wend, sodat hy daardeur 'n sekere doelstelling in die stryd kan bereik. Onder toerusting word verstaan: 'n deeglike en diepgaande bemeestering van die beginsels, norme, uitgangspunte en waardes van die Christelike lewensbeskouing en die vaardigheid om hierdie lewensbeskouing te gebruik. Die weerbare mens moet weet hoe om met Christelike wapens aan te val en dit te gebruik vir verdediging. Die doel met geestesweerbaarheid is tweeledig. Eerstens het dit 'n allesomvattende doelstelling nl. die uitbreiding van die Koninkryk van God. Alles moet gedoen word tot die eer van God. Tweedens moet dit meer spesifiek gerig wees op dit wat die gees en moraal van 'n volk aftakel, bv. die bestryding van sedelike verval. De Klerk wys daarop dat sonder 'n spesifieke doelwit geestesweerbaarheid momentum en rigting verloor. Hy om=

12) Kruger, H.B. Jeugweerbaarheid. Fokus, 1(1): p.60, Mei 1973.

skrywe die begrip geestesweerbaarheid soos volg:
Dit is: "Die effektiewe funksionering van 'n persoon of groep in die dinamiese werklikheid op so 'n wyse dat hy vanuit sy lewensbeskoulike toerusting in elke situasie sy keuses kan bepaal, handhaaf en bevorder."¹³⁾

4.3 Die betekenis van die begrip weerbaarheid vir die opvoeder in die opvoedingshandeling

Die begrip "weerbaarheid" is abstrak en moeilik konkretiseerbaar. Koekemoer poog om die begrip "weerbaarheid" te ontleed. Die woord "weer" beteken, volgens hom, onder andere om te verdedig en om teenstand te bied. Hy gaan verder en gee die volgende betekenis aan die woord "weer": omsluit, begordel, "sorg vir" en opmerkzaamheid. Volgens hom is 'n goeie vertaling van die woord "weerbaarheid" in Engels "defensibility." Hy sê: "Om saam te vat kan die betekenis van die woord 'n wye veld beteken: Bewaring, behoed, beskerm, redding, begordel, versorging, teenstand bied, verdedig, en so meer."¹⁴⁾

13) De Klerk, W.J. Wat is geestesweerbaarheid? : p.3. Die toerusting waarna De Klerk verwys, moet verskaf word deur instansies soos die ouerhuis, die kerk, kommunikasiemedie en die onderwys op primêre, sekondêre en tersiêre vlak.

14) Koekemoer, D.J.P. Jeugweerbaarheid in die primêre skool. Onderwysblad, 82(848): p.12, Julie 1974.

Roos wil net soos Koekemoer die woord weerbaarheid ontleed, maar hy maak ook sekere opvoedkundige afleidings daaruit. Vir hom beteken weerbaarheid die volgende:¹⁵⁾

- * Verhul of omsluit. Die opvoeder moet 'n veilige bewaarplek aan die jeugdige verskaf, waarin die jeugdige omring word met die beskermende liefde van die opvoeder.
- * Behoed en beskerm. Die jongmense moet egter nie oorbeskerm word nie; slegs in dié mate waarin hulle afhanklikheid vertoon.
- * Teenstand, verskans, verdedig. Die jeugdige moet deur die opvoedkundige gebring word tot 'n punt waar die jeugdige 'n selfstandig verantwoordbare standpunt sal inneem teen die onwettige, die onbegryplike, die onbegryplike. Om dit te kan doen, sal die jeugdige bewus gemaak moet word van wat, gegrond op Bybelse norme, behoorlik en reg is.
- * Bewaar of red. Die jeug moet in staat wees om dít te bewaar wat die grondslag gevorm het van die beskawing waarin hulle hulself bevind. Die jeug moet geleer word om agting te hê vir hulle kultuurerfenis. Indien nie, kan hierdie kosbaarhede verlore gaan en as gevolg daarvan vind

15) Roos, S.G. op. cit., pp.30-33.

identiteitsverlies plaas. So kan die jeug maklik in 'n gees van Internasionalisme verval, waarin die gees van Liberalisme hoogty vier. Dit pas in die gees van die "New Left", wat die totale aftakeling van gesag en die status quo verkondig. Dit is dus die plig van die Suid-Afrikaanse opvoeder om klem te lê op die kultuure-erfenis van die Suid-Afrikaanse volk. Sodoende word die jeug gemotiveer om hulle kultuur as 'n kosbare kleinood te bewaar en hierdeur sal die volk se identiteit behoue bly.

- Gordel, begordel of omgord. Die opvoedkundige sal dus sorg moet dra dat die jeugdige omgord moet wees met die waarheid, gebaseer op 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing.
- Waarneem of opmerkzaam. Die jeugdige moet bewus gemaak word van die gevare wat sy behoorlike volwassewording bedreig, sodat hy dit self, vroegtydig sal bespeur.
- "Weer" word ook soms gebruik as 'n voorsetsel wat beteken teen of teë. In Hoogduits vind mens woorde soos "Widerlegung" en "Widerstand". Die jeugdige sal in staat moet wees om op grond van sy lewens- en wêreldopvatting 'n duidelik gemotiveerde, selfstandige, standpunt in te neem teenoor die selfgeïdentifiseerde gevaar, om sodoende die eie te bewaar.

Vir opvoedkundiges is dit duidelik dat jeugweerbaardheid 'n positiewe aksie moet wees. In hierdie aksie moet belangrike Christelike beginsels deur die opvoedkundiges oorgedra en ingeskerp word. Verder moet die kulturele erfenis bewaar en behoue bly sodat die volk sy identiteit kan behou en nie in die maastroom van Internasionalisme verdwyn nie.

4.4 Die praktiese profiel van 'n persoon wat geestesweerbaar is – 'n moontlike riglyn

'n Persoon wat geestesweerbaar is, beskik volgens De Klerk oor sewe verworwe eienskappe wat hy gedurig moet inskerp en beoefen:¹⁶⁾

- Selfaanvaarding: Die mens moet aanvaar dat hy 'n sondige wese is. Sy weerbaardheid lê daarin dat hy sy eie tekortkominge en dié van die wêreld waarin hy leef, moet aanvaar.
- Selfkonfrontasie: Die mens is 'n gebroke wese. Elke dag word daar tussen twee uiterste pole van reg en onreg, liefde en haat, waarheid en valsheid beweeg. Indien die mens weerbaar is, sal hy die positiewe in en om hom soek en nastrewe en die negatiewe verwerp.
- Selfintegrasie: Die mens moet besef dat hy 'n eenheidswese is. Denke, gevoel en wil moet

16) De Klerk, W.J. op. cit., pp.7-9.

tot 'n eenheid versmelt. Die een funksie mag die ander nie oorwoeker nie. 'n Gebalanseerde persoonlikheid moet ontwikkel word. Hierdie selfintegrasie maak 'n mens weerbaar.

- Selfekspresie: So 'n persoon is weerbaar omdat hy sy eie unieke vermoëns ontdek het en selfstandig is.
- Selfuitstraling: Die mens moet tot die besef kom dat hy 'n verhoudingswese is. Die mens moet sy naaste eer, liefhê en respekteer. In hierdie intermenslike verhoudinge, in hierdie betrokkenheid van persoon tot persoon, lê die mens se weerbaarheid.
- Selfdiensbaarheid: Die mens is 'n opdragwese, alle opdragte deur enige gesagsinstelling moet in vryheid en verantwoordelikheid aanvaar en uitgevoer word. In die behoorlike vervulling van opdragte lê die mens se weerbaarheid.
- Selftransendensie: Die mens se weerbaarheid lê in sy vertikale verhouding met God; sy gehoorsaamheid aan God, en die handhawing van Christelike norme, soos deur Godswoord gestel.

De Klerk som dit so op: "Formeel lê sy weerbaarheid in hierdie sewe eienskappe. Inhoudelik lê sy weerbaarheid in die beheersing en implementering

van die essensie van sy lewensbeskouing."¹⁷⁾

4.5 Die jeugweerbaarheidsprogram in die sekondêre skole in Transvaal

Die onderwysowerhede is wel deeglik bewus van die noodsaaklikheid van 'n jeugweerbaarheidsprogram. Vanaf Januarie 1972 is 'n jeugweerbaarheidsprogram in alle sekondêre en spesiale skole met seniorafdelings as verpligte "vak" ingevoer. Die program, soos opgestel op 'n nasionale basis, is indrukwekkend. Basies bestaan die program uit twee dele: die fisieke weerbaarmaking van die jeug, en tweedens die geestelike weerbaarmaking en beroepsleiding van die leerlinge.

Die fisieke program sluit die volgende sake in: 'n Noodplan; brandbestryding; eerstehulp; padgebruik en voertuigversorging; tuisverpleging; selfverdediging; marsjeeroefening; driloefening; skiet; orkes; kaartlees en veldtaktiek.¹⁸⁾

17) Ibid., p.9.

18) T.O.D. Handleiding vir die implementering van jeugweerbaarheid, p.2, Des. 1972. Dit is wel so dat liggaamlik en geestelike weerbaarmaking van die jeug nie as twee verskillende aspekte gesien moet word nie, maar vir die doel van hierdie verhandeling word die aandag gevestig op die geestelike weerbaarmaking van die jeug, omdat die aanslag op hierdie gebied so fel is. Op hierdie gebied rus 'n grootse toekomsaak op die opvoeders.

Omdat die geestesweerbaarheidsprogram van die T.O.D. 'n goeie voorbeeld is van wat o.a. in sekondêre skole in die R.S.A. gedoen word, word hierdie program as basis vir bespreking geneem. Dit sien soos volg daaruit:¹⁹⁾

HANDLEIDING L: GEESTESWEERBAARHEID VIR SEKONDÊRE SKOLE

I. BURGERSKAP

JUNIOR SEKONDÊRE FASE (st. 6 en 7)

1. Suid-Afrika

Sy grootte, skoonheid en rykdom
Hoe sy kinders hul liefde deur diens aan
Suid-Afrika betoon het en kan betoon
Gesonde patriotisme

2. Die amptelike embleme van die Republiek van Suid-Afrika

(a) Die landsvlag

(b) Die volkslied

(c) Die wapen

Hul samestelling, inhoud, betekenis en gebruik

19) Ibid., pp.90-95. Hierdie is 'n verbatim aanhaling. Die inhoud van die leergang is baie belangrik en noodsaaklik. Die opsteller(s) is wel deeglik bewus van die aanslae van die tydgees teen die jeug. Dit blyk duidelik dat die program met groot kennis, insig en erns opgestel is. Daar is egter enkele knelpunte wat verderaan behandel sal word.

3. Ons nasionale feesdae
 Historiese verband
 Paslike wyses van viering
4. Die strategiese ligging van Suid-Afrika
 ten opsigte van Afrika en die res van
 die wêreld
5. Persone wat belangrike bydraes in diens
 van Suid-Afrika gelewer het Die eien=
 skappe wat hul tot grootheid gebring het
6. Ons bekendste monumente
 Simboliese en historiese betekenis
 Instandhouding
 Die waarde van monumente

SENIOR SEKONDÊRE FASE

1. Die bevolkingsamestelling van Suid-Afrika
 Gemeenskaplike bande
 Eise wat die samestelling aan die inwoners
 stel
 Die noodsaaklikheid van goeie betrekkinge
 tussen die bevolkingsgroepe en hoe dit be=
 werkstellig kan word
 Die waarde van wedersydse belangstelling
 en begrip
2. Reëls en wette in die gesin, die skool,
 die span, die groep, die gemeenskap en
 die Staat
 Funksie, herkoms en waarde van reëls en
 wette
3. Nywerheidswetgewing en vakleerlingskap
 Die Werkverskaffingsburo van die Departe=
 ment van Arbeid

4. Die Bantoe
 Die verskillende etniese groepe
 Hul erfenis en taak
 Stamgewoontes en -gebruike en die in=
 skerpings daarvan by hul jeug
 Probleme wat ontstamming meebring
 Onderwys- en mediese fasiliteite vir die
 Bantoe
 Sy bydrae tot die vooruitgang van S.A.
 Sy aspirasies
 (Skole kan hier uitbrei ten opsigte van
 Indiërs en Kleurlinge)
5. Ons erfenis en ons nalatenskap
6. Die organisasie van die verdedigingsmag
7. Die regte, pligte en voorregte van 'n
 burger in Suid-Afrika
 Stemreg en wat 'n verkiesing alles be=
 hels

II. MENSEVERHOUDINGS

JUNIOR SEKONDÊRE FASE

1. Goeie maniere as grondslag vir goeie ver=
 houdings
 Hul ontstaan, funksie en waarde
 Toepassing in spesifieke situasies soos
 byvoorbeeld by bekendstellings, oor die
 telefoon, op openbare plekke en voertuie
 Moderne tendense en oorsake daarvan
2. Vryetydsbesteding
 Noodsaaklikheid van ontspanning
 Produktiewe ontspanning

Die waarde van gesinsaktiwiteite, groep=
projekte, stokperdjies, beplanning

Besteding van vakansietyd

'n Gebalanseerde dagprogram

3. Die groep as verskynsel
Die aard en wese daarvan
Die gesin as primêre groep
Bande wat bind en faktore wat skei
Reëls en dissipline in die groep
Leierskap in die groep
Ideale en take vir jeuggroepe
4. Die Bybel, godsdiens, die gesin, die kerk,
die volk, die kultuurgemeenskap, vriende
as stabiliserende en koersgewende faktore
in die lewe van die jeugdige

SENIOR SEKONDÊRE FASE

1. Geldsake
Beplanning en begroting
Die kuns om te koop
Die noodsaaklikheid van besparing
Instellings wat publieke geld hanteer
Begrippe soos krediet, huurkoop, tjek,
lopende rekening, spaarrekening, endosse=
ment, skuldbriewe, ens.
Beleggingsaangeleenthede
Versekering
Die huur, bou, koop van 'n huis
Alternatiewe woonplekke
Bougenootskappe
2. Die jeugdige (tiener)

- Basiese kenmerke
- Selfstandigheidsdrang
- Groepvorming
- Betekenis en belangrikheid van hegte vriendskap
- Verhouding tot ouers, volwassenes, die ander geslag
- Die jeugdige en godsdiens
- Bydrae tot gemeenskapsdiens en volksdiens en behoud van norme
- Afwykende neigings en die oorsake daarvan
- Die misbruik van drank, verdowingsmiddels en musiek
- Voorkoming
- Hulpverlening aan afgedwaaldes
- 3. Die huwelik
 - Huweliksgereedheid
 - Huwelikswette
 - Die keuse van 'n huweliksmaat
 - Faktore wat die huwelik bestendig
 - Gevolge van ontbinding
 - Die gesin as fondament van 'n kernge=sonde volk
 - Kinderversorging en opvoeding
 - Skoon- en grootouers
 - Beplanning van finansies, vakansies, vrye tyd en gesinsaktiwiteite
- 4. Internasionale betrekkinge
 - Die weersydse afhanklikheid van nasies
 - Vereistes vir gesonde betrekkinge
 - Faktore wat betrekkinge vertroebel

Nasionalisme en internasionalisme
Suid-Afrika se plig teenoor Afrika en
die res van die wêreld

III. LEWENSWAARDES

JUNIOR SEKONDÊRE FASE

1. Arbeid

Dit veredel, maak sterk, bring vooruit=
gang, lewer diens

Die seën wat geesdriftige diens aan die
land, die gemeenskap en die kerk vir
die jeug kan bring

2. Deugbeoefening

Die waarde van deugde soos selfdissi=
pline, pligsbesef, lojaliteit, eerlik=
heid, naasteliefde, verdraagsaamheid
ens.

Selfopvoeding tot verwerwing van deugde
Die waarde van selfondersoek en -evalu=
ering

3. Gesag en vryheid

Alle gesag kom uit die hand van God en
die gesagvoerder bly aan Hom verantwoor=
delik

Die plek en funksie van gesag in elke
stadium van die mens se lewe

Geleidelike ontwikkeling tot selfstan=
digheid

Verantwoordelikheid waarmee selfstandig=
heid beoefen moet word

Vryheid en die beperkings van binne en
buite

My vryheid en dié van ander

Plig en vryheid

Vryheid as die vrug van volwassenheid
en gebondenheid

SENIOR SEKONDÊRE FASE

1. Persoonlike probleme

Probleme as alledaagse verskynsel in
die lewe van elke mens

Denkbeeldige en werklike probleme

Die waarde van probleme in die vorming
van die mens

Die helende waarde van hulpverlening
met ander se probleme

Die oplossing van probleme deur:

nugtere denke,

ontleding van die feite,

die inwin van raad,

positiewe optrede,

'n blymoedige benadering

2. Lewensingesteldheid

As bepalende faktor op elke terrein

Die Christelike lewensbeskouing soos
vergestalt in ons gesinslewe;

ons gemeenskapslewe;

die onderwys;

ons wetgewing;

ons staatkunde;

die Westerse kultuur;
ons geskiedenis, hede en toekomsstrewes

Die demokratiese en die totalitêre regeringstelsels

3. Die Kommunisme: Sy opvatting oor private inisiatief, persoonlike regte en godsdienste

Metodes van verspreiding

Kommunisme in die praktyk

Gevare vir Suid-Afrika

Voorkoming en bekampings deur die beveiliging en behoud van die demokrasie deur die toepassing van Christelike beginsels

Noodsaaklikheid van kennis en begrip van openbare en internasionale sake

Kotzee wys daarop dat die vak Voorligting geïntegreer is met die hele jeugweerbaarheidsprogram. Daarom het alle bepalinge en voorskrifte aangaande die vak, soos vroeër aangebied, verval. Hoofde is by magte om die onderwyser-voorligter se program na goeddenke by die nuwe opset aan te pas. Die vak Voorligting, soos vroeër bekend, is nou basies in drie dele verdeel, nl.: leiding t.o.v. Vak en Kursuskeuse, Beroepsleiding en Geestesweerbaarheid. Leiding t.o.v. vak en kursuskeuse is voortaan die hoof se verantwoordelikheid.²⁰⁾

20) Kotzee, A.L. Jeugweerbaarheid in ons skole. Onderwysnuusflitse, 30: p.5, Maart, 1972. Dit geld ook vir sekondêre skole in die O.V.S. Kyk lesing soos gelewer deur Coetzee, W.J. Die Skoolblad, 60(6): p.9, Junie 1972.

Dit blyk uit die voorgestelde program i.v.m. geestesweerbaarheid dat dit in drie hooftemas verdeel is: Burgerskap, menseverhoudinge en lewenswaardes. Die T.O.D. beveel aan dat die tydsduur wat aan die geestesweerbaarheidsprogram bestee moet word, die volgende per jaar moet wees.

Standerd 6 :	30 periodes
7 :	22 periodes
8 :	22 periodes
9 :	26 periodes
10 :	22 periodes

Aan beroepsopleiding moet die periodes per jaar soos volg verdeel word:

Standerd 7 :	8 periodes
8 :	8 periodes
9 :	4 periodes
10 :	8 periodes

Daar is normaalweg 40 skoolweke per jaar, inagnemen= de eksamens en toetstye, laat dit ongeveer 30 skoolweke. Uit bogenoemde tydsindeling blyk dit, dat daar dan aan geestesweerbaarheid en beroepsleiding ongeveer 1 periode per week bestee moet word.

Dit sluit aan by die aanbevelings van die T.O.D. dat aan die verpligte kurrikulêre jeugweerbaarheidsprogram ongeveer een uur per week bestee moet

word.²¹⁾ (Een periode per week word deur fisiese weerbaarheid in beslag geneem.)

4.6 Enkele knelpunte in hierdie voorgestelde jeugweerbearheidsprogram

Aangesien die jeugweerbearheidsprogram nou vir meer as drie jaar reeds in werking is in sekondêre skole van die verskillende provinsies, is enkele kritiekpunte teenoor die amptelike program geregverdig.

Omdat sekere provinsies die geestesweerbearheidsprogram met die voorligtingsprogram geïntegreer het, het voorligting in die praktyk feitlik heeltemal verdwyn. In plaas daarvan om hoër vereistes te stel aan die onderwyser-voorligter se opleiding en werksprogram, word sy werk nou as minder noodsaaklik en nie-vakkundig beskou. Kruger is egter oortuig, dat die voorligtingsonderwyser met 'n behoorlike akademiese agtergrond en 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, 'n deeglike, positiewe bydrae sou kan lewer tot die geestesweerbearheidsprogram. Omdat baie van die temas voortspruitend uit die leer- gang tuishoort in groepbesprekings van die vak voorligting, is dit betreurenswaardig dat baie voor-

21) T.O.D. op. cit., p.1. Daar word gemeen dat dit nie voldoende is nie maar beveel aan dat daar aan geestesweerbearheid alleen 1 uur per klasgroep per week bestee moet word. Die T.O.D. se voorgestelde periode-indeling vir fisiese weerbaarheid is nie hier aangetoon nie.

ligtingonderwysers nie meer aktief met hulle vak besig is nie of selfs heeltemal losgemaak is van die vak.²²⁾

Joubert sê: "Die verdeling in komponente van geestesweerbaarheid en beroepsleiding in die jeugweerbaarheidsprogram en die verdere verdeling tussen beroepsleiding en leiding t.o.v. vak en kursuskeuse, het geen pedagogiese grond vir regverdiging nie. Vakkeuse, kursuskeuse, skool- en beroepskeuse is so verweef dat 'n skeiding daarvan nie eers ooreweg behoort te word nie."²³⁾

Om hierdie onregverdige skeiding tussen Beroepsleiding en Geestesweerbaarheid uit die weg te ruim, beveel Joubert aan dat die genoemde benaminge verwag behoort te word met die begrip Keuseweerbaarheid. Dit sou in elk geval 'n tydsbesparing meebring as die tyd, soos afsonderlik voorsien word vir Beroepsleiding en Geestesweerbaarheid, saamgevoeg word. Joubert motiveer sy standpunt soos volg: "Geestesweerbaarheid of keuseweerbaarheid of beroepskeuseweerbaarheid is grootliks identies, veronderstel mekaar en dui daarop dat die jeugdige in sy totaliteit van moontlikhede wat 'n integrale

22) Kruger, H.B. op. cit., pp.65-67.

23) Joubert, C.J. Die oorweging van 'n geestesweerbaarheidsprogram op skool, met spesiale verwysing na die inhoud daarvan. Onderwysblad, 81(845): p.9, Okt. 1973.

eenheid is, raakgesien moet word en nie in afsonderlike fasette of komponente nie."²⁴⁾

Betreffende die inhoud van die jeugweerbaarheidsprogram, spreek Van Wyk sy waardering teenoor die T.O.D. uit en wys daarop dat die temas wat behandel word noodsaaklik en belangrik is. Hy wys egter op 'n baie belangrike knelpunt, naamlik dat alle temas nie in die Christelike beginsels gefundeer is nie. Afdelings wat wel deeglik vanuit die Christen se lewens- en wêreldbeskouing benader word, is Bantoestudies (hier word gewys op die kersteningstaak van die blanke); gesag en vryheid (alle gesag is gedelegeerde gesag van God); lewensbeskouing en die Kommunisme (die Christelike lewensbeskouing word as wapen aangedui). Hy wys daarop dat die lewenswaardes en deugde nie konsekwent in die silabus vanuit Skriftuurlike, maar hoofsaaklik vanuit menslike norme benader word. Dit mag veroorsaak dat die begrippe los staan en ontaard in blote menslike sedepreke en die verabsoluttering van die moraal. Van Wyk stel dit so: "Ons mis die Christelike roeping as uitgangspunt sowel as 'n deurgaanse Skrif-fundering." Verder: "Die nasionale, los gesien van Christelike roeping en die Skrif, is Chauvinisme. Volkereverhouinge kan alleen in die regte perspektief gesien word as dit in Skriflig bedink word. Menseverhouinge, vryetydsbesteding, geldsake, tieneraangeleenthede, lewensankers, die huwe-

24) Loc. cit.

lik, internasionale verhoudinge, ens. vind tog in die eerste instansie hulle riglyne in en sin van= uit die Woord van God." Van Wyk wys verder daarop dat dit jammer is dat die Christelike lewens- en wêreldbeskouing as 'n aparte tema behandel word, dit behoort tog die basis te wees van waaruit alle temas benader word.²⁵⁾

Kruger wys daarop dat die voorgestelde geestesweer= baarheidsprogram basies in drie dele verdeel kan word: burgerskap, menseverhoudings en lewenswaar= waardes. Hy vestig egter die aandag daarop dat temas soos nywerheidswetgewing en vakleerlingskap, die Werkverskaffingsburo van die Departement van Arbeid, nie gepaste temas van burgerskap is nie.²⁶⁾

Kruger is van mening dat die onderwyser wat verant= woordelik is vir die aanbieding van die verskillen= de temas in die geestesweerbaarheidsprogram, deeg= lik akademies en professioneel geskool~~d~~ moet wees, want nieteenstaande die opvoeder oor talle pragtige talente as onderwyser mag beskik, is dit moontlik dat 'n gebrek aan 'n wetenskaplik-akademiese agter= grond van die betrokke tema die welslae van die

25) Van Wyk, J.H. Jeugweerbaarheid op skool. Woord en Daad, 14(112): p.14, Januarie 1972. Mense verskil, dit mag lei tot verskillende in= terpretasies van lewenswaardes en deugdes wat lei tot verwarring by die jeug. Indien die Skrif as basis vir die opvoeder geneem word, sal daar geen verwarring kan wees nie.

26) Kruger, H.B. op. cit., p.66.

aanbieding sal benadeel.²⁷⁾

Joubert sluit hierby aan en noem dat die vertrekpunt van enige jeugweerbaarheidsprogram op skool geleë is in die opleiding en onderrig van weerbare onderwysers vir hierdie doel. Hiersonder sou die uitvoering van 'n jeugweerbaarheidsprogram nie sukses- en sinvol kan verloop nie. Hy sê: "Opleidingsentrums soos universiteite en kolleges behoort op verantwoordelike wyse te antwoord op die appél tot opleiding, deur kursusse ten aansien van jeugweerbaarheid aan te bied ten spyte van ekstra kostes wat dit mag meebring."²⁸⁾

Kruger beklemtoon dat Geskiedenis as skoolvak 'n geweldige bydrae kan lewer tot die geestelike, kulturele, intellektuele en algemene weerbaarmaking van die jongmense. Hy wys verder daarop dat temas i.v.m. burgerskap soos Kommunisme, ("New Leftisme", Liberalisme, indien in die leergang opgeneem word) met baie groot verantwoordelikheid deur die Geskiedenisonderwyser aangebied kan word. Hy noem verder dat Geskiedenis nie meer vanaf standerd agt verpligtend is nie en sodoende is die vormende waarde van hierdie vak vir baie leerlinge verlore. Be-

27) Loc. cit. Bykans 70% van die blanke onderwyskorps beskik oor 'n drie jaar opleiding of minder. Daar is dus geen aanspraak van professionele toerusting by baie onderwysers nie. Kyk Onderwysblad, 81(847): p.3, April 1974.

28) Joubert, C.J. Jeugweerbaarheidspraktyk. (In Botha, J.L. e.a. Jeugweerbaarheid, p.132.)

treffende Godsdiensonderrig beweer Kruger: "As Godsdiensonderrig, soos Bybelkunde, deur 'n onderwyser aangebied word, wat akademiese opleiding in Bybelkunde het en die onderrig werklik tot sy reg laat kom, sal baie van die temas van geestesweerbaarheid in 'n groot mate gedek wees. Tans lê die behandeling van relevante temas uit die geestesweerbaarheidsprogram in elk geval op sy terrein."²⁹⁾

Daar word met Kruger saamgestem dat onderwysowerhede ernstige aandag sal moet skenk aan die erkenning van Sielkunde en Wysbegeerte as skoolvakke, (of "goedkeuringsvakke") in die samestelling van die leerplan van onderwysstudente se graadkursusse, met die oog op toelating tot 'n nagraadse onderwysdiploma.³⁰⁾

4.7 Die regverdiging vir 'n weerbaarheidsprogram:

Daar bestaan wel 'n deeglike regverdiging vir 'n jeugweerbaarheidsprogram, omdat die totale stryd gaan oor die denke, gees en lojaliteit van die Afrikanerjeug. Verkondigers van vreemde ideologieë wil hulle trots en nasionale gevoel vernietig sodat die jeug 'n maklike prooi sal wees vir hulle opvattinge, met uiteindelijke gevolg die evolusionêre verowering van die R.S.A. Alhoewel die leergange van

29) Kruger, H.B. op. cit., p.67.

30) Ibid., p.68.

baie vakke deel van die jeugweerbaarheidsprogram ingesluit het, sal die instelling van die program vir jeugweerbaarheid slegs verseker dat sekere temas meer tot hul reg kom, omdat die opvoeder dit sterker kan beklemtoon en dit meer in verband kan bring met die werklikheid.³¹⁾

4.8 Samevatting

Die gevare, veral op geestelike gebied, wat die Afrikanerjeug bedreig, is geweldig groot. Die weerbaarmakingstaak teen hierdie bedreiging is nie slegs die verantwoordelikheid van enkele instansies nie, maar dit is die roepingsplig van die hele gemeenskap. Die gemeenskap moet toesien dat die jeug na liggaam en siel weerbaar sal wees.

Jeugweerbaarheid impliseer dat die jeugdige in sy volheid van menswees so toegerus sal wees dat hy die aanslae van die tydgees kan identifiseer en teëstaan. Die jeug moet in staat wees om te alle tye die regte keuse te maak, ooreenkomstig sy Christelike lewensbeskouing.

Vir opvoedkundiges is dit duidelik dat jeugweerbaarheid 'n positiewe handeling moet wees. In hierdie handeling moet Christelike beginsels deur opvoed=

31) Anon. Jeugweerbaarheid. Die Unie, 68(9): p.361, Maart 1972.

kundiges oorgedra en ingeskerp word.

'n Persoon wat geestesweerbaar is, sal oor die volgende verworwe eienskappe beskik: selfaanvaarding, selfkonfrontasie, selfintegrasie, selfekspresie, selfuitstraling, selfdiensbaarheid en selftransendensie.

Met die invocring van 'n jeugweerbaarheidsprogram in die skole van die R.S.A. was die onderwysowerhede deeglik bewus van die noodsaaklikheid van so= danige program. Omdat die jeugweerbaarheidsprogram van die T.O.D. 'n goeie voorbeeld is van wat in sekondêre skole in die R.S.A. gedoen word, is hierdie program as basis vir bespreking geneem. Alhoewel die jeugweerbaarheidsprogram uit 'n fisiese en 'n geestelike komponent bestaan, is vir die doel van hierdie verhandeling, slegs die geestesweerbaarheidsprogram as basis vir bespreking geneem.

Die opstellers van hierdie geestesweerbaarheidsprogram het besondere skerpsinnigheid en insig aan die dag gelê. Daar is tog enkele knelpunte:

- * Voorligting as vak het in die praktyk byna heeltemal verdwyn.
- * Die vak Voorligting, soos vroeër bekend, is nou verdeel in die komponente vak- en kursuskeuse, beroepsleiding en geestesweerbaarheid. Die verdeling tussen beroepsleiding en leiding t.o.v.

vak- en kursuskeuse het geen pedagogiese grond vir regverdiging nie, omdat vakkeuse, kursuskeuse en skool- en beroepskeuse baie nou inmekaar skakel.

- Temas soos volkereverhoudinge, geldsake, menseverhoudinge ens., is nie op Christelike beginsels gefundeer nie.
- Geestesweerbaarheid word basies in drie komponente verdeel nl., burgerskap, menseverhoudings, en lewenswaardes. Sekere temas soos nywerheidswetgewing en vakleerlingskap is nie gepaste temas van burgerskap nie.

HOOFSTUK 5

5. ENKELE BYDRAES VAN DIE OUERS, SKOOL EN KERK TOT WEERBAARMAKING VAN DIE KIND

5.1 Weerbaarmaking is die verantwoordelikheid van die ouer, skool en kerk

Jeugweerbaarheid moet primêr as 'n pedagogiese aan=geleentheid beskou word. Dit is 'n langdurige han=deling, 'n opvoedingshandeling wat strek vanaf ge=boorte tot die stadium dat die individu weerbaar=heidsvolwassenheid bereik het. Hierdie toestand word verwerklik in die opvoedingsprogram by die huis, skool en kerk. Die hele maatskappy is direk met die weerbaarmaking van jongmense gemoeid. Om weerbaar te wees, impliseer dat die jeug wakker en opmerkzaam sal wees, sodat hulle in staat is om hul self te kan verweer teen die fisiese en geestelike aanslae van die tydges. Dit is dan die primêre taak van die ouer, onderwyser en die predikant om die jeugdige op te voed tot weerbaarheidsvolwassen=heid.

As elkeen van hierdie instansies in sy doel slaag, sal die jeugdige volgens sy lewens- en wêreldbeskou=ing in staat wees om 'n standpunt in te neem teen dit wat reg of verkeerd is. Die Christenopvoeder sal homself dus deeglik moet vergewis van die wese, aard en doel van weerbaarmaking.

Scholtz wys daarop dat 'n volk se toekoms gebou is op sy jeug. Hy sê: "Die jeug is 'n volk se grootste besit, want op hulle berus die toekoms. Van ons kinders hang die toekoms van ons volk, ons taal, ons beskawing, ons godsdiens en alles wat ons eie is af. Ons voortbestaan berus op die jeug se getalle, hulle geestelike weerbaarheid en hulle liefde vir alles wat aan hulle volkseie is."¹⁾

5.2 Die posisie van die gesin met betrekking tot ander opvoedingsinstansies in die weerbaarmakingshandeling

Die gesin neem 'n besondere plek in die samelewing in, omdat die gesin as oorsprong en voedingsbron van die samelewing, midde in die samelewing verkeer. In die bekamping van die negatiewe aanslae (teen die gees en moraal van die Calvinis-Afrikaner) het die gesin 'n baie belangrike funksie om te vervul. Volgens Van der Schyff, omskrywe Spier die gesin as die 'kiemcel der maatschappij', want die samelewing is geanker, gewortel in die gesinslewe.²⁾

-
- 1) Scholtz, I.P. Die ouer se taak en plek in die opvoeding en onderwys, p.10. Die staat het wel ook 'n belangrike rol om te vervul in die weerbaarmaking van die jeug. Vir die doel van hierdie verhandeling word egter slegs aandag geskenk aan die ouer, skool en kerk se taak.
 - 2) Van der Schyff, P.J. Aspekte van die plek en taak van die gesin in die moderne samelewing, p.17.

Alhoewel die gesin primêr betrokke is by die weerbaarmaking van die kind, is daar tog 'n verband tussen die ouer, die kerk, skool en staat. Volgens Strydom, sê Mulder: 'Na my mening het ons hier te doen met een van die Afrikaner se mooiste erfenisse: Ek bedoel sy siening i.v.m. die aard van gesin, kerk, staat en skool, hul onderlinge verhouding tot mekaar en hul betekenis vir die opvoeding en onderwys van ons kinders.' Hy wys egter daarop dat die gevaar bestaan dat sekere instansies somtyds hul eie belange wil bevorder, en dus daardeur dikwels hulle eie pligte wil ontduik deur dit oor te plaas op die onderwysprofessie. Dikwels egter wil ouers hulle opvoedingsverantwoordelikheid weer heeltemal aan die skool toesê. Die skool moet vir hierdie mense slegs dien as 'n bewaarplek om hul kinders uit die huis te hou.³⁾

Van al die instellings in die volkslewe is daar geen instelling so belangrik as juis die gesin nie. Ook van al die omgewingsfaktore is die ouerhuis seker die belangrikste. Die ouer se invloed is van groot vormende waarde, dit is direk en blywend. Teen hierdie agtergrond moet die gesinslewe in die huidige tydsgewrig gesien word.⁴⁾

3) Strydom, A.H. Die toepassing van jeugweerbaarheid in die skole van die O.V.S. Die Skoolblad, 60(12): p.18, Desember 1972. In die verband word verwys na instansies wat sekondêr in skole bepleit. Dit is uitsluitlik die ouer se reg en verantwoordelikheid.

4) Scholtz, op. cit., p.5.

5.3 Identiteitsverwerwing vind primêr in die gesinsituasie plaas

In sy omskrywing van die begrip opvoeding sê Preller: "Opvoeding is 'n wisselwerking, 'n geestelike dialoog in 'n ware ontmoetingsituasie, gekenmerk deur openheid, onderlinge vertroue en liefde, tussen 'n gevormde volwasse opvoeder en 'n hulpbehoevende, volwasse-wordende opvoedeling, waartydens die opvoeder met sy opvoedingsmiddele (leerstof, metode, tug ens.) doelbewus opsetlik planmatig hulp en leiding verleen aan die opvoedeling. Sowel opvoeder as opvoedeling is aktief betrokke by die opvoeding."⁵⁾

Die jeugdige moet opgevoed word sodat hy binne die komplekse gemeenskap waarin hy homself bevind 'n eie identiteit sal verwerf: 'n eie lewensbeskouing en leefwyse wat hom weerbaar sal maak teen die aanslae van die tydgees. Die jeugdige se hele persoonlikheid is ingestel op die verwerwing van 'n eie identiteit, maar dit is slegs verwerklikbaar deur die bemiddeling van ander volwassenes. Hier speel die ouer as opvoeder 'n baie belangrike rol, want identiteitsverwerwing begin reeds die oomblik wanneer die kind begin bewus word van sy eie bestaan. Botha sê: "Identiteitsverwerwing is dus 'n aange-

5) Preller, S.J. Die opvoedingstaak van die universiteit. Koers, XXXVII(5): p.349, April 1970.

leentheid wat primêr binne die gesinsituasie vol= trek word, maar wat telkens as moment in die sosia= le lewe van die kind in opvoeding aanwysbaar is."6)

Vanuit die mens se lewens- en wêreldbeskouing word sekere kernvrae beantwoord soos: Wat is die sin van alles? Wie is ek? Waarheen wil die mens? Indien die jeugdige verward is betreffende sy lewens- en wêreldbeskouing sal hy outomaties in 'n identiteitskrisis verkeer en sodoende meer blootge= stel wees aan die aanslae van die tydgees. Iden= titeitsverwerwing is juis een van die vertrekpunte vir weerbaarmaking teen die aanslae van vreemde ideologieë en wysgerige strominge. Botha beklem= toon dat "identiteitsverwerwing as die verwerwing van 'n lewensbeskouing binne groepverband, is dus (sic) moontlikheidsvoorwaarde vir jeugweerbaar= heid."7)

Van Wyk wys daarop dat 'n lewensbeskouing nie 'n losstaande fasie van die mens se persoonlikheid is nie, maar dat dit geleidelik a.g.v. die ouerlike opvoeding, kerklike prediking, kategetiese onderrig en opvoeding by die skool tot ontplooiing kom. Dit is egter so dat omgewingsfaktore ook 'n beslis= sende bydrae sal lewer tot die verwerwing van 'n

6) Botha, T.R. Jeugweerbaarwording as identiteits= verwerwing teen die agtergrond van 'n eietydse samelewing. (In Botha, J.L. e.a. Jeugweerbaar= heid, p.103.)

7) Ibid., p.104.

lewens- en wêreldbeskouing. Die eerste basiese beginsels waarop so 'n beskouing berus, word reeds in die ouerhuis verwerklik. Reeds van baie vroeg af leer die kind orde, reëlmatigheid, goeie gewoontes, maniere, kinderlike godsdienstigheid, dissipline, eerlikheid, gesag en vryheid ken.⁸⁾

Vir die Christen beteken die begrip "lewensbeskouing," die beskouing van die mens i.v.m. sy God, die mens en die geskape wêreld. Die term "Christelike" dui op die tradisioneel Afrikaans-Christelike, naamlik, die Calvinisme. Vir die mens met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, word die Bybel aanvaar as die onfeilbare Woord van God. Alle norme is Skrifgefundeerd. Alhoewel Skriftuurlike waarhede nie wetenskaplik bewys kan word nie, word die Bybel in kinderlike geloof as die Woord van God aanvaar. Uit God, deur God, tot God is alle dinge. God is soewerein en almagtig. Die Christen glo in die voorsienigheid van God. Alles verloop volgens sy vaste plan en onder sy leiding. God se wet geld vir God se skepping. Dit gee vir die Christengelowige sin, doel en rigting vir alles in die kosmos.⁹⁾

Die ouerhuis as opvoedingsinstansie dra 'n hoogsverantwoordelike taak en roeping om die jeugdige soda=

8) Van Wyk, J.H. Ons Christelike lewensbeskouing, pp.1-14.

9) Ibid., pp.3-4.

nig te beïnvloed dat hy reeds van vroeg af die Christelike lewens- en wêreldbeskouing sy eie sal maak. Indien die ouer sy opvoeding op 'n Calvinistiese lewensbeskouing funder, sal hy sy kind opvoed tot die eer van God. Slegs wanneer die ouer uitgaan van die standpunt dat die kind na die ewebeeld van God geskape is – 'n gevalle, maar geredde sondaar – sal hy sy kind kan opvoed, volkome toegerus vir die lewe en die hiernamaals.

In sy siening van die opvoedingstaak van die opvoeder, sê Van Wyk: "Christelike opvoeding sal dus 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde daad wees waarby 'n Christelike opvoeder, (ouer, onderwyser) wat uit liefde vir God en die naaste gedronge en in volle besef van sy roeping met betrekking tot ontsluiting van die kosmos, 'n onmondige persoon(-e) tot ontsluiting bring en sodoende lei, help, vorm, toerus en oorhaal tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy taak om God met sy hele lewe te dien, sy koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring."¹⁰⁾

Die opvoeder (ouer) moet in staat wees om vir sy kind die bakens of sentrale beginsels van sy eie

10) Van Wyk, J.H. Die opvoedingstaak van die skool van die Een-en-twintigste eeu. (In Schutte, B.C. e.a. Die skool van die 21ste eeu, p.39.)

lewensbeskouing en van sy eie kultuur, te kan aandui. Die kind moet egter ook geleidelik daartoe gebring word om beweeglik te word in sy daaglikse konfrontasie met dit wat vreemd is, en nie aan hom eie is nie. Die kind moet dus standpunt inneem teen dit wat vir hom onaanvaarbaar is, maar terselfdertyd moet hy die vreemde kan aanvaar as teenwoordig in sy lewe.¹¹⁾

Volgens van der Schyff. sê Kenkel: 'Judgement involves more than knowledge and the possession of factual information for it implies the weighing of available facts and the reaching of a satisfactorily conclusion on what kind of action is called for by the situation. The ability to judge and decide is constantly required in many phases of personal and social living.'¹²⁾

5.4 Enkele bydraes van die ouerhuis t.o.v. weerbaarmaking (positiewe opvoeding).

Daar bestaan geen ideale of perfekte familiesituasie of patroon nie, omdat daar in elke familie storende of belemmerende invloede is. Dit is egter nodig om te weet watter soort familiepatroon bevorderend inwerk vir die beste vormende invloed van die huisgesin in die gemeenskap, sodat 'n teëwig gevorm kan

11) Botha, T.R. op. cit., p.108.

12) Van der Schyff, op. cit., p.22.

word teen vreemde invloede in die gemeenskap.¹³⁾

Basiese opvoedkundige grondslae, soos die godsdienstige, die etiese, die estetiese, die sosiologiese, die logiese, die psigologiese, die biologiese, ens. word reeds van baie vroeg af deur die gesin (vader en moeder) in die lewe van die kind(ers) vasgelê.

Dit is noodsaaklik vir verdere weerbaarmaking deur die skool en die gemeenskap. Vir die doel van hierdie verhandeling sal slegs klem gelê word op die godsdienstige-, die sedelike en die estetiese grondslae.

5.4.1 Ouerliefde 'n voorvereiste vir opvoeding

Die ouer wat besef dat sy opvoedingsverantwoordelikhede 'n opgelegde taak van God is, sal uitgaande van sy Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, sy kinders in liefde opvoed tot die eer van God. Hierdie basiese opvoedkundige beginsel sal vas bly staan vir alle tye. Ouerskap is 'n Godgegewe verantwoordelikheid; hieronder sal ware ouerskap en ware opvoeding nie moontlik wees nie. Vanuit hierdie verantwoordelikeheidsbesef tree 'n hele aantal ouerlike eienskappe en kenmerke na vore.¹⁴⁾

13) Marais, W.D. Die vormende invloed van die gesin op die ontwikkeling van die kind, p.16.

14) Kruger, H.B. Die ouer van die 21ste eeu. (In Schutte, B.C. e.a. Die skool van die 21ste eeu, p.111.)

Een van die basiese grondbeginsels vir waaragtige ouerskap, is die liefde tussen ouers en kinders. Die kind se emosionele sekuriteit is juis gegrond=ves in die belewenis van sy ouers se liefde. Hier=deur ervaar die kind die werklikheid van dissipline, en vanuit die atmosfeer van liefdevolle versorging ontwikkel die kind sy onderskeidingsvermoë. Die Christenouer glo dat sy kind se opvoeding 'n godde=like opdrag is. Sy kind is 'n verbondskind en daarom sal slegs deur God se genade die kind se opvoeding tot reg kan kom.¹⁵⁾

Indien die huisgesin onstabiele trekke openbaar soos 'n disharmoniese verhouding tussen vader en moeder, of in sy uiterste vorm, egskeiding, word hierdie toestand geprojekteer op die kind(ers). Dit het emosionele leer- of gedragsafwykinge tot gevolg. Vir die weerbaarmaking vandie jong kind(ers) is die harmoniese verhouding tussen ouers van groot belang. Die kinders voel hierdie liefde tussen ouers aan en dit lei tot emosionele sekuriteit en gemoedsvorming.¹⁶⁾

Scholtz stel dit treffend as hy sê: "Emosionele onsekerheid is nie net 'n swak fondament vir die lewe van die individu nie, maar ook vir die voortbestaan van 'n volk. Ouers kan geen beter belegging vir

15) Ibid., p.112.

16) Loc. cit. Ontoereikende opvoeding kan wel te=weeg gebring word deur oorbesorging, oorbe=skerming en oortoegeeflikheid. Somtyds is die liefde misplaas omdat die ouers die kind verwen.

die toekoms van 'n kind maak as juis sy gesonde emosionele ontwikkeling nie. Elke ouer behoort ernstig na te dink oor die volgende: 'Moenie so hard werk om vir julle kinders 'n geldelike belegging te maak nie, belê lievers 'n bietjie meer van juisself en jul tyd in jul gesin – die diwidende is groter en meer lonend.'"¹⁷⁾

Smit huldig dieselfde standpunt as bogenoemde. Hy noem, dat 'n volk wat sy baken van idealisme ver in die toekoms wil plaas se beste diwidende verkry word wanneer die belegging in mense materiaal gemaak is. Omdat onvoorspelbare veranderinge in die toekoms mag plaasvind, sal dit nie raadsaam wees om 'n mens se vertroue te stel in materiële weerbaarheid nie. Daar moet dus ernstig aandag geskenk word aan die geestelike weerbaarmaking van 'n volk. Smit sê verder dat geestelike weerbaarmaking "dan noodwendig gerig op mense materiaal en wel die karakterbou, vorming en opvoeding van die jeug van 'n volk moet wees."¹⁸⁾

Die gesin is 'n geslote eenheid en die harmoniese verhouding tussen ouers is noodsaaklik vir volkome ouerskap. Die ouers is deur liefde saamgebind en al die kinders word weer deur hierdie ouerliefde

17) Scholtz, I.P. op. cit., p.7.

18) Smit, A.C.J. Geestelike weerbaarheid en kultuur. Handhaaf, 9(5): p.10, Januarie 1972.

omkoopel. Hierdie gesonde liefdesband tussen vader en moeder en kinders is noodsaaklik vir die geestelike weerbaarmaking van die jeug.

5.4.2 Die kind se eerste kennismaking met gesag is in die ouerhuis

Gesag is die basis waarop alle opvoeding berus. In die ouerhuis maak die kind vir die eerste keer kennis met 'n gesagsverhouding.

In sy omskrywing van gesag sê Brillenburg-Wurth, volgens De Klerk: 'Gezag, daaronder hebben wij te verstaan een 'zeggen', waarop een ander antwoorden moet door, in onderworpenheid zich te laten gezegen.' Die karakter van die gesagstruktuur word bepaal deur sy funderings- en bestemmingsfunksie. Omdat die gesin gefundeer is op die bloedverwantskap tussen ouers en kinders is dit noodsaaklik dat liefde die basis sal vorm waarop die ouer gesag beoefen en dat dit ook die grondslag sal wees vir die kind se aanvaarding van die uitgeoefende gesag.¹⁹⁾

Die standpunt van die Calvinistiese ouer is dat al=le gesag gedelegeerde gesag van God is. God alleen beskik oor absolute gesag. Omdat die ouer se gesag van Bo is, berus daar op die ouers 'n groot

19) De Klerk, J.J. Die positivering van die gesinsnorme in die wisselwerking met die moderne samelewing, p.53.

verpligting en verantwoordelikheid om die gesaghe=
oefening tot sy reg te laat kom. Die kinders, daar=
enteen, is op hulle beurt van Godswêë verplig om
hulle aan hierdie ouerlike gesag te onderwerp.²⁰⁾

Die jeug het 'n behoefte aan gesag, veral ouerlike
gesag. Dit versterk die kind se sekuriteitsgevoel.
Ouers wat hierin faal, ontnem die kind se veilig=
heids- en erkenningsdrang.

Dit is noodsaaklik dat die jeugdige se inskakeling
in die gesagsverhouding in die gesin reg gefundeer
is. Baie probleme van die jongmense wat vir die
opvoeders soveel kommer besorg, kan teruggevoer
word na ondervindings in hulle ouerhuise en veral
na die verhouding tussen ouer en kind en die wyse
waarop by die kind 'n reaksie teenoor gesag vasge=
lê word. Onverdraagsaamheid en verset teen gesag
lê geanker in vroeë ondervindings in die ouerhuis
en word daarbuite op die verskillende terreine uit=
gedra en voortgesit.²¹⁾

Van belang is egter om daarop te let dat openhartig=
heid tussen die kind en sy ouer gedemp word deur
oordrewe gesagshandhawing. Gesag moet nooit so uit=
geoefen word dat die ouer en kind vir mekaar vreemde=

20) Ibid., p.54.

21) Strating, L. Die verhouding van ouer tot kind.
(In Blok, T. e.a. Die anker van 'n volk; die
gesin as kerneenheid, p.20.) Die kind eis
veiligheid en erkenning.

linge word nie. Die teendeel is egter ook waar, nl. dat gebrekkige gesagshandhawing gesagsbrekers kweek. Van Loggerenberg beveel aan dat die ouers nie moet huiwer om beslis en ferm op te tree indien nodig nie. Hy sê: "Dit is 'n gelukkige volk as hy oor huisgesinne beskik waar die gees van die ouer en die gees van die kind goedig en liefdevol, maar nietemin vonkelend teen mekaar geslyp word, want aldus word die fondament gelê vir 'n jong geslag wat vryheid in verantwoordelikheid kan beoefen en wat oor 'n verantwoordelike kritiese sin beskik sonder om ooit te verval tot irriterende kritieke-righeid en ongegronde foutvinderigheid."²²⁾

Om 'n ideale opvoeding te verwesenlik, is die eerlike en opregte belangstelling van die ouer in die kind "se wêreld" 'n voorvereiste. Die ouer moet met sy kind meeleeft en in ope gesprek met hom verkeer, want die kind het 'n behoefte om sy probleme en sy ideale met iemand te bespreek. Van Loggerenberg skryf: "Die ouers wat van jongsaf in hul kinders se doen en late belangstel omdat 'n klein bietjie tyd in die kleintyd vir die klein dingetjies die beste belegging is wat enige ouer kan maak, berei die weg voor om die gesprekke later oor die groot gevoelsvelde soos Godsdienst, vaderlandsliefde, naas=

22) Van Loggerenberg, N.T. Verantwoordelike ouerskap. Die Skoolblad, 61(1): p.3, Jan. 1973. 'n Gebrek aan Idealisme by baie ouers kan toegeskryf word aan toenemende Materialisme en Sekularisme.

teliefde en die liefde tot een van die ander geslag, tussen ouer en kind te laat vlot."²³⁾

Skousen sê: "Help your children grow up. Don't fall for the current Socialist-Communist line that parents are a detriment to their children. They are only a detriment when they don't do their job." Hy gaan verder en sê: "Do not fall for the 'permissive' school of psychology which says discipline will harm human development. Such thinking produces hoodlums with maladjusted personalities who are likely to fall for every 'ism' that comes along. A child needs to know that he lives in an orderly world. Discipline is part of it – not extreme harshness but as reasonable and consistent enforcement of the rules."²⁴⁾

By baie ouers is daar weerstand teen moderne neigings. Dit het tot gevolg outoritêre ouerskap. Die gesag word op die kind afgedwing, die ouer verontagsaam die noodsaaklikheid dat die kind in verantwoordelikheid tot vryheid opgevoed moet word.

23) Loc. cit.

24) Skousen, W.C. The naked communist, p.276. Gesag en dissipline moet in die huisgesin geld soos deur die doopbelofte vereis. Die doel met dissipline is om die kind te leer ervaar dat die liefde van God vir die mens spreek deur Sy Wet en dat die mens wat gedissiplineerd is ook die vrede en liefde van God in sy eie lewe sal ervaar. Dissipline moet lei tot selfdissipline.

Soms word die kind(ers) weer losgelaat om hulle eie heil uit te werk en na goeë dinge te handel omdat, in baie gevalle permissiwiteit by hierdie ouers self hoogty vier. Indien die ouerlike gesag nie gehandhaaf word nie, is die kind "vry" om vir homself te dink en te doen. Omdat die kind nie 'n besef het van wat reg of verkeerd is nie en geen gesonde leiding van ouerskant af ontvang nie, mag dit lei tot permissiwiteit en morele aftakeling.

In die dissiplinering van hul kinders moet ouers:²⁵⁾

- * 'n studie maak van anti-sosiale gedragsneigings en vasstel wat die oorsake daarvan is;
- * besef dat die kinders in reaksie teen ouerlike onverskilligheid kom, maar dat kinders ook goedkeuring in baie sake verlang;
- * die samewerking van die skool verkry en nie alle blaam vir problemsituasies uitsluitlik die van die skool maak nie;
- * by kinders 'n verantwoordelike siel kweek; kinders moet liefers aangemoedig word eerder as om hulle te beskuldig; dit het 'n groter aktiverende waarde.

5.4.3 Ouerlike voorbeeld; 'n voorwaarde vir opvoeding (weerbaarmaking)

Ouers wat 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing (in hierdie geval die Christelike beskouing) aan hulle

25) Scholtz, I.P. Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys, p.1.

kinders voorhou, moet self volhardend poog om hier= die beskouing uit te leef. Anders verwar dit slegs die kind en dit lei tot identiteitsonsekerheid en weerloosheid.²⁶⁾

Dit is so dat die deursnee ouer 'n gebrekkige en soms verkeerde voorbeeld aan hulle kinders voorhou: Kerkdienste word swak bygewoon; daar is min belangstelling in volksfeeste en ander kulturele aangeleenthede; politieke bedrywighede geniet min aandag; hande-arbeid word nie meer as deug voorgehou nie; vrye tyd word ondoeltreffend bestee en die waarde van volgehoue studie word misken.²⁷⁾

Scholtz wys daarop dat die jeug dikwels deur volwas= senes beskuldig word van opstandigheid en belange= loosheid in sake soos die kerk, kultuur en die poli= tiek. Maar die volwassene moet besef dat die jeug se optrede bloot voortspruit uit die voorbeeld van die volwassene en nie uit die lewensbeskouing wat die volwassene voorhou en self nie uitleef nie. Hierdie swak voorbeeld wat sommige ouers hulle kin= ders voorhou, projekteer homself eers wanneer die kind begin skoolgaan. 'n Volk het die jeug wat hy verdien, want die jeug is die resultaat van die op=

26) Botha, T.R. op. cit., p.105.

27) Scholtz, I.P. Besinning: Ouerverantwoordelik= heid met betrekking tot die skool. Fokus, 1(2): p.94, Aug. 1973.

voeding.²⁸⁾

Die feit dat liberale elemente ingestel is op die bestaande kultuurorde en kulturele waardes is seer=sekerlik nie sonder rede nie. Dit wil voorkom asof die Afrikanervolk juis op hierdie gebied geweldige kwesbaar is. Deur die jongmense van 'n volk op hierdie gebied te verwar, maak hulle hulle so maklik die skyf vir die vreemde ideologiese denke, soos die Liberalisme, Kommunisme en die "New-Leftisme". Deur 'n navolgingswaardige voorbeeld, gefundeer op 'n Christelike lewensbeskouing, te stel, lewer die ouer 'n geweldige bydrae tot die weerbaarmaking van die jeug.

Van der Walt beklemtoon die noodsaaklikheid dat die ouer die kind moet leer en lei om sekere basiese ontdekkings in die lewe te maak. Hy sê: "Wanneer u, u kind help om sinvolle lewensontdekkings aan die hand van die Woord en Wet van God te doen, dan het u hulle weerbaarder, ewewigtiger en geestelik-liggaamlik ryper vir die lewenstryd gemaak en kan u en u gesin die aanslae afweer en 'n werklike vesting word waarin u as vader en as moeder en as kind u gelukkig en geborge voel en u bydrae tot die volkslewe lewer."²⁹⁾

28) Scholtz, I.P. Die môre van 'n volk – die jeug 'n weerspieëling van die volwassene. Handhaaf, 10(4): p.21, Des. 1972.

29) Van der Walt, P.J. Die Christelike gesin as vesting teen die aftakelende aanslag van buite. Gereformeerde Vroueblad, XXIX(4): p.14, Sept.1974.

5.4.4 Die godsdienstige opvoeding – die belangrikste bydrae van die ouerhuis tot weerbaarma-king

Vir die gelowige is die lewe en opvoeding van die mens (die jeug) ondenkbaar sonder 'n grondige kennis van en 'n liefde en diens vir die Here. Die hele opvoeding en die lewe van die gelowige moet in sy diens staan. Vir 'n ware opvoeding is die sondeval, die genade en die verlossing deur Jesus Christus onmishare leerstukke.

Die mens (ouer) se religie bepaal die hele wese, doel en inhoud van sy opvoeding. Die vader en die moeder wat aan God glo, Hom bely, liefhet en dien sien die opvoeding van die kind anders as hy wat die bestaan en die diens van die Here loën.³⁰⁾

Die term religie sluit, in sy breedste betekenis, Godskennis en Godsvrug in. Dit beteken dat diens aan God 'n voorverciste is. Die mens moet gebring word tot kennis van God. Dit spruit voort uit liefde en vrese van die mens vir God. Hieruit ontstaan 'n ware diens tot God.³¹⁾

30) Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.115. Kyk ook Vorster, J.D. (Koot) 'Die jeug: stormtroepe van die revolusie!' Roeping en riglyne, 23(2): Junie 1975.

31) Ibid., p.116.

Daar bestaan egter 'n neiging om die stoflike in die mens se lewe hoër te skat as die geestelike. Dit dra in 'n groot mate by tot die vervlakking van die mens, in veral sy omgang met sy medemens. Dit lei weer tot rampspoedige gevolge in die gesinslewe. Baie kinders groei op in ouerhuise waar God en sy gebod op die agtergrond geskuif word ten koste van die materiële. Godsdienste beteken vir hierdie kinders slegs kerkbesoek en somtyds die lees van 'n eie Bybel. Maar van 'n persoonlike verhouding met God, van sonde en vergiffenis, gebed en verlossing, het hulle geen begrip nie. Alhoewel hierdie kinders heel dikwels materieel goed versorg is, is hulle geestelik onversorg.³²⁾

Die bepalende faktor in die lewe van die mens, is sy godsdiens. In God vind die mens sin, oorsprong en bestemming. Die mens is 'n religieuse wese. Die jong kind is in staat om bewus te raak van godsdienstige ervarings alvorens hy enige oordele oor godsdiens kan uitspreek.

Hierdie basiese beginsels van die godsdiens word reeds van baie vroeg af in die ouerhuis vasgelê. Die doel van die godsdienstige opvoeding moet wees om die kind godsdienstig te versorg, te vorm en te

32) Joubert, J.J. Ouerverantwoordelikheid ten opsigte van onderwys en opvoeding van sy kind tuis en die implikasies daarvan vir die onderwyser en die skoolorganisasie, pp.15-16.

ontwikkel. Die kind moet opgevoed word tot 'n godsdienstige wese wat God sal ken, dien en tot sy eer sal lewe.³³⁾

Die primêre taak van die ouers is om die kind so op te voed dat die kind (mens) sy hele lewe aan God sal wy. Die kind moet tot die besef gebring word dat hy 'n sondige mens is, maar dat hy deur genade en deur geloof in Christus in die genadeverbond van God opgeneem is.

Om hierdie taak suksesvol te kan volvoer, beteken dat die ouerlike voorbeeld 'n belangrike rol sal moet vervul. Deur die ouer se voorbeeld sal die kind(ers) leer dat godsdiens nie 'n losstaande fa-set van die mens se lewe is nie, maar dat dit die hele mens se lewe rig en insluit en dat dit altyd ten volle uitgeleef moet word op alle terreine. Die plek wat die godsdiens in die ouers se lewe inneem en die godsdienstige milieu waarin die kind opgroei, het verreikende gevolge in die godsdienstige vorming van die jong kind.³⁴⁾

Joubert wys daarop dat die kerklike lewe en die bywoning van eredienste 'n saak van groot erns moet

33) Van Loggerenberg, N.T. e.a. Verantwoordelike opvoeding, p.36.

34) Joubert, J.J. op. cit., pp.182-185. Die groot skape dui die pad na die soutkrippe vir die lammers aan.

wees by elke gesin. Hy sê verder: "Die gesin is van primêre belang vir die kind se religieuse vorming. In die gesin ontdek die kind die lewenswaardes en leer hy wat geloof is. Die kind kyk na die lewe van die ouers en soek daarin na die plek van God, na die sin van die geloof en na die betekenis van die kerk."³⁵⁾

Beukes beweer dat wie die godsdienstige opvoeding "verwaarloos ter wille van ander belangrike werk, verwaarloos die belangrikste van hulle belangrike werk."³⁶⁾

Die opvoeder wat die jeug wil behou vir die Koninkryk van God moet nie huiwer om die Drie-enige God en Sy Woord sinvol te betrek by die lewe van die kind nie.³⁷⁾

Skousen wys op die waarde van hierdie weerbaarmakende opvoedingshandeling, teen die aanslae van die tydgees. Hy sê: "Deep spiritual convictions stand like a wall of resistance to challenge, the teachings and practices of Communism."³⁸⁾

35) Ibid., p.184.

36) Beukes, D.P.M. Godsdien in die huisgesin. Handhaaf, 9(1): p.20, Sept. 1971.

37) Van Wyk, J.H. Eksistensieteologie en Godsdiensoonderrig, p.501.

38) Skousen, W.C. op. cit., p.71.

5.4.5 Sedelike vorming deur die huisgesin - 'n primêre vereiste vir weerbaarmaking

Met die begrip "sedelike;" verstaan Van Waardenberg, "dat aspect van het mens-zijn, waardoor deze mens in staat is buiten en boven hem bestaande en voor hem geldende waarden en normen ten opzichte van het goede en het kwade te erkennen en te kennen, zijn innerlijke-zelf daarmee te konfronteren en zijn handelen daarnaar te richten of althans daaraan te toetsen. Het zedelijke is hierbij dus niet gezien als een bloot-psychisch 'vermogen' tot goed- of afkeuring, maar als een beoordelingsfunctie ten opzichte van het behorende dan wel ontoelaatbare in intra- en intermenselijke verhoudingen aangaande hetgeen als 'het Goede' aanvaard wordt."³⁹⁾

Die daarstelling van Christelike norme vir bepaalde gedragswyses is 'n voorvereiste vir sedelike opvoeding. Positiewe leiding moet deur die opvoeder (ouer) gegee word, en hulle moet vasgelegde norme, gegrond op Gods Woord aan die kind(ers) voorhou. Die kind moet dit op sy beurt innerlik verwerk, so= dat dit die stem van sy gewete sal vorm waaraan hy gehoorsaam sal wees. Omdat sedes goed of sleg mag wees, kan slegs Skrifgefundeerde sedes as norm deur opvoeders aanvaar word.

39) Van Waardenberg, E.H. De zedelijke vorming als schoolpedagogisch vraagstuk, p.1.

Die sedelike vorming van die mens word deur sommige opvoedkundiges geweldig hoog aangeslaan. Vir die Christenopvoeder (ouer) moet die sedelike opvoeding, naas die godsdienstige opvoeding, primêre aandag geniet. Die Wet van God en die hele samelewing vereis dat elke mens sedelik opgevoed moet word. Die mens, daarenteen, is 'n sedelike wese en het behoefte aan 'n sedelike opvoeding. God het die mens geskape met 'n sedelike natuur. Dít strek tot die mens se voordeel, tot die welsyn van die gemeenskap en die eer van God. Heiligmaking is vir die Christenopvoeder die hoogste vorm van sedelike opvoeding. Deur die kind sedelik op te voed, moet die kind(ers) gebring word tot die gehoorsaming aan die Skrif, wat na sy volwassewording nog steeds moet geld.⁴⁰⁾

Die begin en bron van die mens se sedelike lewe is gesetel in die Gebod van God. Die mens is verplig om die Wet van God te gehoorsaam en daaraan onderdanig te wees. Die norm vir sedelike opvoeding lê vir die mens (ouer) opgesluit in Exodus 20. Ware sedelikheid vereis dat die mens (kind) ongeag die situasie, gehoorsaam sal wees aan die Wet van God. Hierdeur alleen sal die kind innerlike vreugde en bestendigheid verwerf en dan alleen sal hy sy lewe aan sy God kan wy.⁴¹⁾

40) Coetzee, J.C. op. cit., pp.104-105.

41) Ibid., pp.107-108.

Idealistiese opvoedkundiges beweer dat die kind alle moontlikhede in hom besit en dat opvoeding van buite af van geen nut is nie. Dit bring slegs hierdie moontlikhede in die kind tot ontplooiing. Hierdie idees impliseer dat die kind se karakter= vorming sal ontplooi uit 'n ingebore "natuurlike goedheid." Hierdeur sal 'n volwasse, sedelike persoonlikheid sonder enige opvoedingshandeling van= self tot stand kom. Genoemde siening strook nie met die Christenopvoeder se siening van die kind se natuur nie. Omdat die kind 'n sondige wese is en in sonde gebore en ontvang is, mag die kind nie aan homself oorgelaat word nie. Die opvoeder moet voortdurend aktief besig wees en ingryp in die kind se persoonlikheidsontwikkeling en sy karaktervorming. Karaktervorming van die jong kind(ers) vereis die doelbewuste optrede of inmenging van die ouer (op= voeder). Die opvoeder moet gedurig sedelik-waarde= bepalend optree. Die opvoeder se voorbeeld bly steeds van kardinale belang.⁴²⁾

Die normatiewe aspekte of die kies-en keurvermoëns van die kind se persoonlikheid is deel van sy mens= wees. Die wese van hierdie vermoëns moet voortdu= rend deur die opvoeding van die ouer (opvoeder) ge= rig, gerem en ingeskerp word sodat die kritiese in= sig stadig, dog deeglik, tot 'n fyner onderskeidings= vermoë by die kind kan ontwikkel. Opvoeding het

42) Van Loggerenberg, N.T. e.a. Verantwoordelike opvoeding, p.47.

tot gevolg die ontluiking van 'n sedelike bewussyn waaruit voortspruit die karaktervorming van die kind(ers). Hierdeur word die gewete opgevoed en ontwikkel.⁴³⁾

Sedelike opvoeding is daarop ingestel om, onder invloed van gesag en leiding, die kind te help om tot sedelike selfbepaling te kom. Dit is 'n gestadigde, innerlike gebeure – 'n gebeure van innerlike bewuswording. In die huidige tydgees, waarin sedelike agteruitgang en permissiwiteit oral te bespeur is, is dit noodsaaklik dat die kind in staat sal wees om 'n sedelike oordeelsin te ontwikkel. Hier speel die ouer se leiding 'n belangrike rol.⁴⁴⁾

Bull is van mening dat, "the greatest influence upon the child's moral development is the home. It's not simply that the child spends far more of his life at home than at school or with friends. Here are made the earliest and most longlasting identifications." Hy beklemtoon die opvoedingstaak van die huisgesin en sê: "It is the family that shapes personality, influences emotional development, and patterns moral concepts."⁴⁵⁾

Vanaf die kleuterjare word talle gewoontes wat van groot belang is vir die karaktervorming van die kind,

43) Ibid., p.48. Dit is 'n belangrike vereiste vir keuseweerbaarheid.

44) Ibid., p.51.

45) Bull, N.J. Moral education, pp.130-131.

vasgelê in die ouerhuis. Dit behels eienskappe soos eerlikheid, volharding, eerbied, netheid, stiptelikheid, gehoorsaamheid en talle ander karakterkenmerke. Die feit dat die ouers die vernaamste opvoeders van hulle kinders is, kan nie misken word nie. Daarom moet Suid-Afrikaanse ouers hierdie verantwoordelikheid ten opsigte van hul kind(ers) besef en daadwerklik aanpak. Die sieklike, permisiewe mens van die huidige tydsgewrig kan alleen deur opvoedingshandeling genees word. Dit is nodig dat mense gekweek word met standvastiger karakter, hoër integriteit, 'n breër geestelike visie en 'n onkreukbare lojaliteit teenoor die R.S.A.⁴⁶⁾

Volgens Joubert behels sedelike weerbaarmaking seker opvoedingsideale van die ouer:⁴⁷⁾

- * Gehoorsaamheid: Dit word verwerf deur gewoontevorming, tugmaatreëls, redenering en ouerlike voorbeeld. Wanneer die ouer self gedurig in die vrese van die Here leef, sal die kind(ers) besef dat die enigste ware vorm van sedelikheid gesetel is in gehoorsaamheid aan God.
- * Wilsopvoeding: Die sedelik goeie moet vir die kind as ideaal voorgehou word. Opvoeding moet daarop ingestel word om die wil so op te voed

46) Scholtz, I.P. Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys, p.26.

47) Joubert, J.J. op. cit., pp.162-168. Hierdie is 'n verskraalde siening van die mens se karakter.

dat die kind na 'n sedelike ideaal sal strewe. Dan sal hy die goeie nastreef en die slegte na= laat. Hierdie wilshandeling behels dat die kind sal kies ooreenkomstig Skrifgefundeerde norme. Sy kritiese insig en gevormde gewete bepaal sy wilsbesluit. Die neem van 'n wils= besluit bring egter vir die kind verantwoorde= likhede mee. Die ouer moet die kind leer om hierdie verantwoordelikhede te aanvaar. Die ouer moet die kind(ers) help om sy wil te ont= wikkkel. Dit sal meebring dat hy (die kind) dit in vryheid en verantwoordelikheid kan ge= bruik.

- ♦ Gewetensvorming: Die mens (kind) se sedelike oordeel is nie verwyderbaar van sy gewete nie. Reeds van baie vroeg af leer die kind om die kwaad te elimineer en die goeie na te volg. Hierdeur word sy sedelike oordeel en gewete ge= vorm. Aanvanklik sal die ouer as plaasver= vangende gewete vir die kind moet optree, tot= dat die kind se sedelike kennis so ontwikkel is dat 'n eie gewete hom sal lei om die posi= tiewe en korrekte in die lewe na te volg. Eers wanneer die kind dit kan vermag, is sy se= delike opvoeding voltooi. Die kind se optrede en handeling word deur sy kennis en begrip van wat sedelik goed is, bepaal. Daar is dus 'n noue skakeling tussen die kind se optrede (dit wat hy weet) en sy gewete. Die gewete van die

kind kan gekweek word deur die ouerlike voorbeeld en deur tugtoepassing.

- Karakteropvoeding – 'n Onafskeidbare deel van die persoonlikheid: Die karakter bestaan uit 'n natuurlike en 'n sedelike komponent. Eersgenoemde is aangebore en hierdie deel van die karakter is onveranderlik. Die kleuterjare is van kardinale belang in die vorming van die kind se sedelike karakter. Karaktervorming impliseer die verwerping van goedheid en deugde deur innerlike ontwikkeling en ook deur opvoeding. Die kind moet in staat wees om uiteindelik te kan kies ooreenkomstig sy sedelike beskouing, tussen wat reg of verkeerd is. Die ouer moet poog om die kind nie deur sy opvoeding te terroriseer nie, maar nogtans moet hy die kind teengaan en wys op die verkeerde. Sodoende sal hy sy karakter in die regte weë kanaliseer.

In sy siening van die mens se karakter verskil Van Wyk van Joubert. Volgens Van Wyk behels die mens se karakter veel meer as slegs 'n natuurlike en 'n sedelike komponent. Die menslike liggaam vertoon vier duidelik onderskeibare strukture, nl. die fisies-chemiese, die biotiese, die psigiese en die normatiewe aktstruktuur. Die fisies-chemiese struktuur sluit in die spiere, die beendere, die bloedselle en die liggaamsprosesse. Dit vorm dan die fondament van die mens se tydelike bestaan. Die

biotiese struktuur behels die organiese lewe. Die fisies-chemiese struktuur funksioneer onder leiding van die biotiese. Die psigiese struktuur (voel, reaksies ens.) gee leiding aan eersgenoemde twee strukture en genoemde twee strukture staan ook in diens van die psige. Die normatiewe aktstruktuur is die hoogste struktuur van die menslike liggaam. Die aktstruktuur staan onder leiding van die geloof (die hoogste modaliteit) en ontspring uit die hart van die mens. Die aktlewe van die mens gee leiding aan die fisies-chemiese, biotiese en psigiese strukture. Die aktlewe van die mens vermenslik sy ondergeskikte strukture sodat sy behoeftes normgebonde is. Die mens se biotiese behoeftes (vgl. sy sekslewe) is normgebonde en in die opsig verskil hy van die dier. Die mens se aktlewe werk in drie rigtings, nl. ken, wil en verbeeld. By die mens is daar verantwoordelikheid betreffende die voorrang wat hierdie drie rigtings geniet. In die skepping van kuns sal die verbeelding voorrang geniet, terwyl in die geloofslwe die kenrigting weer voorrang sal geniet.⁴⁸⁾

Die karakter van die mens is gesetel in die aktstruktuur. Opvoeding is, volgens Van Wyk, dan gerig op al drie die vertakkings van die aktlewe. Hy sê: "Die opvoedeling moet ontsluit word tot indringen=

48) Van Wyk, J.H. Die implikasies van 'n Christelike mensbeskouing vir die opvoedkunde en opvoeding, pp.2-5.

de kenne van stande vansake, tot doelgerigte, verantwoordelike, roepingsbewuste wysiging van stande van sake, byvoorbeeld, tot Godvererende kultuurskeping (verbeelding) en tot normuitlewing (die wilslewe). Die opvoedingshandeling bied ook leiding met betrekking tot die voorrang wat die drie rigtings geniet."⁴⁹⁾

5.4.6 Estetiese vorming deur die ouerhuis – 'n belangrike opvoedingstaak tot die totaliteit van menswees

Die estetiese vorming van die kind dra net soveel gewig as die sedelike en verstandelike opvoeding. Die estetiese opvoeding vorm 'n belangrike komponent van die algemene kulturele vorming van die kind. Vir die Christen is God self die Bron, die Skepper van die skone, daarom vorm die estetiese opvoeding 'n belangrike deel van die Christelike opvoeding. Opvoeding tot die estetiese dra by om die kind van God volkome toe te rus vir alle goeie werk hier op aarde. Dit is belangrik vir die opvoeder om die kind se aandag daarop te vestig dat die skoonheid nie losgemaak mag word van die waarheid en die goedheid nie en dat die skoonheid altyd onderworpe moet wees aan Godswet.⁵⁰⁾

49) Ibid., p.8.

50) Coetzee, J.C. op. cit., pp.126-127.

In alle menslike handelinge kom al die modaliteite van die mens gesamentlik te voorskyn. Daar is egter gevalle waar van die modaliteite eensydiglik beklemtoon word sodat sg. "estetiese" werk gelewer word sonder inagneming van godsdienstige, etiese en ander norme.⁵¹⁾

Die Calvinistiese opvoeder (ouer) moet by sy kind tuisbring dat kuns 'n menslike skepping is wat die hoedanigheid van skoonheid vertoon; indien nie, is dit in stryd met Gods Woord. Die mens moet aanvaar dat kunssinnigheid 'n Goddelike gawe is, en dat die mens deur God geroepe is en hom met talente geseën het om tot sy eer te skep. Kuns (letterkunde, skilderwerk, beeldhouwerk, ens.) moet aan die mens hoër waardes openbaar as wat waarneembaar is in die huidige tydsgewrig.⁵²⁾

Die estetiese vorming van die kind vind primêr plaas in die gesinsituasie. Die ouer moet by sy kind kunsaanvoeling kweek en hom leer om kuns te

51) Ibid., p.131. Baie mense wil dit nie aanvaar nie, kyk o.a. Breytenbach, B. Koue vuur. Buren-uitgewers 1969, pp.12, 23, 42, 48, 59, 61, 82, 99, 107, 109. Kyk ook kritiek in hierdie verband in Helikon, p.8, Okt. 1972. In Roeping en riglyne, 23(2): p.13, Junie 1975, noem dr. Vorster dat die skrywer Ettiene le Roux eenmaal die volgende gesê het: 'Die beskuldiging dat my boeke ondermynend is, is heeltemal waar, selfs meer as wat die kritici self besef.'

52) Ibid., pp.132-133.

geniet en te waardeer. Die ouer moet verder vasstel of die kind oor enige kunstalente beskik en dan die geleentheid aan die kind bied om hierdie talente te beoefen.

Opsommend is die taak van die ouer in hierdie verband:⁵³⁾

- * Die ontwikkeling van 'n "goeie smaak." Die ouerlike voorbeeld is hier 'n baie belangrike faktor. Die taalgebruik, kleredrag en leesstof van die ouers moet vir die kind navolgingswaardig wees. Wanneer die kind later in sy lewe voor 'n eie keuse van kies~~e~~of onkiese taal, slordige of netjiese voorkoms, sedelik aftakelende of sedelik opbouende leesstof gestel word, sal die voorbeeld van sy ouer beslissend wees.
- * Die ontwikkeling van 'n waarderingsvermoë vir die kuns. Opvoeding speel 'n baie belangrike rol by die funksionering van die estetiese waardebepaling van die kind. Omdat die kind 'n sondige natuur het, het hy nie 'n natuurlike aanvoeling vir die skoonheid soos volgens estetiese norme van hom verwag word nie. Daarom moet die ouer middele aanwend om die gevoel vir die skone by die kind aan te wakker. Hierdie ontwikkeling van die skoonheidsin neem reeds 'n

53) Van Loggerenberg, N.T. op. cit., pp.64-66.

aanvang in die kind se suigelingsjare. Die wyse waarop die eerste liedjies, gediggies en verhale aan die kind geleer word, dra reeds baie by tot sy estetiese opvoeding.

5.4.7 Die bydrae van korrekte vryetydsbesteding tot die weerbaarmaking van die kind – die ouer se verantwoordelikheid

Dit is die ouers se verantwoordelikheid om by die kind die regte gesindheid teenoor vryetydsbesteding te kweek. Indien vrye tyd nie oordeelkundig bestee word nie, gee dit aanleiding tot dekadensie. Die beskawingspeil van 'n volk word weerspieël deur die mate waartoe die gesinslede hulle vrye tyd oordeelkundig bestee. Daarom is die selfbehoud van die Suid-Afrikaanse volk direk eweredig met die gesonde vryetydsbesteding van elke individu.⁵⁴⁾

Geestelike armoede, emosionele vervlakking, intellektuele luiheid en die gevolglike aftakeling van die mens se vermoëns is die direkte gevolg van die wanbesteding van vrye tyd. Prins sê: "Voorts resulteer die wanbesteding van vrye tyd in 'n aftakeling van die wilslewe wat lei tot 'n gebrek aan 'n hoë idealisme; in 'n geestelike papheid en leegheid wat die gevolg is van die degenerasie van die geestesvermoëns; dit lei tot die uiterste vatbaarheid

54) Van Zyl, A.J. Vryetydsbesteding. (In Blok, T. e.a. Die anker van 'n volk, pp.184-185.)

vir vreemde beïnvloeding wat ons by talle van ons jongmense aantref. En al hierdie dinge loop uit op 'n onvermoë om die hoëre dinge in die lewe, die geestelike waardes, te waardeer en te beleef. Die gevolg hiervan is onder andere te sien in ons leë kerke en die skraal bywoning van godsdienstige byeenkomste, volksfeeste en kultuursaamtrekke."⁵⁵⁾

In die oordeelkundige besteding van vrye tyd deur die kind moet die ouers 'n positiewe bydrae lewer. Vrye tyd het in die huidige tydsgewrig so belangrik geword dat die mens opleiding hierin behoort te ondergaan. 'n Baie groot deel van die mens en die gesin se behoeftes, soos die godsdienstige, die kulturele, ens. word deur vryetydsbesteding oorkoepel. Die opvoedende waarde van vryetydsbesteding is van kardinale belang binne en buite die gesinsverband. Vryetydsbesteding behoort 'n gesamentlike aksie van die gesin te wees. So kan die gesin saam kuier, saam speel, saam lees en saam werk. Ware vryetydsbesteding is ontspanning wat inspanning vereis. Indien nie, gee dit aanleiding tot ydelheid wat demoraliserend inwerk op die mens. 'n Normale mens vind slegs geluk indien hy met een of ander saak aktief besig is.⁵⁶⁾

55) Prins, M.J. Verkeerde vryetydsbesteding deur ons jeug en die gevolge daarvan. Onderwysblad, LXXIV(810): p.13, April 1967.

56) Scholtz, I.P. Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys, p.27.

Olthuis sê: "Parents who believe that children grow up by themselves so long as they have enough food on the table, clothes on their backs and money in their pockets, have wrecked countless marriages." Hy beklemtoon: "Families must be built. The actual clock time that parents spend with their children is usually less critical than how the time is spent."⁵⁷⁾

Hy wys daarop dat dit noodsaaklik is dat die ouers en kinders hulle vrye tyd deel. Daardeur word die band tussen ouer en kind verstewig en uitgebou. Dit is noodsaaklik omdat die kind 'n behoefte het om iemand in sy vertroue te neem. Indien die ouer hierdie plek inneem, sal dit sy taak vergemaklik om die kind op te voed tot die eer van God.⁵⁸⁾

In die huidige tydsgewrig met sy verkorte werkure het die moderne mens meer vrye tyd tot sy beskikking. Met die behulp van die moderne vervoermiddels is dit baie maklik om ontspanningsgeriewe te bereik. Deur moderne nuusmedia en kommunikasie-middele word kultuurgoedere die gemeenskap ingedra.⁵⁹⁾

57) Olthuis, J.A. Hidden invaders of our homes. (In De Graaff, A. e.a. Hope for the family, p.25.)

58) Ibid., pp.26-27.

59) Cronje, G. Die formulering van gesinsbeleid. (In Pauw, S. e.a. Verslag van die gesinskongres, p.183.) Omdat vrye tyd 'n groot geleentheid tot kultuurbevordering bied, word vryetydsbesteding en deelname aan die kultuurlewe hier saam bespreek.

Dit is verder bekend dat gewoontes en gesindhede wat reeds vroeg in die kind se lewe gevorm is later 'n diepgaande invloed op sy lewensbeskouing het. So moet die ouer al van vroeg af toesien dat vryetydsbesteding by die kind die regte inslag vind. Die kind moet aangemoedig word om o.a. uiting te gee aan sy talente en skeppende vermoëns. Die ouers moet toesien dat geleenthede in hierdie verband geskep word, sodat die kinders aktief-inspannend besig sal wees. Die negatiewe invloed wat televisie op die vryetydsbesteding van die stedelike Australiese jeug het, is reeds bewys.⁶⁰⁾

In hierdie verband het die Suid-Afrikaanse ouer met die instelling van televisie sedert 5 Mei 1975 'n geweldige taak. Die ouer sal moet waak teen die passiewe sit-en-kykgewoonte van kinders en gepaardgaande verlies aan waardevolle vrye tyd. Vryetydsbesteding moet vereenselwig word met nuttige en waardevolle werk. Dit is belangrik om die jeug so op te voed dat vryetydsbesteding op die mees ekonomiese en opheffendste wyse sal geskied. Gesinsopvoeding wat die regte besteding van vrye tyd insluit, het 'n belangrike ideaal van volksopvoeding in die moderne tydsgewrig geword. Ouers behoort op die volgende te let wanneer hulle aan die gesin positiewe leiding in die aanwending van vrye

60) Scholtz, I.P. Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys, p.28.

tyd wil gee:⁶¹⁾

- * Leef opreg en begrypend met die kinders mee en stel belang in sake wat die kinders raak.
- * Geld bestee aan goeie lektuur, is 'n waardevolle belegging. Die "lektuur van Satan" het geen plek in 'n Christelike huis nie.
- * Verjaarsdae of ander prestasies in die gesin mag nie ongesiens verby gaan nie. Gelukwensings deur die huisgenote maak 'n onuitwisbare indruk op die kindergemoed. Dit dra by tot die versterking van die gesinsbande.
- * Sorg moet gedra word dat die Sabbat en Christelike feesdae deur die gesinslede geheilig en gevier word. Dit verskaf geleentheid aan die ouers om gesellig, dog positief, met die kinders te verkeer.
- * Verskaf die geleentheid en vrymoedigheid aan die kinders om hulle vriende en kennisse huis toe te bring. Sodoende kan die ouer toesien dat die kind se vrye tyd positief bestee word.

Die skrywer is van mening dat die ouers se taak in hierdie verband ook die volgende insluit:

61) Erasmus, D.F. Die Christelike huisgesin, pp.114-117.

- Om die gesin se vrye tyd so in te rig dat geleenthede geskep word om die kind in aanraking te bring met die volk se kulturele erfenis. Hierdeur sal die kind se waardering en aanvaarding van sy kultuurgoedere vir hom 'n werklikheid word.
- Om toe te sien dat die gesin hulle vrye tyd oordeelkundig aanwend. Kinders behoort lede te wees van opbouende kultuur- en sportorganisasies sodat hulle hulle vrye tyd positief kan benut tot die uitbouing van hulle persoonlikheid, die voordeel van die volk en tot eer van God.

Samevattend kan gesê word dat die opvoeding van die kind reeds 'n aanvang neem in die ouerhuis en dat dit deurslaggewend is vir sy karaktervorming. Slegs in sy totaliteit van menswees kan die kind gehelp word om homself weerbaar te maak teen die aanslae van die tydgees. Dit is duidelik dat die opvoeder nie die jeugdige kan beskerm teen vreemde ideologiese tendense nie. Die opvoeder moet slegs die riglyne aantoon en die hulp en leiding verskaf. Hierdeur moet die kind gebring word tot 'n punt in sy lewe waar hy dan selfstandig sal wees om in verantwoordelikheid te handel en te kies ooreenkomstig sy Christelike lewensbeskouing.

5.5 Die rol wat die ouer kan vervul in die vorming van 'n georganiseerde Christelik-opvoedingswetenskaplike teenbeweging teen vreemde ideologiese denke wat die jeug bedreig

Vreemde ideologiese denke raak die ouer omdat dit hulle kinders is wat regstreeks hierdeur beïnvloed word. Ouers wat 'n Christelike-nasionale, kultuurbewuste en demokratiese lewensbeskouing huldig, sal 'n positiewe bydrae moet lewer sodat hulle nie slegs hierdie bedreiging sal identifiseer nie, maar ook probeer uitwis. Nel sê: "Die ouers alleen kan eintlik min hieraan doen behalwe dat hulle deursaamsnoering van oueronderwysersverenigings en samewerking met die plaaslike onderwysersverenigings 'n protesaksie met positiewe voorstelle op tou kan sit, waardeur uiteindelik kultuurorganisasies, jeugorganisasies, vroueverenigings en die kerke ingeskakel word." Hy wys daarop dat die F.A.K. as volksorganisasie leiding in die verband behoort te neem om 'n volkskonferensie te organiseer waarin die kerke en alle organisasies, geaffilieer al dan nie, sitting sal hê om 'n positiewe teenaksiebeweging te organiseer.⁶²⁾

62) Nel, B.F. Die onderwyser van die 21ste eeu. (In Schutte, B.C. e.a. Die skool van die 21ste eeu, p.89.) Strydom, A.H. huldig ook 'n soortgelyke mening. Die Skoolblad, 61(1): p.19, Jan. 1973.

By sodanige konferensie sal besluite geformuleer kan word wat oorgedra moet word aan die Minister van Nasionale Opvoeding. Op sy beurt kan hy dit dan weer voorlê aan die provinsiale owerhede vir uitvoering in die betrokke onderwysdepartemente.⁶³⁾

Nel beklemtoon dat daar op hierdie volkskonferensie o.a. "een besluit geneem moet word wat elke volksorganisasie moet onderneem, en dit is om dit as 'n belangrike taak te onderneem om alles in die werk te stel om inligting en kennis oor die betrokke Marxistiese en anargistiese denktendense, opvoedingsteorieë ens. aan ouers en aan die volk te versprei." Dit kan gebeur deur lesings te reël, verspreiding van publikasies en radio- en televisiepraatjies.⁶⁴⁾

5.6 Slotopmerking i.v.m. die ouer se taak tot geestelike weerbaarmaking

Daar is mense (vgl. paragraaf 3.5.2) wat poog om die swaartepunt van die volk se opvoeding te laat wegskuif van die huisgesin. Hulle verkondig "ander deskundige metodes" wat kwansuis 'n beter opvoeding aan die jeug sal verskaf, soos bv. sensitiviteitsopleiding. Wat hierdie mense nie beseft nie, is dat hulle reg in die hande van volksvreemde ideo-

63) Ibid., p.90.

64) Loc. cit.

logieë speel wat poog om die Afrikanervolk geestelik te verlam.

Dit blyk baie duidelik uit bogenoemde bydraes van die huisgesin tot die opvoeding en weerbaarmaking van die jeug, dat die huisgesin nog steeds een van die mees dinamiese opvoedingsinstansies is.

In sy bespreking van die ouer se opvoedingstaak sê Kruger dat die ouer "aan sy kind nog altyd die nodige liefde, sekuriteit, Godsvrees en Christelike beginsels moet gee wat nodig is om van hom 'n waardige mens te maak. Dit sal hy alleen kan doen as hy die fundamente waarop die Christelike opvoeding rus, stewig lê: 'n gesonde gesinslewe, waar vader en moeder tot beskikking van die kinders is, en nie 'n verantwoordelikheid-ontduikende aflaaï van kinders by bewaarplekke nie; opvoeding gebaseer op die beginsels van die Woord van God, en nie 'n humanistiese, of traak-my-nie-agtige laat-maar-loop benadering nie; 'n benutting van die voorregte van die beskawing, maar nie 'n verslawing deur hierdie voorregte nie; en bowenal, 'n gesonde lewens- en wêreldbeskouing, gefundeer op die onvervalste waarhede van die Calvinisties-Christelike beskouing."⁶⁵⁾

65) Kruger, H.B. op. cit., p.115.

Deur al die stadiums van die kind se volwassewording moet die ouer sy kind begryp en deur sy opvoeding in al die kind se lewens- en geestelike behoeftes voorsien. By vernuwing moet die ouer tot die besef kom dat sy opvoedingstaak die hele kind insluit – sy siel en al sy uitinge en sy liggaam in al sy behoeftes. Die Woord van God moet self die lewe van die ouer rig, en die ouer moet self onder die tug en die vermaning van die Here buig. Die kind is die allerbelangrikste persoon. Die ouer het die allerbelangrikste taak om te vervul, naamlik:

- * Om die kind op te voed tot 'n lidmaat en burger van die Koninkryk van God.
- * Om die opvoeding van die kind sodanig te rig dat hy die bouer van die kerk en die volk van môre sal wees.

Aan die moeders sê Botha: "dit wil my voorkom asof die herstel van die Christelike gemeenskap, van die gemeenskap van die heiliges 'n eerste vereiste is vir Christene, indien hulle 'n konstruktiewe bydrae wil lewer aan 'n wêreld in nood." Sy sê verder: "uit die kategismus leer ons dat die gebed die ver naamste deel van die dankbaarheid van die gelowige is."⁶⁶⁾

66) Botha, E. Die roeping van die Christenvrou in 'n rewolusionêre wêreld. Handhaaf, 11(2): p.15, Okt. 1973.

"En vaders moenie julle kinders vertoorn nie maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here."⁶⁷⁾

5.7 Enkele bydraes van die (Afrikaanse) sekondêre skool tot die opvoeding en weerbaarmaking van die jeug

As gevolg van die aanslae van die tydgees teen die gees en moraal van die Afrikanervolk het dit noodsaaklik geword dat die skool Christelik-beskaafde mense sal vorm wat koersvas, gewapen met 'n Christelike-lewensbeskouing, die "nuwe wêreld" sal betree. In die skool se vervulling van sy normale akademiese funksies word die weerbaarheid van die jeug versterk. Indien die skoolopvoeding dus opvoeding in sy ware karakter is, lei dit tot weerbaarmaking van die kind. Die bydrae van die skool tot die volwassening van die jeug geskied direk of indirek op talle terreine. Dit is die taak van die skool om maatreëls te tref vir die positiewe vorming van die kind se persoonlikheid sodat hy skeppend kan optree te midde van ongunstige omstandighede in die "nuwe wêreld." Die skool se oriënteringstaak (opvoeding) is basies die vorming van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing by die kind.

67) Efesiërs 6:4, p.217.

5.7.1 Die C.N.O.-karakter van die sekondêre skool – 'n vereiste vir die weerbaarmaking van die jeug

Die Christelike ouer, vereis 'n Christelike skool vir sy kind sodat die Christelike beskawing uitgebou kan word. Daarom moet die skool op 'n Christelike grondslag gefundeer wees. Die Onderwysbeleid (wet nr. 39 van 1967) bepaal dat die skool 'n tweërlei karakter moet openbaar, nl. 'n Christelike en 'n nasionale.⁶⁸⁾

Bingle sê: "Volgens die letter van die wet word die skool nou verklaar tot 'n Christelike inrigting en dit kan niks anders beduid as dat letterlik alles in die skool positief op die Christelike ingestel moet wees: doelstellinge, mensbeskouing, inhoud, metode, tug, organisasie, selfs die buiteskoolse bedrywighede is hieronder ingesluit. Hierdie beginsels lê 'n dure verpligting op alle belanghebbendes by die skool."⁶⁹⁾

Die moderne mens van die Westerse wêreld het 'n nuwe lewensbeskouing ontwikkel wat geskoei is op 'n humanistiese lees. Hierin kom verskillende ideolo-

68) Van den Berg, J.H. Die veranderde en veranderende status en rol van die blanke onderwyser in Suid-Afrika, pp.174-175.

69) Bingle, H.J.J. Onderwysontwikkeling in Suid-Afrika gedurende die afgelope dekade, p.4.

giese tendense van die huidige tydgees tot openbaaring soos die Kommunisme, Liberalisme, Sekularisme en die "New-Leftisme." Teenoor hierdie verdoemende -"ismes" van die permissiewe Weste is die Christelike lewens- en wêreldbeskouing die enigste behoudende faktor. Die Christen-Afrikaner glo dat die grondoorzaak van dekadensie voortspruit uit Sekularisme. Die Calvinis-Afrikaner is van mening dat die enigste ware oplossing vir wêreldprobleme gevind kan word in die volslae terugkeer van die mens tot God.⁷⁰⁾

Die Afrikaner het deur die eeue heen vir hom 'n eie Christelik-nasionale lewensbeskouing opgebou, waarvan hy 'n besondere waarde heg. Hierdie lewensbeskouing word gekenmerk deur die volgende: 'n Uiterste konserwatisme, 'n sterk landelikgekleurde lewensuitkyk wat noue verband hou met sy natuurgebondenheid, 'n konserwatiewe opvatting teenoor vernuwing wat indruis teen sy tradisionele opvatting. 'n Gesinsgehegtheid met 'n sterk besef van die gesinsmoraal, 'n vertroue in die waarde van gesag en dissipline en 'n waardigheidsbesef teenoor sedelike en ekonomiese selfstandigheid. Sy taal het vir hom 'n waardevolle besit geword en is nie bloot net 'n

70) Friis, S.H. Die taak van die sekondêre skool m.b.t. geestesweerbaarheid van die Afrikanerjeug, pp.109-110. Die Humanisme het sy ontstaan met die sondeval en eindig aan die einde van die eeue met die verskyning van die Anti-chris.

kommunikasiemiddel nie. Genoemde kenmerke dra daartoe by dat die Afrikaner aan sy volk gebind is met 'n tradisioneel Christelik-nasionale lewensuitkyk.⁷¹⁾

Volgens Friis, sê Strauss: 'Christelik-nasionaal is dus vir die Afrikaner geen leë begrip nie. Dit is 'n kleinood vir die Protestants-Christelike Afrikanerdom, 'n lewensieraad, in sy ontstaan, wording en vooruitgang as geboortemerk meegegee.'⁷²⁾

Die Calvinistiese ouer wil 'n skool hê wat aan sy kinders 'n Christelik-nasionale opvoeding sal gee. Dan alleen sal sy kind weerbaar kan wees teen die ideologiese aanslae van die moderne tydgees. In die begrip Christelik-nasionale opvoeding is daar drie begrippe tot 'n eenheid vervleg: Christelik, nasionaal en opvoeding. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing is 'n teïstiese beskouing. God is 'n God van die wêreld: Almagtig, Soewerein, Selfgenoegsaam, Skepper en Heerser oor y skepping. God rig alle aspekte van die mens se lewe, ook sy opvoeding. Alles wat die Christen doen, moet Christelik wees. Die nasionale lewensbeskouing is mensgerig. Hier is die nasie of volk die belangrikste. In alles wat die nasionalis doen, sal die Nasionalis=

71) Ibid., pp.110-111.

72) Friis, S.H. op. cit., p.111.

me in sy lewensbeskouing uiting vind. Dit is iets veel groter as bloot politieke aspirasies. 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing is nie slegs die uitsluitlike eiendom van die Afrikaner nie, maar dit kan die besit wees van enige Christen=volk. Christelik is die kwalifiserende faktor in die twee-eenheidsbegrip "Christelik-nasionaal." Die Christen-nasionalis (Calvinis-Afrikaner) weet wat hy wil met die opvoeding van sy kind wanneer hy aandring op Christelik-nasionale opvoeding. Die kinders moet opgevoed word in 'n Christelik-Afrikaanse milieu deur Christelik Afrikaneronderwysers. Dit sal die waarborg aan die ouers verskaf dat Christelike-Afrikanernorme en -beginsels doelbewus en met groot erns by die kind tuisgebring word.⁷³⁾

Die Suid-Afrikaanse wetgewers besef dat die gees van die Christen-Afrikaner die afgelope aantal jare ernstig bedreig word deur volksvreemde ideologieë en dat aktuele denkstrominge 'n asemblerowende aanslag loods teen die wese van die Christendom en die Afrikanervolk. Die Onderwyswet nr. 39 van 1967 verseker dat die onderwys en die opvoeding van die

73) Cilliers, J.L. le R. Christelik-nasionale opvoeding. Handhaaf, 5(12): pp.12-16, Aug. 1968. Die begrip Christelik-nasionaal is meer as bloot twee aanmeakaargeskakelde begrippe. Hierdie begrip vorm die fondament van die Christen se hele lewensbeskouing. Die begrip opvoeding word hier nie weer ten volle verduidelik nie omdat dit reeds voorheen gedoen is.

jeug op 'n Christelike-nasionale basis sal geskied.⁷⁴⁾

5.7.2 Die hydrae van die Christenonderwyser tot opvoeding en weerbaarmaking van die jeug

Die betekenis van die onderwyser in die opvoeding van die kind kan nooit genoegsaam beklemtoon word nie. Die volk se grootste besit, sy jeug, word aan die onderwyser toevertrou. Die ware onderwyser is roepingsbewus; hy is 'n geroepene met 'n opdrag van Bo. As opvoeder van die volwassene van die toekoms móét hy ook die respek en vertroue geniet van die gemeenskap wat hul kinders aan hom toevertrou.

5.7.2.1 Sy taak en roeping

Die mens wat wil onderrig, móét ook opvoeder wees. Die opvoedingstaak sal vir die Calvinis slegs suksesvol kan verloop, indien die onderwyser opvoedend onderwys gee en sy taak vanuit sy Christelike lewensbeskouing benader. Naakte intellektualisme is die gevolg van onderwys ter wille van onderwys. Die taak van die onderwyser sal deur sy roeping bepaal word.⁷⁵⁾

74) Friis, S.H. op. cit., p.113.

75) Van Wyk, J.H. Die onderwyser in die Christelike skool, pp.1-2.

Gunter sê: "Die opvoedingsgebeure is dus altyd deels 'n onderwysgebeure, onderwys vorm 'n wesen=like deel van opvoeding, 'n opvoedingsituasie is altyd ten dele 'n onderwyssituasie, d.w.s. 'n onder=rig - leersituasie of -gebeure waarvan die essen=siële inhoud kennisoordraging deur die opvoeder enersyds en kennisverowering deur die opvoedeling andersyds is."⁷⁶⁾

Die onderwyser bepaal hom nie net tot die bybring van kennis by die kind nie, maar is ook gedurig besig met die inskerping van karakterkenmerke. Hy bearbei die leerling se verstand en sy karakter. Alhoewel die skool 'n sekondêre onderwyssituasie verteenwoordig, is die onderwyser 'n belangrike sekondêre opvoeder en neem hy die primêre plek in naas die ouer. Hy is die leier, hulpverlener en steungewer. Die onderwyser moet sy leerlinge lei tot volwassenheid, tot keuseweerbaarheid. Die kind moet kennisvaardighede en denkvermoëns verwerf wat so noodsaaklik is vir sy intellektuele en sedelikselfstandige vorming.⁷⁷⁾

Vir die Christenonderwyser is Jesus Christus die weg en die waarheid. As opvoeder werk hy met die skep=

76) Gunter, C.F.G. Die onderwyser: Die basiese eise wat sy beroepstaak aan hom stel. Die Unie, 68(4): p.147, Okt. 1971.

77) Ibid., p.148.

sel van God: die mens. Daarom is hy in die uitvoering van sy taak aan God verantwoordelik. Die ware opvoeder (onderwyser) is inderdaad voortdurend besig met geestelike skeppingswerk, met die vorming van karakters. Die onderwyser is reeds in 'n baie groot mate 'n geaktualiseerde kultuurmens en is vir die kind die beliggaming van kultuur. Dit is die onderwyser se taak om met die kultuur as prikkel die sluimerende moontlikhede in die opvoedeling tot ontplooiing te laat kom. Deur die onderwyser se selfdisipline en sy gedrag, word die kind bewus van sy eie aard en kom die kind geleidelik tot selfdisipline, wat noodsaaklik is vir die kind se geestelike weerbaarwording.

Van Wyk stel dit so: "Omdat die God van die Skrif te beslag gelê het op sy hart, d.i. die religieuse sentrum van sy bestaan, sal sy lewensfunksies die stempel van die Christelike religie dra."⁷⁸⁾ Die Christenonderwyser moet in die regte verhouding staan tot sy God, die kind en die wêreld.

Die Christenonderwyser se roeping is om sy leerlinge te oortuig, maar ook om hulle met hom mee te neem. Dit beteken dat hy self God aanvaar het as die weg en die waarheid. Om enigsins sinvolle kontak met sy leerlinge te maak, moet hy nie slegs sy oortuig=

78) Van Wyk, J.H. Die onderwyser in die Christelike skool, p.4.

ing van God, die wetenskap en kennis aan sy leer= linge openbaar nie, maar ook oortuiging by hulle wek. Elke woord wat hy uiter moet van besieling spreek. Volgens Van Wyk, sê Waterink: '.... het pedagogisch woord dat wij spreken, heeft dan ook maar egte invloed op het kind, wanneer het als het ware door onze ziel gegaan is, -- wanneer het komt uit de eenheid en de totaliteit van onze gehele persoonlijkheid.'⁷⁹⁾

Die huidige wêreldsituasie het geen plek vir 'n onderwyser wat slegs onderrig wil gee nie. Hy moet bewus wees van die hedendaagse wêreld en sy mense. Hy moet meeleeft met die kind, sy persoonlikheid en sy verwagtings. Hy moet homself vir die opvoeding van die kind gee. In sy hele opvoedingshandeling moet die onderwyser self persoonlik betrek wees.

Roepingsbewustheid en deeglike akademiese en professionele opleiding, gepaard met die bereidheid om voortdurend student te bly, 'n gebalanseerde persoonlikheid wat gegrondves is op basiese lewenswaardes en insig in die probleme van die tydges, is dringende eise wat die gemeenskap en die jeug aan die onderwyser stel.⁸⁰⁾

79) Ibid., p.17.

80) Breedts, A. Die gesin en die skool as mede= werkers op die jeugterrein. Onderwysblad, LXXX(841): p.33, Okt. 1972.

5.7.2.2 Enkele noodsaaklike karakterkenmerke van die Christenonderwyser ('n moontlike riglyn tot weerbaarmaking)

Enkele karakterkenmerke waaraan die ware onderwyser o.a. moet voldoen om sy taak suksesvol te kan volvoer, is die volgende:⁸¹⁾

- Hy moet goed onderlê wees in die vak wat hy onderrig en hy moet toesien dat hy sy talente optimaal inrig tot diens van sy leerlinge, maar ook tot die eer van God.
- Hy moet genot daaruit put om kennis by sy leerlinge tuis te bring en om hulle te lei en te vorm tot volwasse persoonlikhede, elk met 'n eie aard. Hy is dus die besielende leermeester.
- Hy is nederig, onselfsugtig en bereid om diens te lewer. Die voorbeeld wat hy stel, is navolgingswaardig.
- Hy dra sy leerlinge se belange op die hart en hy glo dat "probleemkinders" juis gehelp moet word. Teenoor leerlinge se probleme tree hy dus begrypend op. Hy is die vertolker vir die kind van hoëre lewenswaardes.
- Hy is die kind se "maat", dog behou altyd sy waardigheid en die respek van sy minderes.
- Hy is nie eng in sy siening van sake wat die kind raak nie en benader alle probleme met 'n oop gemoed.

81) Anon. Die goeie onderwyser. Die Huisgenoot, 2612, p.33, 5 Mei 1972.

"Wat die mens gedoen het – jammer genoeg vir goed of vir kwaad – bly staan as sy werk, lank nadat hy met trots en ydelheid vergaan het soos gras van die veld en die blomme van die wei"
W.F.G. Louw.

- * Hy het 'n besondere humorsin, sonder om sinies te wees.
- * Sy integriteit en moraal is bo alle verdenking. Hy verafsku agterbaksheid en oneerlikheid.
- * Liefde beheers sy hele optrede. Waar liefde ontbreek, verander opvoeding en onderwys in 'n onaangename en 'n onplesierige taak.

Die onderwyser wat homself bevind midde in die stryd teen die gees en moraal van die Afrikanerjeug moet besef dat "die werklike uitdaging is die bestendiging van geestelike waardes en norme in die mens wat hom in staat stel om ewewigtig te lewe en die nodige aanpassings by 'n veranderende wêreld te maak sonder om daardie lewensbeginsels wat die opgevoede en gelowige mens kenmerk, prys te gee."⁸²⁾

Dit blyk uit voorafgaande dat weerbaarmaking van die jeug nie slegs beperk is tot enkele onderwysers wat verbind is aan die jeugweerbaarheidsprogram nie, maar dat dit 'n taak is van die hele onderwyserskorps aan wie die volk se grootste besit oorgedra is.

82) Du Plessis, J.W. Die bestendiging van geestelike waardes – Die uitdaging vir ons onderwys. Die Skoolblad, 58(2): p.8, Feb. 1970. Met geestelike waardes en norme word verstaan geloofsvertroue, oortuigingsmoed, waarheidsliefde, lojaliteit, pligsbesef, sedelikheid, integriteit, kultuurbewustheid.

5.7.3 Die taak van die skool en die onderwyser teen die ideologiese aanslae van die tydgees

Die Marxistiese onderwysstelsel maak voorsiening daarvoor dat leerlinge deeglik geskool word in die Marxistiese Sosialisme. Daarenteen glo die Christen dat die jeug opleiding moet ontvang betreffende die Christelik-sedelike norme en standarde. Nel bepleit, "'n goed beplande intensiewe en omvattende kursus in die verband in die opleiding van onderwysers, maar terselfdertyd 'n ewe intensiewe en omvattende kursus vir diensdoenende onderwysers wat nog nie so 'n kursus deurloop het nie." Die kursus moet, volgens hom, ten minste twee uur per week duur en oor twee jaar strek.⁸³⁾

Dit is verder belangrik dat veral die leerlinge aan die sekondêre skole kennis sal moet dra van aktuele denkstrominge en die konsekwensies wat die geestestrominge vir die jeug en die gemeenskap inhou. Die gevare wat die ideologiese strominge, soos o.a. die Nieu-Marxisme of "New-Leftisme," (Liberalisme, Kommunisme) vir die Christen inhou, kan by leerlinge ingeskerp word deur 'n sistematiese studie van Christelik-demokratiese norme en beginsels, sodat hulle geestelik weerbaar kan wees teen hierdie gevare wat hul voortbestaan bedreig. Nel sê: "Vanselfsprekend is dit dat die toekomstige

83) Nel, B.F. op. cit., p.88.

onderwyser, sowel as die diensdoende onderwyser, ook hierin, d.w.s. in 'aktuele denkstrominge en politiek-maatskaplike tendense' en ook in 'die beginsels en norme van 'n Christelike demokrasie' sistematies-opgestelde kursusse deurloop." Die kursusse i.v.m. aktuele denkstrominge en Christelik-demokratiese beginsels sal baie in gemeen hê met die genoemde kursus wat handel oor Christelik-sedelike beginsels van die samelewing.⁸⁴⁾

Slegs wanneer onderwysers kennis dra van die wysgerig-maatskaplik-politieke tendense van die tydgees kan hulle positiewe leidingaan die jeug verskaf.

Vormingskursusse in die Christelike norme en belangrikste denkrigtings met hulle gevolge vir politieke-maatskaplike toestande, kan deel vorm van die bestaande jeugweerbaarheidsprogram. Omdat die hele aangeleentheid so aktueel is, word die mening van Nel onderskryf dat genoemde kursusse liewers as verpligte vakke op skool aangebied moet word. Ongegeregverdigde kritiek in dié verband mag kom van mense wat hierdie kursusse as politiek sal wil afmaak. Hierdie mense heg nie alleen 'n verkeerde begrip aan die woord politiek nie, maar is heeltemal onkundig betreffende die skool se taak en stryd teen die ideologiese aanslae van die tydgees.⁸⁵⁾

84) Loc. cit.

85) Ibid., p.89.

Van Wijk sê dat diegene wat "wil bewapen en weerbaar wil maak, moet self bewapen en weerbaar wees, moet die wapens sowel as die bedreiging ken. Weerbaarheid word nie gekweek nie, maar oorgedra. En weerbaarheid is nie die opwerping van skanse, nie onmoontlike afsondering nie. Weerbaarheid kom uit innerlike krag en oortuiging wat herus op 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing en op samelewingsverbondenheid."⁸⁶⁾

Die Christelik-demokraties-geskoolde onderwyser van die huidige tydvak bevind hom reeds, of hy dit wil aanvaar al dan nie, in 'n ideologiese stryd verwikkeld en met die tydverloop sal hierdie stryd slegs toeneem.⁸⁷⁾

Onderwysers mag nie neutraal staan en 'n laat-maargaan-houding (want dit is deel van die tydgees) inneem nie. As hulle dit doen, bevorder hulle onwetend die saak van die mense wat die gees en moraal van die Afrikanervolk wil vernietig.⁸⁸⁾

86) Van Wijk, T. Onderwys en onderwyser. Onderwysblad, 81(847): p.16, April 1974.

87) Nel, B.F. op. cit., p.89. Onderwysers sal 'n volwaardige rol moet speel in die stelselmatige en planmatige versekering van geestelike, sedelike en nasionale selfbehoud.

88) Nel, B.F. Revolusionêre tendense onder die jeug in die lig van aktuele maatskaplike-politieke denkstrominge. Tydskrif vir middelbare onderwys, 52(2): pp.3-4, Sept. 1974.

5.7.4 Seksuele opvoeding – die skool se taak in hierdie verband

Alhoewel die skool nooit die ouerhuis sal kan vervang nie, het die moderne skool as gevolg van onvermydelike situasies in 'n groot mate die opvoedingstaak van die huisgesin oorgeneem. Daar bestaan egter delikate sake soos o.a. sekonderrig wat slegs binne die intieme liefde - en vertrouensfeer van die ouerhuis suksesvol en doeltreffend kan plaasvind. Hierdie aspek van kinderopvoeding val buite die skool se terrein en is uitsluitlik die ouer se voorreg en verantwoordelikheid.⁸⁹⁾

Aansluitend hierby sê Kotzee: "Dit is die ouer wat die grootste invloed het om by hul kinders 'n sterk innerlike geestelike krag te help ontwikkel wat nie net seksuele wangedrag sal verhoed nie, maar die kind sal help en lei sodat seksualiteit net 'n positiewe plek in sy lewe sal vervul." Hy sê ook: "Dit is die ouer wat die beste daarin kan slaag om wedersydse agting vir die twee geslagte te bou waarop nie net 'n gesonde gesinslewe gebou kan word nie, maar ook die beste beskerming aan ons vroue bied."⁹⁰⁾

89) Van den Berg, J.H. op. cit., pp.86-87.

90) Kotzee, A.L. Na sekonderrig het sake net versleg. Tydskrif-Rapport, 5(23): p.7, 4 Mei 1975.

Daar is reeds daarop gewys dat ideologiese tendense soos die Kommunisme en die "New-Leftisme," hulle ten doel stel om die mens te verander, o.a. deur opvoeding. Die "New-Left" wil 'n individu vorm wat vry is van die bindinge van die maatskappy. Mense wat seksonderrig as uitsluitlik die skool se verantwoordelikheid beskou, speel direk in die hande van genoemde ideologieë. In 'n verwarde, beangste wêreld word daar van die opvoeder verwag om die regte leiding aan die kind te gee. Seksonderrig moet egter die ouer se uitsluitlike verantwoordelikheid bly. Individuele leiding, inligting en die ouer se voorbeeld is hier van kardinale belang. Die skool kan wel 'n indirekte bydrae lewer en die ouer se taak vergemaklik.

Die vak Biologie leen hom baie goed om idees i.v.m. die teenoorgestelde geslag en 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing by die kind tuis te bring. Die Biologie-onderwyser vervul 'n belangrike taak om die leerling te bring tot kennis van God en Sy skepping. Preller sê: "Sy leerstof is een van die hoofbronne van kennis van God, nl. die organiese skepping – die wêreld van lewende organismes en hulle verskeidenheid, hulle struktuur, hulle lewensverrigtinge, hulle onderlinge afhanklikheid, hulle aan- en inpassing by hulle fisiese en organiese omgewing en hulle klassifikasie." Hy waarsku egter dat die Biologieles nie in 'n sedepreek moet ontaard nie, maar dat die onderwyser die

regte geleentheid sal kies om die kind te wys op die wonderskepping van God.⁹¹⁾

Alhoewel seksonderrig as sulks buite die skool se jurisduksie val, kan die skool tog 'n indirekte bydrae tot hierdie belangrike weerbaarmakende opvoedingsituasie lewer. Dit kan vir die ouer dan as 'n belangrike vertrekpunt dien vir verdere onderrig. Die skool moet toesien dat:

- * Die Christelike norme, soos na vore kom in die godsdiensonderrig (7de gebod), by die leerlinge ingeskerp word. Indien Christelikheid die grondslag vorm waarop opvattinge i.v.m. die seksuele gebaseer is, sal dit die mens se morele- en sedelike kodes bevorder.
- * Die basiese kennis t.o.v. voortplanting, soos ingesluit in die Biologiesillabusse, by die kind inslag vind. (Die wonder van die lewe, kan vir die Christelike Biologie-onderwyser 'n uitgangspunt wees om delikate sake aan te raak en om voorligting te verskaf.)
- * Positiewe voorligting aan leerlinge gegee word betreffende die gesonde seun-dogterverhouding.
- * Daar 'n gesonde leerling-onderwyserverhouding bestaan, waarin die leerling met volle vertroue na sy voogonderwyser met probleme kan gaan. (Dit is jammer dat die voorligtingsonderwyser deur die jeugweerbaarheidsprogram in 'n groot mate vervang is. Noodsaaklike persoonlikheidsvoorligting gaan sodoende verlore.)

91) Preller, S.J. Hoe die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing deur die vak Biologie by leerlinge tuisgebring kan word. Onderwysblad, LXXIV(811): p.81, Mei 1967.

- Die geleenthede geskep word waar die twee geslagte onder toesig saam kan verkeer (op sport- en kulturele gebied).

5.7.5 Die uitoefening van gesag en dissipline deur die skool – 'n hydrae tot weerbaarma=king

Die twintigste eeu word gekenmerk deur vryheidsvegters en hulle stryd om vryheid. Die direkte gevolge hiervan is gesagsverwerping. In baie gevalle is daar reeds sprake van 'n gesagskrisis. By baie jongmense word gesag nie meer as vanselfsprekend aanvaar nie en word selfs leiersfigure (o.a. ouers en onderwysers) al hoe meer bevraagteken. Dit wil voorkom asof vryheid een van die brandpunte in die huidige kulturele toestand geword het.⁹²⁾

5.7.5.1 Die verband tussen gesag en vryheid

Vir die Christen beteken vryheid gebondenheid en die begrip is slegs verstelbaar binne 'n God-mens-verhouding. Die Heilige Skrif leer dat die mens slegs vry is in soverre hy homself onderwerp aan God se wette. Hierdie wette vereis o.a. dat die mens 'n liefde vir sy God sal hê en liefde aan sy naaste sal betoon.⁹³⁾

92) Botha, M.E. Gesag en vryheid, p.1.

93) Ibid., pp.2-3.

Tussen die twee begrippe vryheid en gesag bestaan daar 'n baie noue verband. Botha sê: "In 'n sekere sin sou 'n mens hulle kon sien as twee kante van dieselfde munt of soos vinkel en koljander"⁹⁴⁾

Die Christen glo dat God die outoriteit aan gesag verleen. Gesag moet op sy beurt orde in die maatskappy bewerkstellig sodat die individu die geleentheid gebied word om in vryheid en verantwoordelikeheid sy taak te volvoer. In 'n groot verskeidenheid situasies verskaf God aan die mens die geleentheid om gesag te handhaaf of te eerbiedig. Die gesagsdraers op talle terreine (ook die skool) is dus van Godswêë geroepe om norme te verwerklik waarin die mens in vryheid kan optree tot die eer van God.⁹⁵⁾

God is dus die bron van alle gesag. Om voor mense te swig, is knegskap – om voor God te buig is vryheid. Vryheid buitekant die grense van objektiewe gesag is geen vryheid nie.⁹⁶⁾

5.7.5.2 Die tugvraagstuk op skool

Die tugvraagstuk op skool kan nie losgemaak word van die Christen se lewens- en wêreldbeskouing nie.

94) Ibid., p.4.

95) Ibid., pp.4-5.

96) Du Toit, J.J. Vryheid en gesag in die opvoeding, p.394.

In die uitoefening van tug word sowel die opvoeder as opvoedeling betrek. In sy wese het die tugvraagstuk te doen met gehoorsaamheid en vryheid. Vir die Christen is tug gefundeer op die gehoorsaamheid van die mens aan God en sy gebod. Met die sondeval het die mens met God gebreek en het die mens gekom onder die straf en tug van God. Aanvanklik het God aan die mens die mag en gesag gegee om te heers en te regeer oor sy skepping. Na die sondeval het die mense hierdie gesag uit genade ontvang om oor mekaar te heers.⁹⁷⁾

Die gesag wat die ouer oor sy kind het, is gedeelgeerde gesag van God en met die toelating van die kind tot die skool word die gesag gedurende skoolure aan die skool opgedra. Die skool vereis van die kind gehoorsaamheid. Vir die Christenonderwyser, is elke tugdaad 'n daad in die naam van God en moet dit ook aan sy eise beantwoord.⁹⁸⁾

Sonder gesag en dissipline is opvoeding nie moontlik nie. Die kind is 'n onvolwasse, opgroeiende wese wat gerig en gelei moet word deur die onderwyser tot volwassewording. Dikwels word die kind groot met die idee dat hy vry is. Die kind besit egter nie die vermoë om te onderskei tussen vryheid

97) Coetzee, J.C. Ons tug. Onderwysblad, LXXIII (797): pp. 1-2, Mei 1966.

98) Ibid., p.2.

en losbandigheid nie. Dit is o.a. die taak van die skool om by die kind die Christelike siening van gesag tuis te bring, naamlik dat vryheid die onderwerping aan gesag is.⁹⁹⁾

Die kind moet besef dat, indien hy die gesag bokant hom gestel nie meer aanvaar nie en sodanige gesagsposisie slegs as 'n afgedwonge gesag sien, verbrokkel die hele volksorganisasie en lei dit direk tot die nie-aanvaarding van die Hoogste Gesag.¹⁰⁰⁾

Leerlinge moet weet dat in die natuur en ook in die verhouding van mens tot mens daar in die gesagsposisie orde en reëlmaat heers; dat verwerping van hiërdie gesag tot spanning, onrus, vrees en onsekerheid lei. Die reëlmaat en orde waarvolgens die skoolorganisasie verloop, het 'n baie belangrike invloed op die kind se persoonlikheid. Liefde en billikheid moet altyd die gesagshandhawer se strengte optrede rig. Deur tug word die gesag van die opvoeder gehandhaaf. Die persoonlike kontak tussen bloedverwante is nou nie meer ter sprake nie en alhoewel liefde en billikheid nog die grondslag vir tug vorm, word dit in skoolverband objektiewer beoefen. Friis sê: "Tug en dissipline is 'n onvermydelike voorwaarde van die opvoeding en gevolglik

99) Eloff, J.J. 'n Ontleding van die emosionele probleme van die onderwyser in die klaskamer, p.17.

100) Van der Westhuizen, P.J. Ons tugbeleid - 'n onreg teen die jeug. Onderwysblad, LXXIII(804): p.195, Okt. 1966.

ook vir die hereiking van die opvoedingsideaal, geestelike weerbaarheid."¹⁰¹⁾

Weerbaarmaking behels die begeleiding van die kind tot wetenskaplike en algemeenmenslike vorming. Te midde van al die kennis en die vaardighede wat die wêreld die mens kan bied, moet die kind besef dat God die eerste en finale Gesagshaber oor alle terreine van menswees is en dat ware vryheid slegs kan bestaan indien die mens gehoorsaam aan die Wet te van God is.¹⁰²⁾

Die skool se taak en roeping is aanvullend en af= rondend in die taak van die huisgesin om die kind tot volwassenheid te lei. Sonder om sy eie iden= titeit prys te gee, móét die skool, in medewerking met die ouer, onderwys gee ooreenkomstig sy Chris= telike karakter. Dan sal die opvoeding van die kind tot weerbare landsburgers suksesvol kan ver= loop. Die kind moet deur die skool in staat ge= stel word om 'n volwaardige plek in die gemeenskap in te neem. Die kind moet so opgevoed word dat hy sy kultuur-erfenis in besit neem en dit uitbou

101) Friis, S.H. op. cit., pp.193-195. Die Chris= telike skool met sy siening van gesag, dissi= pline en vryheid moet verwag dat die libera= listiese idee van die vryheidsbegrip mense tot 'n groot mate sal kondisioneer om 'n ne= gatiewe begrip van vryheid en gesag te huldig. Die liberalis glo dat vryheid beteken om vry te wees van alle bande en reëls.

102) Botha, M.E. op. cit., p.13.

tot die voordeel van sy volk en die eer van God.¹⁰³⁾

5.8 Enkele bydraes van die drie reformatoriese Afrikaanse kerke tot die weerbaarmaking van die jeug

Die kerk word gesien as die gemeenskap van gelowiges. Dit het ook betreffende die onderwys en opvoeding – die weerbaarmaking van jongmense – 'n belangrike taak om te vervul. Ook die kerk sal hom weer deeglik moet vergewis in watter mate teenmaatreëls aangewend kan word om sodoende die bedreiging van die tydgees te identifiseer en te elimineer. 'n Kerk het geen toekoms, indien sy jeug nie karaktervas en kerngesond is nie. Die kerk het ook in hiërdie verband 'n terapeutiese taak om te vervul. Die jeug het 'n behoefte aan gemeenskap en solidariteit. Die kerk verskaf 'n gunstige groeibodem vir gehoorsaamheid aan gesag en Skriftuurlike norme.

5.8.1 Die taak van die kerk met betrekking tot die skool

Tussen die kerk en die skool bestaan daar 'n baie noue skakeling; daar is byna geen terrein waar die kerk en onderwys mekaar nie ten nouste aanvul nie. Die lidmate van die kerk is staatsburgers, skool=

103) Van Wyk, J.H. *Religie, Opvoedkunde en opvoeding*, pp.78-79.

ouers en gesinslede. Net soos die skool en talle ander samelewingsverbande is die kerk ook soewerein in sy eie kring. Die kerk moet hom dus daarvan weerhou om oor ander samelewingsverbande in die Koninkryk van God te heers. Omdat die kerk egter ten nouste betrokke is by die opvoeding van die jeug, is die kerk verplig om die onderwyssaak ten volle te steun. Die kerk het 'n eiesoortige belang by die opvoeding van sy lidmate; daarom vereis die kerk dat die kinders ooreenkomstig die doopbelofte, soos afgelê deur die ouers, opgevoed sal word.

Die kerk verwag dus van sy lidmate die daarstelling en instandhouding van 'n Christelike skool waar hierdie doopbelofte nagekom kan word.¹⁰⁴⁾

Die verbondskind word deur sy gelowige ouers laat doop om deur die plegtige teken van die doop in die kerk opgeneem te word. Hiermee wil die ouers nie voorhou dat die kind voorheen 'n vreemdeling vir die kerk was nie. Deur die doop word die kind nie net in die gemeenskap van die gemeente van Christus opgeneem nie, maar hierdeur aanvaar die kerk ook die verantwoordelikheid om deur persoonlike toesig en leiding toe te sien dat die kind op skool en by sy ouerhuis 'n godsdienstige opvoeding sal ontvang.¹⁰⁵⁾

104) Van Wyk, J.H. Religie, opvoedkunde en opvoeding, p.82.

105) Joubert, J.J. op. cit., pp.191-192.

Alhoewel dit die primêre verantwoordelikheid van die ouers is om toe te sien dat hulle kinders 'n Christelike opvoeding ontvang, moet ook die kerk sorgdra dat dit wel gebeur. Die kerk moet eers=tens sorg dat die ouers hulle verantwoordelikheid t.o.v. die doopbelofte besef. Die kerk kan die ouers aanspoor tot taakaanvaarding deur die bediening van Gods Woord, ^{deur}aanmoediging en voorligting. Tweedens, is dit die taak van die kerk om die ouers te help in die uitvoering van hierdie taak.¹⁰⁶⁾

Die skool is 'n selfstandige samelewingsverband en die kerk het geen direkte seggenskap betreffende interne skoolsake nie. Die kerk mag dus o.a. geen direkte tug op die skool toepas nie, maar die kerk kan wel 'n vermanende woord vanaf die kansel tot onderwysowerhede rig of direkte tug op sy lidmate uitoefen. Dit is egter die kerk se verantwoorde=likheid om toe te sien dat die opvoeding wat die nie-belydende lidmate in die skool ontvang in ooreenstemming is met die kerk se geloofsbelydenis. Indien nie, moet die kerk optree en die lidmate langs kerklike, of die skool langs interverbandlike, weë aanspreek.¹⁰⁷⁾

106) Ibid., p.192.

107) Van Wyk, J.H. Religie, opvoedkunde en opvoeding, p.82. Die selfstandigheidsbeginsel word oortree deur die kerkskoolgedagte.

5.8.2 Intensiewe kategetiese onderrig deur die kerk – 'n noodsaaklike vereiste tot weer=baarmaking

Die woord kategeese is minder bekend as die woorde katkisasie of katkisant. Oor die afleiding en ontstaan van die woord kategeese is daar heelwat meningsverskil. Gegewens verkry vanuit Griekse tekse in die nuwe Testament dui daarop dat die woord in sy verskillende vorme weer^{ge}gee kan word deur die woorde "onderwys en vertel" en dit skakel weer nou aan by die begrip "mondelinge onderwys."

Jooste definieer die begrip soos volg: Dit is "die onderrig van die kerk aan sy gedoopte lidmate, deur die kerk self deur middel van die ampte gesagvol verstrek om hulle sodoende te vorm met die oog op die toekoms."¹⁰⁸⁾

Die kerk het dus ook 'n roeping om te onderrig. Dit word dan gedoen in die katkisasie en dit vorm 'n belangrike deel van die Christelike opvoeding. Die kategetiese onderrig het 'n eie taak, wat korreleer met die onderrig wat die kind by sy huis of in die erediens ontvang.

Katkisasie is kerklike onderrig wat aan onmondige verbondslidmate (d.i. kinders wat binne die kerklike verantwoordelikheid lewe) gebring moet word.

108) Jooste, J.P. Die kategeese. (In Du Toit, S. e.a. Die Koninkryk van God, pp.247-249.)

Dit is die taak van die kerk om die verbondskinders te lei tot 'n persoonlike belydenis van God – dié God wat Hom in die Heilige Skrif openbaar en wat in die kerk verkondig word. Volgens Jansen van Rensburg, sê Ten Have: 'Dit belijden vormt de poort tot de volle deelname aan het Kerkelijk leven, als de gemeenschap dergenen, die Christus toebehoren. Hiervan is de deelname aan het avondmaal middel en teken.'¹⁰⁹⁾

Die katkisante moet besef dat hulle lede van God se kerk is en dat hulle deur die doop as Godsvolk afgebaken is. Daarom sal God gedurig in hulle lewens ingryp. Die kind moet weet dat kategetiese onderrig nie beteken dat hy as heiden nou gekersten moet word nie, maar hy moet die kern van kategetiese onderrig eerder sien as sy ontplooiing as verbondskind – sy potensiële geloof wat gebring word tot aktuele, bewuste geloof.¹¹⁰⁾

'n Ware geloof behels nie alleen 'n gewisse kennis waardeur die mens alles vir die waarheid aanvaar wat God aan die mens in sy Skrif openbaar nie, maar dit is 'n vaste vertroue dat God aan die mens vergewing van sondes en 'n ewige geregtigheid en salig=

109) Jansen van Rensburg, W.L. Die pedagogiese verantwoordbaarheid van kategetiese onderrig in die drie reformatoriese Afrikaanse kerke in Suid-Afrika, p.5. Joh. 21:15 "Laat my lamms wei" word as die onderrigende opdrag m.b.t. die jeug gesien.

110) Loc. cit.

heid geskenk het. Dit alles geskied slegs uit genade omdat Christus dit vir die mens verwerf het.

Jansen van Rensburg noem: "Die relevansie van die kategese is dus die realiteit van die geloof in die hemelse Koninkryk wat deur Christus vir die mens verwerf is. Die kategese is die oproep van die jeug tot 'n vreugdevolle deelname aan die Ryk. Dit is 'n oproep tot die innige verkeer met die lewende God."¹¹¹⁾

Die kerk van Christus staan in sy diens en dit behels ook kategetiese onderrig. Hierdeur moet die kind dus in staat gestel word om tot die regte geloofsverhouding met sy God te kom. Die allesbeheersende, die sentrale gedagte vir die katkisant moet die geloof in Christus wees.¹¹²⁾

Die katkisant wat hierdie waarheid verwerk het, sal weerbaar en in staat wees om 'n standpunt in te neem teen magte en ideologieë wat hom bedreig. Die doel van kategetiese onderrig kan soos volg saamgevat word:¹¹³⁾

- Kennisverwerwing: die mens wat God nie ken nie kan Hom nie liefhê nie. Die kenniselement vorm die rigsgoer vir die bereiking van 'n kategetiese einddoel.

111) Ibid., p.6.

112) Ibid., p.7.

113) Ibid., pp.11-16.

- * Die vorming van mense wat bewustelik meelewe in die gemeente van Christus. Elke kind moet die geleentheid gebied word om op grond van die Heilige Skrif sy geloofslawe in te rig, om sodoende God te verheerlik, sy eer te soek, en dit te handhaaf.
- * Opvoeding tot verantwoordelike jongmense in 'n "nuwe wêreld". Burgers en burgeresse moet gevorm word, wat doelbewus die Koninkryk van God sal wil uitbou.
- * Die versekering moet hierdeur verkry word dat Godskennis van geslag tot geslag voortgedra sal word. So sal die Bybel te midde van 'n veranderende wêreld nog steeds vir die Christen die weg en die waarheid kan aandui. Die gelowige katkisant van die hede is die gelowige opvoeder (ouer en onderwyser) van môre. Kategetiese onderrig is 'n kosbare kleinood van die kerk; hierdeur word die Christendom in stand gehou.

Waar die kerk met kategetiese werk mede-bouer is aan die karakters van die jeug, sal die kerk moet rekening hou met die feit dat die jeugdige 'n onvolwasse is en dat sy persoonlikheid nog nie ten volle ontplooi het nie. Die kind sal tot volwassenheid gelei moet word totdat hy verantwoordelikheid van 'n volwasse belydende lidmaat binne kerklike verband besit. Die kateget moet die jeugdige bring tot volwassenheid in Christus. Dit geskied deur kennis van Gods Woord en die belydenisskrifte. Hierdie kennis moet as geloofskennis die grondslag vorm van die Christen se lewens- en wêreldbeskou-

ing.¹¹⁴⁾

5.8.3 Slotopmerking

Die kerk het 'n allerbelangrike rol om te vervul. Die jeug moet bewapen, weerbaar gemaak word teen die aanslae van die tydgees, omdat dit gaan oor die voortbestaan van die kerk en die Christendom. Volgens Müller, sal die kerk "sy arbeid moet intensiveer om in sy prediking en besoekwerk, deur deeglike kategetiese en persoonlike sielsorg, deur Christelike verenigingslewe, jeugkampe en straatwerk, die jeug in al sy lae te bereik, en te betrek in aktiewe selfdeelname aan die bevordering van die Koninkryk van God. Die gelowige jeug wil 'n taak en opdrag hê waaraan ook hulle sinvol kan meewerk."¹¹⁵⁾

Die kerk sal dus in die prediking en die vorm van aanbidding ernstige aandag moet skenk om daardeur die belangstelling van die jeug te verkry, sodat die jeug Christelik en Godsalig opgevoed kan word. Deur die kategetiese onderrig sal die wese van die jeugdiges bereik moet word. Ook in die huisbesoek sal tyd ingerig moet word vir die jeug, sodat ook hier

114) De Villiers, D.W. Leer lewe uit die Woord. Nr. 5, p.11. Alle opvoeding is basies 'n poging om die jeug ten goede te beïnvloed deur die opvoeders. Dit word beskou as werk met die jeug en nie soseer vormingswerk van buite af nie. Die jeugdige neem aktief deel aan sy opvoeding.

115) Müller, J.J. Aanslag op die jeug. Die Kerkbode, 125(2): p.75, 17 Jan. 1973.

individuele en persoonlike bearbeiding gedoen kan word om daardeur die jeug te bring tot geestelike selfstandigheid. In hierdie werksaamhede mag die kerk geen oomblik verspil nie. Elke Christen sal moet besef dat tyd kosbaar is.

Müller sê egter dat dit alles nog nie genoeg is nie. Dit is "nie deur drukke organisasie, nuwe metodes en programmering nie, maar deur die Gees van die Here dat die verlangde vernuwung van die kerk en die behoud van die jeug sal kom."¹¹⁶⁾

Indien die blanke Suid-Afrikaner sy jeug weerbaar wil maak (in 'n "Mondige Wêreld", so onafhanklik van God), is daar een bron van kennis wat die jeug sal moet bemeester: Dit is die kennis van die God van die Skrif. Hy is die Skepper van mens, plant en dier. Hy is die heerser oor alle fasette van die mens se lewe. Uit God, deur God en tot God is alle dinge. Die Suid-Afrikaanse opvoeders (ouer, kerk en skool) sal moet sorg dat die horisontale dimensie wat die Humanisme predik, verbreek word en dat die kerktooring – die vertikale dimensie – die verhouding van die mens tot God, herstel word. Dit is die taak van elke Christengelowige om in hierdie verband ernstig te besin. 'n Christen mag nie by hierdie krisisoomblikke in die Suid-Afrikaan=

116) Loc. cit.

se volksgeskiedenis verbystaar nie. Die Christen wat hom hieraan skuldig maak, pleeg hoogverraad teen die Christendom en die Suid-Afrikaanse jeug:

"Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly."117)

5.9 Samevatting

Jeugweerbaarheid is 'n pedagogiese aangeleentheid. Dit is 'n opvoedingshandeling wat strek vanaf geboorte tot dat die individu weerbaarheidsvolwassenheid bereik het. Dit is die taak van die hele maatskappy om toe te sien dat hierdie ideale toestand bereik word. 'n Volk se toekoms is gegrond op sy jeug, daarom is dit noodsaaklik dat die jeug weerbaar sal wees teen vreemde ideologiese denkstrome. Vir die doel van hierdie verhandeling word daar veral klem gelê op die taak van die ouer, die kerk en die skool in die geestelike weerbaarmakingshandeling.

Die huisgesin neem 'n besondere plek in in die opvoeding (weerbaarmaking) van die jeug. Van al die instellings in die volkslewe is die huisgesin die belangrikste. Die ouer se invloed is blywend en van kardinale belang. Die taak van die ouer is

117) Efesiërs 6:10.

velerlei. Hulle moet, onder andere, toesien dat die volgende gebeur:

- Ouerlike voorbeeld en ouerlike liefde moet altyd rigting gee aan die opvoedingshandeling. Dit is 'n voorvereiste vir weerbaarmaking.
- Gesag moet die basis vorm van alle opvoedings=handelinge. Die kind se eerste kennismaking met gesag vind juis in die ouerhuis plaas. Die kind moet beseft dat daar in die skepping orde en reëlmaat is. Dissipline is noodsaaklik om orde en reëlmaat te handhaaf. (Vgl. par. 3.3.1 – die "New Left" wil juis gesag omverwerp.)
- Die kind moet sy vrye tyd oordeelkundig bestee. Onoordeelkundige besteding van vrye tyd gee aanleiding tot dekadensie en die aftakeling van bestaande Skriftuurlike norme (vgl., par. 2.14.5).
- Die regte basis vir 'n lewensbeskouing moet deur die jeugdige verwerf word. Identiteitsverwerwing vind reeds plaas vanaf die oomblik dat die kind bewus word van sy eie bestaan. Die ouers se lewensbeskouing moet dus die kind help om antwoorde op sekere kernvrae te vind soos: Wie is ek? Waarheen wil ek?, ens. Die kind mag dus nie verward wees betreffende sy lewensbeskouing nie. Die Christelik-nasionale lewensbeskouing is 'n wapen teen vreemde ideologiese denke.
- Hulle 'n indirekte, dog positiewe hydrae lewer tot die identifisering en uitwissing van vreemde ideologieë wat hulle kinders bedreig. Dit kan gebeur deur aktiewe deelname aan kultuurorganisasies en protesaksies teen dit wat die aktuele denkstrominge verkondig.

Uit voorafgaande hoofstukke blyk dit dat die aanslag teen die blanke Christenjeug hoofsaaklik gerig is teen die godsdiens en sedelike en estetiese norme. Vir die doel van hierdie verhandeling is

daar slegs gekonsentreer op hierdie drie opvoedkundige grondslae. Die ouers het ook hier 'n omvangryke taak om te verseker dat die kinders weerbaar sal wees. Daarom moet ouers besef:

- Die godsdienstige vorming van die kind is 'n langdurige opvoedingshandeling wat reeds 'n aanvang neem in die suigelingstadium. Godsdien is die rigtinggewende faktor in die mens se lewe. In God vind die mens sin, oorsprong en bestemming. (Die kommunist wil juis hierdie volksanker losseur, want godsdien staan, volgens hulle, in die pad van wêreldoorheersing, vgl. par. 2.1.)
- Die sedelike vorming van die kind moet Skrifgefundeerd wees. Die kind moet weet dat die begin en bron van die mens se sedelike lewe gesetel is in die Wette van God. Opvoeding is gerig op die ontluiking van die kind se sedelike bewussyn – waaruit voortspruit sy karaktervorming.
- Die sieklike permissiewe mens van die tydsgewrig kan slegs hervorm word deur opvoeding. Sedelike weerbaarmaking behels gehoorsaamheid aan die Wet van God, wilsopvoeding, gewetensvorming en karaktervorming. (Vgl. par. 2.14.4.)
- Die estetiese vorming van die kind is baie belangrik. Opvoeding tot die estetiese dra daar toe by om die kind van God volkome toe te rus vir alle goeie werk hier op aarde. Die kind moet weet dat kuns (die letterkunde, die skilderkuns, die beeldhoukuns, ens.) altyd die stempel van God moet dra. (In hulle kreet na die aftekeling van die bestaande, wil die "New Leftisme" juis ook hier 'n bres slaan, vgl. par. 3.5.3.)

Dit is duidelik dat die ouer (opvoeder) nie die jeugdige in afsondering kan plaas om hom daardeur te beskerm teen vreemde ideologiese tendense nie.

Die opvoeder moet slegs riglyne daar stel en hulp en leiding verskaf. Die kind moet gebring word tot 'n punt waar hy dan ooreenkomstig sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing 'n eie keuse sal kan maak.

Die skool het ook 'n besondere taak om die Christen= jeug weerbaar te maak teen die aanslae van die tyd= gees. Dit het noodsaaklik geword dat die skool koersvaste mense sal vorm. Die bydrae van die skool tot die weerbaarmaking van die jeug, geskied direk of indirek, op talle terreine. Die skool se taak is basies: onderwys en opvoeding. Indien skoolopvoeding opvoeding na sy ware karakter is, lei dit tot weerbaarmaking van die kind.

In die opvoedingshandeling en vorming van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing by die kind is dit noodsaaklik dat die skool self 'n C.N.O.-karakter sal vertoon. Dit sal weerbaarheid verseker.

Die bydrae van die Christenonderwyser tot die opvoeding en weerbaarmaking van die jeug is van onskatbare waarde. 'n Ware onderwyser is 'n geroepene van Bo. Hy is die leier, hulpverlener en steungewer. Hy moet sy leerlinge lei tot volwasenheid en tot keuseweerbaarheid. In die huidige wêreldsituasie is daar geen ruimte vir 'n onderwyser wat slegs onderrig gee nie. Om sy taak suksesvol te kan volvoer en die kind op te voed tot

die eer van God, beteken dat die onderwyser self oor talle goeie hoedanighede en karakterkenmerke moet beskik. Weerbaarmaking is die taak van alle onderwysers en nie slegs diegene wat betrokke is by die weerbaarheidsprogram van die skool nie.

Die skool en die onderwysers het ook 'n belangrike weerbaarmakende taak om te vervul teen die ideologiese aanslae van die tydgees. Onderwysers mag nie 'n neutrale houding inslaan teenoor magte en ideologieë wat die Afrikanervolk wil vernietig nie.

In 'n sekularistiese wêreld waar die seksuele so verabsoluteer word, het die skool 'n belangrike taak om te vervul. Alhoewel seksonderrig die uitsluitlike verantwoordelikheid van die ouer is, kan die skool ook tog hier 'n indirekte bydrae lewer. Veral die vak Biologie leen hom om 'n Christelike opvatting in verband met die teenoorgestelde geslag by die kind tuis te bring.

Dit is ook die taak van die skool om by sy leerlinge die Christelike siening i.v.m. gesag, vryheid en tug op 'n direkte of indirekte wyse in te skerp. (Die leerlinge moet besef dat die twintigste eeu wat gekenmerk word deur vryheidsvegters en hulle stryd om vryheid, 'n direkte gevolg van gesagsverwerping is.) Die leerlinge moet weet dat God die bron van alle gesag is en dat vryheid buite die grense van objektiewe gesag bandeloosheid is. Dit sal verseker

dat die jeug teen die gesagsidee, soos verkondig deur sekere denkstrominge (vgl. par. 3.3.1), weerbaar sal wees.

Die kerk het 'n baie belangrike taak om te vervul betreffende die weerbaarmaking van die jeug. Die kerk moet toesien dat die volgende gebeur:

- * Daar moet 'n gunstige groeibodem verskaf word vir gehoorsaamheid aan gesag en Skriftuurlike norme.
- * Kinders moet ooreenkomstig die doopbelofte opgevoed word.
- * Die opvoeding wat die kind op skool ontvang, moet ooreenkomstig die kerk se geloofsbelydenis wees.
- * Die kinders moet intensiewe kategetiese onderrig ontvang. Hierdeur word die verbondskind gelei tot 'n persoonlike belydenis van sy geloof in God.
- * Die prediking moet meer tot die mens in sy konkrete situasie spreek, sodat die bereidwilligheid van die jeug gewen kan word vir die Koninkryk van God.
- * Gedurende huisbesoek moet tyd ingerig word vir persoonlike en individuele bearbeiding, sodat die jeug tot geestelike selfstandigheid gebring kan word.

In die weerbaarmaking van die jeug sal opvoeders kragte moet saamsnoer en sorg dra dat die horisontale dimensie wat die Humanisme predik, verbreek word en dat die vertikale verhouding van die mens met sy God herstel word.

HOOFSTUK 6

6. 'N SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Samevatting

Die Christenmens van die laat twintigste eeu (o.a. die opvoeder en opvoedeling) bevind hom tussen twee pole. Die een pool is die opbouende, instandhoudende krag: die allesomvattende liefde van God. Die ander pool is die aftakelende, vernietigende magte van die Antichris. In hierdie verwarde wêreld, in hierdie maalstroom van vreemde gedagtes en ideologieë sal opvoeders by magte moet wees om riglyne aan die jeug te verskaf. Om dit te kan doen, sal opvoeders die tydgees moet ken en verstaan.

Die aanhangers van aktuele denkstrominge weet dat oorlog en wapengeweld nog nooit daarin kon slaag om die Christendom uit te wis nie. Daarom word hulle taktiek nou verander van 'n openlik-drastiese na 'n subtiële aanslag. Van subtiële metodes word gebruik gemaak om die gees en moraal van volkere (die jeug) te ondergrawe. Hierdie mense weet dat indien daarin geslaag kan word om die denke, die geloof, die trots, die eie en die nasionale identiteit van die jeug te vervreem, sal so 'n volk 'n maklike prooi word. Die blanke Afrikanerjeug is nie uitgesluit wanneer hierdie ideologieë hulle subtiële aanslag loods nie. Die Kommunisme is 'n

ideologie wat groot bedreiging inhou, want hierdie ideologie verwerp God. Volgens hulle moet pri= vaatbesit vernietig word, want dit lei tot onder= drukking. Kommunisme het een doel voor oë:

wêreldheerskappy en die uitwissing van die Chris= tendom. 'n Aardse Utopia sal, volgens hulle, die resultaat van bg. doelstelling wees. Om hulle ide= aal te verwesenlik, maak die kommuniste van enige denkbare metode gebruik. Kommunisme is nooit haastig nie. Daarom kan hulle gebruik maak van subtiële ondergrawingsmetodes soos woordspeling, frontorganisasies, infiltrasie, ens. Kommunisme is bereid om geld van die Kapitalisme te ontvang, of selfs agter ander ideologieë te skuil, solank as wat hulle net in hulle doel kan slaag. Daar bestaan bewyse dat hierdie ideologiese terroris reeds besig is om die gees en moraal van die Afri= kanerjeug te rysmier.

Die Liberalisme is ook 'n denkstroom wat gevaar vir die Afrikaner met sy Christelike lewens- en wêreld= beskouing inhou. Alhoewel 'n mens hier nie te make het met 'n duidelik identifiseerbare ideologie nie, word dit gekenmerk deur liberale opvattinge en idees. Die sentrale beginsel van die Liberalisme is dat die individu absoluut vry is. Volgens hul= le is die individu by magte om te besluit tussen reg of verkeerd, en alle gesag is verwerpbaar. In hierdie vryheidsidee sien die Kommunisme 'n middel tot 'n doel. Die grootste bedreiging wat hierdie

ideologie inhou, is dat dit neutraal staan teenoor die godsdienste. Alhoewel daar tog onderlinge ideologiese verskille tussen Liberalisme en Kommunisme bestaan, is 'n volk geneig om deur Kommunisme beïnvloed te word sodra dit met Liberalisme deurdring is. Daar is bewyse dat hierdie ideologieë reeds besig is met 'n felle aanslag teen die geestes en moreel van die konserwatiewe Afrikanerjeug.

Die Sekularisme is 'n ideologie wat 'n groot bydrae lewer tot die aftakeling van Skriftuurlike norme. Sekularisme bereik sy hoogtepunt in die Nihilisme. Die aanhangers van die Sekularisme predik Horisonalisme – vir die voorsienigheid van God is daar geen plek in hierdie lewensbeskouing nie. Op byna elke lewensterrein is die invloed van hierdie denkrigting reeds te bespeur. Sedelike verval en dwelm-middelmisbruik is tekens van die kristallisering van hierdie denkrigting.

Die kulturele rewolusie waarin die Weste vasgevang is, is 'n tipiese verskynsel van die tydgeestes. Die "New Leftisme" tree as draer van hierdie rewolusiegedagtes op. Die aanhangers van die gedagtes van Marcuse e.a. stel hulle die vernietiging van die status quo ten doel. Die aftakeling van gesag en dissipline en die verabsoluttering van die seksuele, is die direkte gevolg van dit wat die "New Left" verkondig. Hierdie ideologiese gedagtes het reeds 'n inslag by baie van die Afrikanerjeug gevind.

Die verkondigers van hierdie ideologie maak op 'n subtiële manier gebruik van kuns, letterkunde, "rock"-musiek, ens. om hulle saak te bevorder.

Met die invoering van 'n jeugweerbaarheidsprogram in die skole was onderwysowerhede wel deeglik bewus van die gevare wat vreemde ideologieë vir die jeug inhou. Alhoewel hierdie program goed deurdrag is, en getuig van besondere skerpsinnigheid, bestaan daar tog enkele knelpunte.

In die geestelike weerbaarmaking van die Afrikaner=jeug, het die ouer, die skool en die kerk 'n belangrike weerbaarmakende taak om te vervul. Hierdie instansies moet sorgdra dat die jeugdige die Christelike lewens- en wêreldbeskouing sy eie sal maak. Dit is die enigste verweer teen hierdie gevaarlike ideologieë.

6.2 Gevolgtrekkings

Na aanleiding van die studie oor tydgees en opvoeding word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

6.2.1 Die Christendom word deur 'n ernstige krisis bedreig. In die tydgees is talle ideologieë wat hulle direk of indirek ten doel stel om die Christendom te vernietig en 'n aardse Utopia daar te stel.

6.2.2 Die aanslag van hierdie rewolusieleer is op die jeug gefokus. Veral in die Westerse wêreld

stel hierdie ideologieë hulle die beïnvloeding en verowering van die jeug ten doel.

6.2.3 Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing is die enigste antwoord op hierdie ideologiese gevare.

6.2.4 Die ouer, die onderwyser en die predikant moet 'n buffer vorm teen hierdie geestestrominge. Vir die voortbestaan van die Afrikanervolk is daar twee onontbeerlike suile: die Christelike geloof en patriotisme. Daarom moet genoemde opvoeders sorgdra dat die opvoedeling besef dat waar God nie heers nie, daar duisternis is, en waar patriotisme ontbreek, 'n volk sy idealisme en sy selfrespek verloor het.

6.2.5 Die onderwysowerhede van die R.S.A. is deeglik bewus van die ideologiese gevare wat die Afrikanerjeug bedreig. Hiervan getuig die instelling van die jeugweerbaarheidsprogram. Alhoewel dit 'n goeddeurdagte program is, bevat dit enkele knelpunte wat uit die weggeruim behoort te word.

6.2.6 Die opvoeders (ouers, onderwysers, ens.) mag nie onverskillig staan teenoor die denkstrominge wat die Afrikanerjeug bedreig nie. Hulle moet bewus wees van die gevare en in staat wees om dit te identifiseer – eers dan sal hulle pogings kan aanwend om dit uit te wis.

6.2.7 Geestelike weerbaarmaking is 'n langtermyn=projek wat strek vanaf geboorte tot weerbaarheids=volwassenheid.

6.3 Aanbevelings

6.3.1 Die jeug moet nie net opgevoed word tot 'n aanvaarding van die volkseie nie, maar hulle moet ook bewus gemaak word van die gevare van die volks=vreemde.

6.3.2 Die kerk sal 'n belangriker rol moet speel in die weerbaarmakingshandeling. Omdat die Christelike lewens- en wêreldbeskouing en die kerk van die Afrikaner onlosmaaklik verbonde is, is die kerk een van die instansies wat geroep is om die voortbestaan van die volk te verseker. Die kerk sal wal moet gooi teen aktuele denkstrominge wat twyfel verkon=dig. Deur deeglike kategetiese en persoonlike siele=sorg, jeugkampe, huisbesoek ens. moet die jeug in al sy lae bereik word. Ook aan die prediking en die vorm van aanbieding van die boodskap sal ernstig aandag geskenk moet word om daardeur die jeug tot bereidwilligheid aan te spoor om te dien in die Koninkryk van God.

6.3.3 Onderwysowerhede sal opnuut moet besin of skole wel daarin slaag om in die opvoedingshandeling Christelik-beskaafde mense te vorm wat toegerus is met 'n Christelike nasionale lewens- en wêreldbeskou=

ing.

6.3.4 Die jeug behoort beter toegerus te wees om gesonde menseverhoudings te handhaaf. 'n Christelike benadering van werkgewers teenoor werknemers is noodsaaklik.

6.3.5 'n Wetenskaplike ondersoek om vas te stel in watter mate die jeugweerbaarheidsprogram in skole pedagogies verantwoordbaar is of verbeter kan word, het 'n dringende noodsaaklikheid geword.

6.3.6 Ouers behoort 'n aktiewe aandeel in kultuurorganisasies te hê om sodoende die organisasies te motiveer om hulle sterker uit te spreek teen vreemde denkrigtings. Omdat georganiseerde optrede meer gewig dra as individuele pogings, sal die gevare wat die jeug bedreig, sodoende duideliker onder die aandag van die breër publiek kom.

6.3.7 'n Roepingsbewuste jeug wat met werkywer besiel is, moet gekweek word.

6.3.8 Die vak Voorligting, soos vroeër aangebied, moet weer sy regmatige plek in die skoolorganisasie kry. Temas (soos bv. vak en beroepskeuse) in die geestesweerbaarheidsprogram kan dan hier in besonder behandel word.

6.3.9 Alle temas in die geestesweerbaarheidsprogram moet behandel word met die Skrif as uitgangspunt.

6.3.10 Opleidingsentrums soos universiteite en kolleges behoort jeugweerbaarheidskursusse (geestesweerbaarheidskursusse) aan te bied waar voornemende en diensdoende onderwysers die nodige opleiding kan ontvang.

6.3.11 Geskiedenis, as verpligte skoolvak, het noodsaaklik geword. Dit kan 'n geweldige bydrae lewer tot die algemene vorming en weerbaarmaking van die jeug. Veral, indien in die geskiedenisleerplan aandag geskenk word aan aktuele denkstrominge wat die Christendom bedreig.

6.3.12 Sielkunde en Wysbegeerte behoort erken te word as vakke in die leerplan van onderwysstudente wat 'n graadkursus volg met die oog op toelating tot 'n nagraadse onderwysdiploma. Hierdeur kan die onderwysstudent sy akademiese agtergrond verbreed. Dit sal lei tot groter insig in temas, voortspruitend uit die geestesweerbaarheidsprogram.

6.3.13 Dat die tydskuur bestee aan geestesweerbaarheid twee periodes per week sal behels. Dit beteken dat daar dan addisionele tyd vir fisiese weerbaarheid in die skoolrooster ingeruim sal moet word.

SUMMARY

1. THE PROBLEM

Man finds himself living in a time in which peoples and nations are no longer conquered by physical or military strength, but by a systematic undermining of their culture and their spiritual life, which again precipitates moral and physical decline. It is a battle waged against the mind and the spirit of man. Alien ideologies and conceptions tend to destroy completely the religious, cultural and moral make-up of man. This new world is depicted as a Utopia. The educationalist therefore has to contend with the spirit of the times.

2. THE IDEOLOGIES WHICH ENDEAVOUR TO CHANGE MAN=KIND AND THE WORLD

Communism, Liberalism, Secularism and New Leftism have been singled out in this treatise as mental conceptions which are an imminent threat to Western Civilization.

Communism employs a variety of methods to conquer the Western World. Wordplay, frontorganisations and infiltration are most commonly used as stepping stones. Communism is a definite threat to Christianity.

Although Liberalism differs from Communism in many respects, it paves the way for Communism and contributes to its success. Liberalism, which professes that all people are absolutely free, is also completely indifferent to religion.

Secularism is a trend of modern times. Today dechristianization and secularization are found in all walks of life. This mental attitude, in which there is no place for God, is an ideal breeding ground for Communism which naturally exploits it.

New Leftism is out to destroy all existing norms and status quo. Even in South Africa this mental attitude is gaining ground among the young.

Rock music, drugs, sensitivity training, etc. are employed to propagate this mental attitude.

3. THE ANSWER

Educational authorities are very much aware of the subtle onslaught of the above mentioned ideologies and for this very reason Youth Preparedness has been incorporated in the educational system. However, although this program is well thought out and well planned, there are certain restrictions.

A Christian outlook on life offers the only possible resistance to the ideological onslaught of mo=

dern times. It is therefore imperative that, in the education of the youth the school, the parent and the church should lay the foundation for a Christian philosophy.

GERAADPLEEGDE BRONNE

1. ANON. Blankes in skeihof voor Kleurlinge. Die Transvaler, 14 Feb. 1974.
2. ANON. Die goeie onderwyser. Die Huisge=noot, 2612: 52, 5 Mei 1972.
3. ANON. Die ouer en die skool. Onderwysblad, 81(847): 3, 23 April 1974.
4. ANON. Jeugweerbaarheid. Die Unie, 68(9): 361-362, Mrt. 1972.
5. ANON. Meer dwelmsmouse nou in S.A. besig. Die Vaderland, 59(108015): 3, kol. 2-4, 10 Julie 1975.
6. ANON. Rooi lektuur in skaapklere na die Rand. Rapport, 6 Mei 1973.
7. BENSON, I. Ken jou vyand. Johannesburg, S.A.U.K., 1963. 41p.
8. BEUKES, D.P.M. Godsdiens in die huisgesin. Handhaaf, 9(1):17-20, Sept. 1971.
9. BINGLE, H.J.J. Onderwysontwikkeling in S.A. gedurende die afgelope dekade. Pot=chefstroom, P.U. vir C.H.O. (1968?) (I.B.C. studiestuk, nr. 22) 14p.
10. BONESCHANS, J.H. Vertikalisme en Horisonta=lisme. Die Kerkblad, 72(1996): 10, 23 April 1969.

11. BOTHA, M. Elaine. Die kulturele rewolusie en Suid-Afrika; 'n analise. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O. (1973?) (I.B.C. studiestuk, nr. 68) 15p.
12. BOTHA, M. Elaine. Die roeping van die Christenvrou in 'n rewolusionêre wêreld. Handhaaf, 11(2): 11-15, Okt. 1973.
13. BOTHA, M. Elaine. Gesag en vryheid; referaat gelewer by die Konferensie oor Weerbaarheid, aangebied deur die P.U. vir C.H.O. op 5 Oktober 1973. (Potchefstroom, 1973) 13p.
14. BOTHA, M. Elaine. Politieke geweld: aard, vorme en voorkoms van die verskynsel. (In Simposium oor die Internasionale Politiek 7^e, Potchefstroom, 1973. Politieke geweld en rewolusie. Potchefstroom 1974, pp.9-32.)
15. BOTHA, T.R. Jeugweerbaarwording as identiteitsverwerwing teen die agtergrond van 'n eietydse samelewing. (In Jeugweerbaarheid. Durban, Butterworths, 1975. pp.97-113.)
16. BREEDT, A. Die gesin en die skool as medewerkers op die jeugterrein. Onderwysblad, 80(841): 32-34, Okt. 1972.
17. BREYTENBACH, B. Kouevuur. Kaapstad, Buren-uitgewers, 1969.

18. BREZINKA, W. Die Pädagogik der neuen Linken; Analyse und Kritik. Stuttgart, Seewald Verlag, 1972. 51p.
19. BRINK, A.P. The youth explosion. Fair Lady, 6(19): 80, 82, 83, 84, 89, 91, 11 Nov. 1970.
20. BULL, N.J. Moral education. London, Routledge and Kegan Paul, 1969. 183p.
21. CILLIERS, J.L. le R. Christelik-nasionale opvoeding. Handhaaf, 5(12): 12-16, Augustus 1968.
22. COETZEE, J.C. Die gevare wat ons lewensbeskouing bedreig; referaat gelewer by die Konferensie oor Weerbaarheid aangebied deur die P.U. vir C.H.O., op 5 Oktober 1973. (Potchefstroom, 1973).
23. COETZEE, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pretoria, Van Schaik, 1965. 325p.
24. COETZEE, J.C. Ons tug. Onderwysblad, 73(797): 1-2, Mei 1966.
25. COETZEE, T. Pilramp bedreig S.A. jeug. Die Transvaler, 2 Mei 1974.
26. COETZEE, W.J. Geestelike weerbaarheid. Die Skoolblad, 60(6): 5-11, Junie 1972.
27. CRANSTON, M. The New Left; six critical essays. London, The Bodley Head, 1970. 208p.

28. CRONJE, G. Die formulering van gesinsbeleid.
(In Gesinskongres, Universiteit van Pretoria, 1961. Verslag. (Pretoria, 1961) pp.161-187.
29. DE KLERK, J.J. Die positivering van die gesinsnorme in die wisselwerking met die moderne samelewing. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O. 1964.
30. DE KLERK, W.J. Wat is geestesweerbaarheid? Rede gelewer op die Verkenningkursus, R.A.U., 22 Mrt. 1974. (Johannesburg, 1974) 10p.
31. DE RIDDER, J. & DE BRUYN, P.J. Stel die geeste op die proef; oor popmusiek en die opera "Jesus Christ Superstar." 3^e dr. Potchefstroom, Pro Rege, 1971. 21p.
32. DE VILLIERS, C.F., METROWICH, F.R. & DU PLESSIS, J.A. Die Kommunisme in aksie. Pretoria, Departement van Inligting, 1975. 140p.
33. DE VILLIERS, D.W. Leer lewe uit die Woord, nr. 5. Uitgegee deur die Algemene Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Bloemfontein, Die Sondagskool Boekhandel, 1974.

34. DIE BYBEL
35. DIEDERICH, N. Die Kommuniste. (In Afrikaanse Nasionale Studentebond. Heden=daagse staatkundige strominge. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1937. pp.14-27.)
36. DU PLESSIS, J.A. Die Kommuniste. (In Simposium oor die Internasionale Politiek, 4^e Potchefstroom, 1970. Magte en ideologieë van ons tyd. Potchefstroom, Sentrum vir Internasionale Politiek, P.U. vir C.H.O., 1970. pp.9-26.)
37. DU PLESSIS, J.W. Die bestendiging van geestelike waardes – die uitdaging vir ons onderwys. Die Skoolblad, 58(2): 7-8, Februarie 1970.
38. DU PLOOY, C.J.W. Jong Suid-Afrika ontleed sy taak t.o.v. die aanslae teen hom. Referaat gelewer by 'n Konferensie van Hoërskool-leerlinge, Cedara, 23 Februarie 1973.
39. DU TOIT, J.J. Vryheid en gesag in die opvoeding, histories en krities. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1952.
40. DUVENAGE, B. Die liberalistiese lewensbeskouing. (In De Klerk, W.J. Duvenage, B. & Van Wyk, J.H. Roeping en werklikheid,

Potchefstroom, Potchefstroom Herald,
1972. pp.81-105.)

41. DUVENAGE, S.C.W. Die opstandige student; 'n analise en evaluering van studente-aktivisme in die V.S.A. Potchefstroom, Pro Rege, 1973. Proefskrif ter verkryging van die graad D.Phil. (Sosiologie), P.U. vir C.H.O., 1973.) 344p.
42. DUVENAGE, S.C.W. Permissiwiteit as groeibo-dem vir misdaad. Potchefstroom, 1973. (I.B.C. studiestuk, nr. 76.) 16p.
43. ELOFF, J.J. 'n Ontleding van die emosionele probleme van die onderwyser in die klaskamer. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Unisa. Desember 1972.
44. ERASMUS, D.F. Die Christelike huisgesin. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1942. (Die ossewareeks, nr. 3.) 127p.
45. ESTERHUYSE, W.P. Filosofie van die rewolusie; die kritiese teorie van Herbert Marcuse oor maatskappy en wetenskap. Johannesburg, De Jong, 1971. 43p.
46. ESTERHUYSE, W.P. 'n Grondslag vir maatskappykritiek? (In Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Re-

formasie en revolusie. Potchef=
stroom, Potchefstroom Herald, 1974.
pp.267-279.)

47. FOURIE, J.J. Die opvoedingstaak van die ouer en onderwyser in die dekade sewentig. Fokus, 2(3): 128-148, Aug. 1974.
48. FRIIS, S.H. Die taak van die sekondêre skool m.b.t. geestesweerbaarheid van die Afrikanerjeug. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Unisa, Januarie 1974. 233p.
49. GRAHAM, B. Wêreld in vlamme. Uit Engels vert. deur T. Kriel. Kempton Park, Hart-uitgewers (s.j.) 242p.
50. GUNTER, C.F.G. Die onderwyser: Die basiese eise wat sy beroepstaak aan hom stel. Die Unie, 68(4): 147-151, Okt. 1971.
51. HART, H. The challenge of our age. Toronto, The Association for the Advancement of Christian Studies, 1968. 147p.
52. HEIDEGGER, M. An introduction to metaphysics. Tr. by Ralph Manheim. Garden City, N.Y., Doubleday, 1959. 182p.
53. HEYNS, J.A. Sterwende Christendom? 'n Teologie in die greep van die tydsgees. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1969. 184p.

54. HORKHEIMER, M. Critical theory; selected essays. Tr. by M.J. O'Connell, New York, Herder and Herder, 1972. 290p.
55. JANSSEN VAN RENSBURG, W.L. Die pedagogiese verantwoordbaarheid van kategetiese onderrig in die drie reformatoriese Afrikaanse kerke in Suid-Afrika. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., Januarie 1975. 185p.
56. JOOSTE, J.P. Die kategetiese. (In Die Koninkryk van God. Uitgegee in opdrag van die Sinodale Deputaatskap belas met die eeufeesviering van die teologiese skool. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1969. pp.247-253.)
57. JOUBERT, C.J. Die aard en omvang van jeugweerbaarheid. (In Jeugweerbaarheid. Durban, Butterworths, 1975. pp.1-7.)
58. JOUBERT, C.J. Die oorweging van 'n geestesweerbaarheidsprogram op skool, met spesiale verwysing na die inhoud daarvan. Onderwysblad, 81(845): 8-10, Okt. 1973.
59. JOUBERT, C.J. Jeugweerbaarheidspraktyk. (In Jeugweerbaarheid. Durban, Butterworths, 1975. pp.114-134.)

60. JOUBERT, J.J. Ouerverantwoordelikheid t.o.v. onderwys en opvoeding van sy kind tuis en die implikasies daarvan vir die onderwyser en die skoolorganisasie. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1972. 231p.
61. KOEKEMOER, D.J.P. Jeugweerbaarheid in die primêre skool. Onderwysblad, 82(848): 12-15, Julie 1974.
62. KOTZEE, A.L. Jeugweerbaarheid in ons skole Onderwysnuusflitse, 30: 2-7, Mrt. 1972.
63. KOTZEE, A.L. Na sekonderrig het sake net versleg. Tydskrif-Rapport, 5(23): 4 Mei 1975.
64. KOTZEE, A.L. T.O.D. Omsendminuut, nr. 6. 1972.
65. KOTZÉ, D.J. Soeklig op die Kommunisme. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1972. 43p.
66. KRUGER, H.B. Die ouer van die 21ste eeu. (In Die skool van die 21ste eeu. Potchefstroom, Christelike Opvoedkondevereniging van Suid-Afrika, 1975. pp.110-115.)
67. KRUGER, H.B. Jeugweerbaarheid. Fokus, 1(1): 60-69, Mei 1973.
68. LABIN, Suzanne. Die verowering van die gees. (In Internasionale Simposium oor Kommunisme, Pretoria, 1966. Oorlog om die

volksiel. Johannesburg, Die Nasionale Raad teen Kommunisme, 1967. pp.45-61.)

69. LEECH, K. & JORDAN, B. Drugs for young people; their use and misuse. 4th Impression, Oxford, Religious Education Press, 1970. 136p.
70. LOEDOLFF, J.F. & LOUW, D.A. Dwelmmiddels: wat, hoe en waarom? Johannesburg, McGraw-Hill, 1972. 108p.
71. MARAIS, W.D. Die vormende invloed van die gesin op die ontwikkeling van die kind. Referaat gelewer op die A.C.V.V.-Kon-gres, Cradock, Okt. 1946. (Cradock, 1946?) 24p.
72. MARCUSE, H. Counter-revolution and revolt. London, The Penguin Press, 1972. 138p.
73. MARCUSE, H. Negations; essays in critical theory. With tr. from the German by J.J. Shapiro. London, The Penguin Press, 1969. 290p.
74. MARCUSE, H. Studies in critical philosophy. Tr. by J. De Bres. Boston, Beacon Press, 1973. 227p.
75. MÜLLER, J.J. Aanslag op die jeug. Die Kerk=bode, 125(2): 44-45, 47, 10 Jan. 1973. en 125(3): 74-76, 78, 17 Jan. 1973.

76. NEL, A.J. Geestelike weerbaarheid 'n dringende noodsaaklikheid. Die Hervormer, 64(10): 13-14, Jan. 1974.
77. NEL, B.F. Die onderwyser van die 21ste eeu. (In Die skool van die 21ste eeu. Potchefstroom, Die Christelike Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika, 1975. pp.75-91.)
78. NEL, B.F. Revolusionêre tendense onder die jeug in die lig van aktuele maatskaplike-politieke denkstrominge. Tydskrif vir middelbare onderwys, 52(2): pp.2-7, September 1974.
79. NIKITIN, V. Why do atheists need atheism? Soviet Education, 13(11-12): 83-88, Sept./Okt. 1971.
80. NOEBEL, D.A. The Beatles: a study in drugs, sex and revolution. 5th print. Tulsa, Okla., Christian Crusade Publications, 1971. 64p.
81. NOEBEL, D.A. The Marxist minstrels; a handbook on communist subversion of music. Tulsa, Okla., Christian College Press, 1974. 346p.
82. OGRYZKO, I.I. Children and religion; the content of atheistic upbringing in the school. Soviet Education, 13(11-12): 5-82, Sept./Okt. 1971.

83. OLTHUIS, J.A. Hidden invaders of our homes. (In Hope for the family. Toronto, Wedge Publishing Foundation. 1971.)
84. PERRIN, W.H. Look who's killing God. Pome= ray, Ohio, Published by W.H. Perrin, 1971. 182p.
85. PIETERSE, J.E. Permissiwiteit en die jeug. Rehabilitasie in Suid-Afrika, 16(1): 25-28, Maart 1972.
86. PONT, A.D. Sensitiwiteitsopleiding. Pretoria, Christelike Kultuuraksie, 1973. (Pu= blikasie van die Christelike Kultuur= aksie, nr. 7.) 18p.
87. POTGIETER, B.J. Juweeltjies uit Breyten Brey= tenbach. Helikon, Okt. 1972. p.8
88. PRELLER, S.J. Die opvoedingstaak van die universiteit. Koers, 37(5): 349-360, April 1970.
89. PRELLER, S.J. Hoe die Christelike-nasionale lewens- en wêreldbeskouing deur die vak Biologie by leerlinge tuisgebring kan word. Onderwysblad, 74(811): 80-82, Mei 1967.
90. PRETORIUS, W.G. Die Kommunisme: Fabel en feit. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1968. 399p.

91. PRINS, M.J. Verkeerde vryetydsbesteding deur ons jeug en die gevolge daarvan. On=derwysblad, 74(810): 13-15, April 1967.
92. RANDALL, P. Opvoeding verby apartheid. Johannesburg, 1971. (Spro-cas publika=sie, nr. 5.) 91p.
93. RAUCHE, G.A. Die verskynsel van die Wêreld=kommunisme. Tydskrif vir Geesteswe=tenskappe, 14(1): 3-15, Mrt. 1974.
94. ROOS, S.G. Riglyne vir wetenskaplike funde=ring van jeugweerbaarheid. (In Jeugweerbaarheid. Durban, Butterworths, 1975. pp.27-46.)
95. RUNIA, K. De practijk (toepassing) van het Calvinisme in een gesaeculariseerde wereld. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O, 1969. (I.B.C. Simposium, 28 Augustus 1969.)
- SCHLEBUSCH, A.L. Kyk Suid-Afrika (Republiek). Kommissie van Onderzoek na Sekere Or=ganisasies.
96. SCHOLTZ, G.D. Die bedreiging van die Libera=lisme. Pretoria, Voortrekkerpers, 1965. 109p.
97. SCHOLTZ, G.D. Die proses van gelykmaking. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1968. 59p.

98. SCHOLTZ, G.D. Die stryd om die wêreld; Rusland en die Kommunisme. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1972. 561p.
99. SCHOLTZ, I.P. Besinning: Ouerverantwoorde=likheid met betrekking tot die skool. Fokus, 1(2): 91-98, Augustus 1973.
100. SCHOLTZ, I.P. Die môre van 'n volk – die jeug 'n weerspieëling van die volwassene. Handhaaf, 10(4): 21-22, Desember 1972.
101. SCHOLTZ, I.P. Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. P.U. vir C.H.O., 1973. 283p.
102. SCHOLTZ, I.P. Die ouer se taak en plek in die opvoeding en onderwys. Potchef=stroom, 1974. (COVSA Voorligtingstuk, nr. 4.) p.1-20.
103. SCHWARZ, F. Jy kan die kommuniste vertrou (.... om presies te doen wat hulle sê!) Vert. in Afrikaans deur T. Kriel. Roodepoort, Baanbreker-uitgewers, 1963. 205p.
104. SECREST, C. Those red bears in clergy collars. Tulsa, Okla., Christian Crusade Publications, 1971. 32p.
105. SKOUSEN, W.C. The naked capitalist. 5th print. Salt Lake City, Published as a private edition by the Reviewer, 1971. 144p.

106. SKOUSEN, W.C. The naked communist. 12th print. Salt Lake City, 1971. 408p.
107. SMIT, A.C.J. Geestelike weerbaarheid en kultuur. Handhaaf, 9(5): 10-12, Januarie 1972.
108. SNYMAN, J.J. "O Freunde, nicht diese Töne!" Denkproblematiek in kontemporêre musiek. (In Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Reformasie en revolusie. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1974. pp.143-162.
109. SOLZJENITSIN, A.I. Derde wêreldoorlog is reeds verloor - hoe kan vierde gekeer word? Die Transvaler, 2 Julie 1975: 11, kol. 1-7.
110. STADLER, J.H.E. Terrorisme binne die grense van Suid-Afrika met die jeug as teiken. Pretoria, Polisie Kollege (1973?) 28p.
111. STICHTING "DE NIEUWE GOLFLENGTE." Psycho-politiek - metode tot beheersing van de menslike geest. (Bloemendaal, 1971) 96p.
112. STRATING, L. Die verhouding van ouer tot kind. (In Federale Vroueraad. Die anker van 'n volk; die gesin as kerneenheid. Bloemfontein, Die Son-dagskool-Boekhandel (1958). pp.28-34.)

113. STRYDOM, A.H. Die toepassing van jeugweer=
baarheid in skole van die O.V.S. Die
Skoolblad, 60(12): 3-5, Des. 1972.
114. SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE. Spore
van Kommunisme. Johannesburg, (196-?)
31p.
115. SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onder=
soek na die Misbruik van Verdowings=
middels. Verslag. Pretoria, Staats=
drukker, 1970. 143p.
116. SUID-AFRIKA (Republiek). Kommissie van Onder=
soek na Sekere Organisasies. Derde
tussentydse verslag, (Schlebusch Kom=
missie). Pretoria, Staatsdrukker,
1972. 159p.
117. T.O.D. Handleiding vir die implementering
van jeugweerbaarheid. Des. 1972.
95p.
118. TREURNICHT, A.P. Liberalisme en Kommunisme.
(In Internasionale Simposium oor Kom=
munisme, Pretoria, 1966. Oorlog om
die volksiel. Johannesburg, Die Na=
sionale Raad teen Kommunisme. 1967.
pp.126-143.)
119. VAN DEN BERG, H.J. Sabotasie in Suid-Afrika.
(In Internasionale Simposium oor Kom=
munisme, Pretoria, 1966. Oorlog om

die volksiel. Johannesburg, Die Nasionale Raad teen Kommunisme, 1967. pp.21-44.)

120. VAN DEN BERG, J.H. Die veranderde en veranderende status en rol van die blanke onderwyser in Suid-Afrika - 'n sosio-logiese studie. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1973. 358p.
121. VAN DER SCHYFF, P.J. Aspekte van die plek en taak van die gesin in die moderne samelewing. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1973. 103p.
122. VAN DER WALT, P.J. Die Christelike gesin as vesting teen die aftakelende aanslag van buite. Gereformeerde Vroueblad, 29(4): 12-14, September 1974.
123. VAN DER WALT, T. Die Liberalisme en die nuwe Weste. (In Simposium oor die Internasionale Politiek, 4^c, Potchefstroom, 1970. Magte en ideologieë van ons tyd. Potchefstroom, Sentrum Internasionale Politiek, P.U. vir C.H.O., 1970. pp.27-38.
124. VAN DER WALT, T. Jong Suid-Afrika en die tydsges. Referaat gelewer by Konferensie van Hoërskool-leerlinge, Cedara, 23 Februarie 1975. 17p.

125. VAN DER WESTHUIZEN, P.J. Ons tugbeleid - 'n onreg teen die jeug. Onderwysblad, 73(804): 183-195, Okt. 1966.
126. VAN LOGGERENBERG, N.T. & JOOSTE, A.J.C. Verantwoordelike opvoeding - 'n fenologies-prinsipiële studie. Bloemfontein, Die Nasionale Boekhandel, 1966. 601p.
127. VAN LOGGERENBERG, N.T. Verantwoordelike oerskap. Die Skoolblad, 61(1): 1-5, Januarie 1973.
128. VAN WAARDENBERG, E.H. De zedelijke vorming als schoolpedagogisch vraagstuk. Amsterdam, Meulenhoff, (1961?) 104p.
129. VAN WIJK, T. Onderwys en onderwyser. Onderwysblad, 81(847): 13-16, April 1974.
130. VAN WYK, J.H. Die implikasie van 'n Christelike mensbeskouing vir die opvoedkunde en opvoeding. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O. (1973?) 14p.
131. VAN WYK, J.H. Die Kommunisme. (In De Klerk, W.J., Duvenage, B. & Van Wyk, J.H. Roeping en werklikheid. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1972. pp.106-142.)
132. VAN WYK, J.H. Die onderwyser in die Christelike skool. Potchefstroom, P.U.

vir C.H.O. (1973?) (COVSA studiestuk,
nr. 17.)

133. VAN WYK, J.H. Die opvoedingsleer van die
"New Left." Fokus, 1(3): 155-173,
Nov. 1973.
134. VAN WYK, J.H. Die opvoedingstaak van die
skool van die 21ste eeu. (In Die
skool van die 21ste eeu. Potchefstroom,
Die Christelike Opvoedkundevereniging
van Suid-Afrika, 1975. pp.59-47.)
135. VAN WYK, J.H. Die toring het omgeval. Die
Kerkblad, 72(2023): 8-9, 29 Oktober
1969.
136. VAN WYK, J.H. Eksistensieteologie en Gods=
diensonderrig. Ongepubliseerde D.Ed.-
proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1970.
528p.
137. VAN WYK, J.H. Horisontalisme in die weten=
skap veral soos weerspieël deur die
hedendaagse opvoedkunde. Inougurele
rede, P.U. vir C.H.O., 16 April 1971.
138. VAN WYK, J.H. Jeugweerbaarheid op skool.
Woord en daad, 14(112): 14-15, Janu=
arie 1972.
139. VAN WYK, J.H. Kommunisme en opvoeding.
Potchefstroom, P.U. vir C.H.O.,
1972. 40p.

140. VAN WYK, J.H. Ons Christelike lewensbeskouing. 'n Refersaat gelewer by die Konferensie oor Weerbaarheid, aangebied deur die P.U. vir C.H.O., 5 Okt. 1973. 16p.
141. VAN WYK, J.H. Religie, opvoedkunde en opvoeding. Potchefstroom, Pro-Rege, 1973. 96p.
142. VAN ZYL, A.J. Vryetydsbesteding. (In Federale Vroueraad. Die anker van 'n volk; die gesin as kerneenheid. Bloemfontein, Die Sondagskool-Boekhandel, (1958). pp.184-191.)
143. VILJOEN, G. Van N. Die Afrikaner se antwoord op die gevare waarvoor ons staan. Handhaaf, 11(6): 17-23, Maart 1974.
144. VORSTER, J.D. 'Die jeug: stormtroepe van die revolusie!' Roeping en riglyne, 23(2): 1, 13, Junie 1975.
145. VORSTER, J.D. Kommunisme die vuurrooi draak. Roodepoort, Baanbreker-uitgewers (1965?) 15p.
146. VORSTER, J.D. Openingsrede. (In Internasionale Simposium oor Kommunisme, Pretoria, 1966. Oorlog om die volksiel. Johannesburg, Die Nasionale Raad teen Kommunisme, 1967. pp.9-20.)